DIE VRYE AFRIKAAN | ’n Projek van die FAK

Junie 2005
Insluitend Die Vrye Afrikaan Intussen: 13 en 20 Mei
R40.00
www.vryeafrikaan.co.za
ISSN 1814-6635

INHOUD

Is Frankryk se “nee” ’n “ja” vir die Europa wat moet kom? bl. 1

“’n Groeiende gaping tussen die swart elite en die swart massa?”: ’n Antwoord aan Ntombikanina Malinga en Sipho Seepe bl. 2

Dossier 1: Die behoefte aan bruin media?

Ek sê my bra, die Ekstra is sat (enkele gedagtes rondom die behoefte al dan nie aan ’n Bruin Media) bl. 3

Moenie die bruin gemeenskap as aparte entiteit beskou nie bl. 4

Vrye Weekblad en die alternatiewe media: toe en nou bl. 5

Dossier 2: Die politiek van die ekologie

Passiwiteit is ’n wapen van massavernietiging: Ons en die ekologiese krisis, ’n standpunt bl. 6

Earthlife Africa en die president: Belange-groepe as rolspelers in die samelewing bl. 6

Artikels

Ekonomierubriek: ’n Nuwe balans tussen glo-balisering en lokalisering in Suid-Afrika? bl. 7

Thabo Mbeki as tragiese figuur: ’n Resensie van William Mervin Gumede se *Thabo Mbeki and the Struggle for the Soul of the ANC* bl. 8

Die tyd is ryp vir die revolusie (Die Plein van Hemelse Vrede, Beijing) bl. 9

Die Vrye Afrikaan Intussen

13 Mei 2005 bl. 9

Wat is in ’n naam? Nelson Mandela, Pretoria en versoening bl. 9

Barclays se oorname van Absa bl. 9

Briewe bl. 9 en 10

Ope brief deur die FAK oor moedertaalonderrig vir alle Suid-Afrikaners aan president Thabo Mbeki bl. 10

20 Mei 2005 bl. 10

Stem ‘nee’ vir die Europese Grondwetlike Verdrag! bl. 10

LE MONDE *diplomatique*
bylaag bl. 10 - 20

REDAKSIE

www.vryeafrikaan.co.za
redakteur@vryeafrikaan.co.za
Posbus 675
Durbanville
7551

Is Frankryk se “nee” ’n “ja” vir die Europa wat moet kom?

Frankryk se verwerping van die voorgestelde Europese Grondwetlike Verdrag (EGV) op Sondag 30 Mei verteenwoordig die hoogste persentasie waarmee die Franse ooit in ’n referendum “nee” gestem het. Ofskoon dit die laaste jare in Suid-Afrikaanse regeringskringe modieus geword het om Europa aan die hand van uitgediende koloniale stereotipes te verstaan, bly die Europese Unie as Suid-Afrika se grootste handelsvennoot, maar veral as die vasteland wat die meeste erns met identiteit en verskil in sy politiek maak, van die grootste belang vir Afrika en Suid-Afrika. Hoe moet die Franse stem dus verstaan word, en wat is die implikasies hiervan vir Europa?

Frankryk se verwerping van die EGV kom teen die agtergrond van ‘n sameloop van minstens drie faktore. Die eerste hiervan is dat, ofskoon die Franse media – met die belangrike uitsondering van *Die Vrye Afrikaan* se vennoot *Le Monde Diplomatique* – en die politieke klas op uitsonderings na aan die linker- en regterkant van die spektrum vir die “ja”-stem veldtog gevoer het, die EGV klaarblyklik nie met dieselfde geesdrif deur die Franse burgery bejeën is nie.

Die tweede faktor is die wyd uiteenlopende aantal instansies en figure wat gemene saak vir die “nee” gemaak het: vanaf die ver linkse kommunis Olivier Besançenot tot die ver regse populis Jean-Marie Le Pen. En waar die leierskap van die *Sosialisteparty in Desember 2004 besluit het om “ja” te stem, het 60% van die party se lede die “nee” gestem, met gerekende sosialiste soos die voormalige premier, Laurent Fabius, en die beleidmaker, Henri Emmanuelli, wat openlik “nee” gestem het.

Hierdie twee faktore – die gaping tussen elite en burgery en die gemene saak oor tradisionele verdelingslyne heen – kan slegs verstaan word in die lig van die derde faktor, naamlik die sogenaamde politieke fraktuur, oftewel depolitisering waaronder veral Wes-Europese lande sedert die tweede helfte van die 1970’s gebuk gaan. In die hedendaagse Europese politieke filosofie is hierdie by verre die tema wat die meeste aandag geniet.

Een van die maniere waarop hierdie depolitisering verstaan kan word, is as ’n gevolg van die feit dat die terreine waarop besluite werklik in Europa geneem word, algaande uit die hande van die burgery en hul tradisionele besluitnemings-instrument, die algemene verkiesing, geneem is. Minstens die volgende speel mee in die wegskuiwing van besluitnemingsterreine vanaf die burgery en die algemene verkiesing: die ineenstorting van die groot ideologieë (sosialisme, nasionalisme, liberalisme) van die 19de eeu as maniere om sin te maak van die wêreld; die toenemende burokratisering van besluitneming (waarop Max Weber al bykans ’n eeu gelede gewys het); die toenemende ekonomisering van alle lewensterreine deur hulle aan die diktate van die mark en wins uit te lewer; en, les bes, die gaping tussen die opkomende tegniese bestel en die ou politieke stelsels en hul instellings.

Veral laasgenoemde is in ’n lesing tydens die onlangse stigtingskongres van die Afrikaans-Nederlandstalige Filosofievereniging te Nijmegen, Nederland deur die tegnopolitieke filosoof, Harry Kunneman, onder die loep geneem. ’n Wesenlike aspek van Kunneman se ontleding is dat ons vandag die opkoms van sogenaamde kennisintensiewe organisasies sien, waarin elke organisasie rondom bepaalde kennis ontstaan, maar waarin ’n geïntegreerde kennisperspektief tans onmoontlik is. Die politieke ideologieë en instellings van veral Wes-Europa bly grotendeels onmagtig om hierdie situasie te hanteer, sodat die burgery dan grootskaals ontnugter word deur die politiek en gevolglik onttrek, oftewel depolitiseer.

Maar die mens is nou eenmaal ’n politieke dier, en depolitisering self gaan ook die een of ander tyd ’n politieke vorm aanneem. En dit is presies wat nou in Frankryk gebeur het – en volgens alle aanduidings – ook in Nederland met die ter perse gaan van vandeesweek se uitgawe sou gebeur, om maar te swyg oor die negatiewe sentiment in Tsjeggië en Denemarke teen die verdrag. Kortom, die Franse burgery het ’n *politieke* stem teen die *depolitisering* van die samelewing en die gepaardgaande *ontdemokratisering-deur-ekonomisering*, soos beoefen deur die burokrate van Brussel, die multinasionale maatskappye en hul partypolitieke handperde, uitgebring.

Uit die aard van die saak kan die Franse “nee” op vele maniere vertolk word, waaronder om dit te sien as die herlewing van ’n ou nasionalisme (soos op onooglike manier deur Le Pen beliggaam), of as ’n verwerping van groter Europese integrasie as sodanig. Hierdie vertolkings dra almal ’n mate van geldigheid, gesien die uiteenlopende vennote wat almal “nee” gestem het, maar die uiteindelike vertolking van hierdie “nee” sal afhang van watter *politieke handelinge* op hierdie gebeurtenis volg.

Wat veral van belang is, is dat die Franse burgerlike samelewing in samewerking met dié van ander Europese lande nou sy deelname aan die Europese projek op groot skaal sal moet hervat. ’n Nuwe Europa is te belangrik om dit in die hande van burokrate, sakelui of politieke manteldraaiers te laat: alte gou sal dit Europa na die verlede van die generaals en bloedige oorloë kan terugvoer. Daardie politieke denkers en instellings wat alternatiewe op die neoliberale konsensus onderliggend aan die huidige EGV het, sal dit by wyse van doeltreffende burgerlike mobilisering en mediakommunikasie moet laat geld. As dít gebeur, kan die Franse “nee” ’n “ja” vir Europa self wees; vir daardie Europa van demokrasie anderkant nasionalisme wat moet kom. ■

Geagte leser, in u hande hou u 20 bladsye kopie, geen foto’s, geen advertensies - uit respek vir u intelligensie. Juis daarom kos *Die Vrye Afrikaan* R40.00 per maand (in die boekhandel) of R30.00 per maand (vir intekenare). Deur dit te betaal, verseker u ons onafhanklikheid en formaat. Johann Rossouw, Redakteur.

“’n Groeiende gaping tussen die swart elite en die swart massa?”

’n Antwoord aan Ntombikanina Malinga en Sipho Seepe

Deur Johann Rossouw

Deur die vraag van “’n groeiende gaping tussen die swart elite en die swart massa?” op te neem, het sowel Ntombikanina Malinga as Sipho Seepe met skerpsinnige ontledings vorendag gekom, wat heelwat doen om klaar te speel met sommige van die gevestigde aannames wat alte maklik deel geword het van die openbare woordeskat wanneer hierdie onderwerp bespreek word.

Voor ’n antwoord aan hulle gewaag word, eers ’n kwalifikasie oor waarom *Die Vrye Afrikaan* hierdie onderwerp opgeneem het. Hierdie kwalifikasie is aan die orde omdat Malinga in die besonder in haar openingsparagrawe haar ongemak uitspreek oor die “aannames” wat klaarblyklik met die vraag gemaak word. Malinga het volkome gelyk wanneer sy die aannames onderliggend aan die opvatting van ’n groeiende gaping tussen die swart elite en die swart massa dekonstrueer en op ’n aantal probleme wys, byvoorbeeld die simplistiese wyse waarop die term ‘swart’ gebruik word, of wat bedoel kan word met die opvatting van die gaping of die aard van die groei in die gaping. Om egter die vraag te vra of daar so ’n groeiende gaping is, is nie dieselfde as om *aan te neem* dat daar so ’n gaping is nie, soos wat Malinga oënskynlik impliseer. Die feit van die saak is dat juis in die huidige Suid-Afrikaanse openbare debat die opvatting van so ’n (groeiende) gaping maklik rondgegooi word in sowel linkse geledere (Cosatu en die SAKP se woede jeens die “elitistiese” aard van swart ekonomiese bemagtiging [SEB]) as regse geledere (die siniese regse Afrikanerminderheid wat alte gereed is om SEB gelyk te stel aan die korrupsie en knoeiery elders in postkoloniale Afrika). In ’n polities brose Suid-Afrika met sy lang geskiedenis van elite-uitbuiting van die massas (wat gewis nie net altyd swart was nie, soos Malinga impliseer wanneer sy vergeet van Imperiale Brittanje se uitbuiting van Afrikaners nà die Anglo-Boereoorlog), is om nie die elite in sy jongste vorm te bevraagteken nie, nog ontverantwoordeliker as om hierdie opvatting onkrities in te span. Sover ons weet, is *Die Vrye Afrikaan* die eerste publikasie wat ’n ernstige ontleding van hierdie opvatting probeer daarstel, juis om ons verby die slordige en onverantwoordelike gebruik daarvan te voer, en ons is van voorneme om die debat oor die volgende maande voort te sit.

Afro-nasionalisties eerder as swart

Dit bring my by Seepe en Malinga se artikels. Die hoofdeug van Malinga se ontleding is dat sy ’n klassieke Marxistiese benadering gebruik om die valsheid van ’n aanvaarde groeiende gaping tussen die swart massa en die swart elite klinies bloot te lê. Ek stem volmondig saam met haar kwalifikasies van die term ‘swart’, maar ek stel voor dat ons die term ‘swart’ vervang met ‘Afro-nasionalis’, en wel om twee redes. Die eerste rede is dat die ideologiese hoofbasis van die Suid-Afrikaanse regering onder president Thabo Mbeki ’n inklusiewe Afro-nasionalisme geword het. In sy onlangse boek *Thabo Mbeki and the Struggle for the Soul of the ANC* (Kaapstad: Zebra Press, 2005) betoog William Mervin Gumede dat Mbeki opreg glo in ’n inklusiewe nasionalisme waarvan die ANC die bewaker moet wees, en waarbinne alle Suid-Afrikaanse gemeenskappe ’n tuiste behoort te kan vind. Eweneens het die ANC in ’n onlangs gepubliseerde werksdokument oor die “nasionale vraagstuk” gevra vir ’n inklusiewe nasionalisme waarvan die bevryding van “swart Afrikane” die belangrikste motief is. Met ander woorde, ’n mens word gekonfronteer met ’n inklusiewe Afro-nasionalisme wat op sekondêre vlak daarop gemik is om ruimte vir alle Suid-Afrikaners te skep, maar op primêre vlak daarop ingestel is om “swart Afrikane” te bevry.

Die tweede rede waarom ek die term Afro-nasionalisties eerder as swart voorstel, is omdat verskeie regeringsfigure oor die afgelope jaar of wat gevra het vir die bemagtiginig van “swart Afrikane” in die besonder. ’n ANC-LP het byvoorbeeld onlangs spesifiek verklaar dat die transformasie van die Springbokrugbyspan bowenal gaan oor die insluiting van “swart Afrikane” in die span. Met ander woorde, ofskoon ons intellektuele goeie rede het om te waarsku teen die simplistiese opvattings van die term swart, het die politici genoegsame rede om minder versigtig te wees. Miskien spruit die rede vir die onderliggende swartheid van Afro-nasionalisme gedeeltelik uit wat Adam Habib soos aangehaal deur Sipho Seepe uitwys, naamlik dat waar daar ’n “ontrassing van die piek van die klassestruktuur is… [word] die ander vlakke grootliks ongetransformeerd gelaat.” Soos Seepe dit stel, sal die “retoriek van die struggle steeds ’n appèl op die massa hê” solank as wat hierdie vlakke nie ontras word nie.

Malinga se ontleding

Maar nou terug na Malinga se ontleding. Die kern van haar Marxistiese toepassing op die probleem kom neer op die volgende argument: ekonomiese mag is die belangrikste vorm van mag in die samelewing. Ekonomiese mag word op sy beurt beheer deur die kapitaliste, dit wil sê “niks meer nie as enigiemand wat die produksiemiddele [grond], die verspreiding van rykdom en die instellings wat help om sodanige mag oor ander in ’n spesifieke stelsel te handhaaf, beheer.” Sy gaan voort om uit te lig dat in die klassieke sin van wat ’n kapitalis beteken, ons inderdaad baie min “swart” kapitaliste in Suid-Afrika het, met selfs die nuwe swart helde van kapitalisme soos Ramaphosa, Sexwale en ’n paar ander wat waarskynlik minder as 1% van die produksiemiddele van die Suid-Afrikaanse ekonomie beheer. (Hierdie syfer word gesteun deur die feit dat “swartes” minder as 1,6% van die Johannesburgse Aandelebeurs beheer, soos Seepe uitwys.) Of ons nou van 1% of 2% praat, bly die feit dat daar geen sprake van ’n nuwe “swart” elite kan wees nie. Ons moet eerder, verklaar sy, kyk na ou patrone van elitevorming, en of hierdie nie sedert 1994 vererger het nie, met ’n skeutjie swart bygeroer. (Hier ondersteun sy Seepe se netjiese politieke punt dat byna almal die illusie van ’n “swart elite” *polities* benodig: die ANC, ten einde te bewys dat hy die lot van sy belangegroep verbeter; die groot nyweraars, ten einde te bewys dat hulle ernstig is oor SEB; en die massa, ten einde te glo dat daar ook vir hulle hoop is.) Laastens wys Malinga op die feit van ’n groeiende swart verbruikersklas, wie se sigbaarheid waarskynlik een van die hoofredes is waarom opvattings van ’n nuwe swart elite so maklik in die openbare Suid-Afrikaanse debat aanvaar word. Nietemin, herinner sy ons, was swartmense se deelname aan die Suid-Afrikaanse ekonomie nog altyd van ’n *verbruikende* eerder as ’n *produktiewe* aard en, indien enigiets, is hierdie patroon verder gevestig sedert 1994. Die diaboliese prag hiervan is dat dit die illusie van ’n nuwe swart elite verder aanhelp sonder om enige betekenisvolle opofferings van óf die nuwe politieke, óf die ou korporatiewe meesters van Suid-Afrika te vra.

Vir ’n klassieke Marxistiese ontleding van die opvatting van ’n groeiende gaping tussen die swart elite en die swart massa sal ’n mens inderdaad ver soek vir ’n beter poging as dié van Malinga, en sy lê inderdaad bloot hoe min *ekonomies* dinge vir swart Suid-Afrikaners (swart omskryf in die inklusiewe sin wat sy in ooreenstemming met die SEB-Wet doen) verander het. Natuurlik is hierdie situasie nie volhoubaar nie, en soos Seepe ons herinner is dit “vir nou veilig om te aanvaar dat as die gaping bestaan, dit nog nie groot genoeg geword het om tot ’n opstand deur of die vervreemding van die massa teenoor die swart elite te lei nie.” Maar hoe lank kan hierdie situasie voortduur, veral as ’n mens kennis neem van die groeiende burgerlike onrus onder armes op plaaslike regeringsvlak dwarsoor Suid-Afrika (wat die Nasionale Intelligensieagentskap nou, met ietwat lagwekkende en allermins inspirerende refleksie op ons politieke leierskap) moet ondersoek?

Die gapings in Malinga en Seepe se ontledings

Om hierdie vraag te kan beantwoord, moet ’n mens verder as Malinga se Marxistiese benadering gaan, aangesien sy al die bekende tekortkominge van ’n Marxistiese ontleding dupliseer: die oorskatting van *ekonomiese* mag ten koste van *simboliese* mag; die faling om ’n greep te verkry op die aard van ’n moderne *hiperindustriële* eerder as klassieke *industriële* ekonomie; en die onderspeling van die *veranderende aard* van die Suid-Afrikaanse staatskorporatiewe bestel. Laat ek aan die hand van drie opmerkings probeer illustreer wat ek bedoel:

1) Die oorskatting van ekonomiese mag ten koste van simboliese mag: In haar ontleding van wat die elite is, verwys sy na rykdom as “die vermoë om bevoordeling te geniet en om huidige en *opperste* mag uit te oefen” (my klem). Nou is die feit van die saak dat as ekonomiese mag so bepalend was in samelewings, ’n land soos Indië, wat ekonomiese ongelykheid waarskynlik vir langer as enige ander land ter wêreld gehandhaaf het, lank gelede sou ontplof het. Die belangrikste rede waarom Indië betreklik stabiel gebly het, is die rol wat religie gespeel het om mense te help om hul lyding en armoede te verduur. Dit is nie om dowe neute nie dat twee van die wêrelde se grootste religieë, Boeddhisme en Hindoeïsme, beide gebore is in die Indiese stad Benares, met Boeddhisme wat byvoorbeeld lyding as sy vertrekpunt neem. Laat ons nie vergeet nie dat Suid-Afrika een van die mees religieuse lande ter wêreld is, en dat dit ongetwyfeld help om te verduidelik waarom soveel Suid-Afrikaners nie lank gelede teen hulle materiële ontbering in opstand gekom het nie. In ’n sin lei religie ’n mens selfs dikwels daartoe om betekenis in lyding te vind (wat Lenin natuurlik daartoe gevoer het om dit as die opium van die volk te sien, en in die proses religie ietwat te verskraal). Religie is natuurlik slegs een vorm van simboliese mag, soos ons by die oorweging van my tweede opmerking kan sien:

2) Die faling om ’n greep te verkry op die aard van ’n hiperindustriële teenoor ’n klassieke industriële ekonomie: Ofskoon kommentators soos Moeletsi Mbeki uitgewys het dat Suid-Afrika se industriële kapasiteit oor die laaste dekade of twee gekrimp het, moet ’n mens hierdie krimping kwalifiseer. In die klassieke (Marxistiese) sin het Suid-Afrika twee groot vlae van industrialisering ondergaan. Die eerste een is gelei deur die Britte vanaf die 1870’s nà die ontdekking van diamante en later goud. Die tweede een was deur die Afrikaners vanaf die 1930’s nà die

Redaksionele Raad:
Hennie de Wet
Pieter Duvenage
Danie Goosen
Hermann Giliomee
Roland Henwood
Kallie Kriel
Lawrence Schlemmer
Marinus Schoeman

Redakteur:
Johann Rossouw

Redaksie:
Elirea Bornman
Carel (iv) Boshoff
Francois Bredenkamp
Ampie Coetzee
Heilna du Plooy
Amanda du Preez
Deon Geldenhuys
Koos Malan
John Miles
Desmond Painter
Dioné Prinsloo

Bladuitleg:
Hermien Brits

herstel van mineraalpryse nà die Groot Depressie. Beide hierdie vlae van industrialisering het ook ’n *simboliese politiek* vergesel, naamlik eerstens, om die grootsheid van die Britse Ryk teenoor die plaaslike “agterlike inheemse inwoners” te bevestig en tweedens, om die stand van Afrikaners teenoor die Britse Ryk asook die ander “agterlike” inheemse groepe te bevestig.

Ofskoon Suid-Afrika se industriële basis vanaf die 1980’s gekrimp het, het die land egter ’n *derde* vlaag van industrialisering betree, alsy dit ’n vlaag van *hiperindustrialisering* (om die term te gebruik wat Bernard Stiegler inspan in sy boek *De la misère symbolique: 1. L’époque hyperindustrielle* [Oor simboliese ellende: Die hiperindustriële epog], Parys: Gallimard, 2004). Stiegler se betoog is dat, waar verskeie kommentators vanaf die 1960’s verwys het na ’n postindustriële ekonomie met meer ontspanningstyd vir die outonome individu, het ons in feite die opkoms meegemaak van ’n *simboliese ekonomie* waarin die aandag van die individu die belangrikste kommoditeit word in die globale mark van bewussynsinhoude soos rolprente, televisieprogramme, sport, musiek ens. Die opkoms van hierdie simboliese ekonomie geskied op die rug van ’n massiewe groei in hiperindustriële kapasiteit, vernaamlik in die kommunikasiebedryf.

Sedert die eerste vlaag van Suid-Afrikaanse industrialisering het Suid-Afrika nog altyd ’n merkwaardige vermoë vir die invoer en plaaslike toe-eiening van tegniese stelsels vertoon. Die derde vlaag van (hiper)industrialisering wat Suid-Afrika vanaf die laat 1980’s ervaar het en wat eers werklik onder die huidige Afro-nasionaliste op dreef gekom het, was geen uitsondering op hierdie reël nie. Die hart van die Afro-nasionalistiese projek is van ’n simboliese aard, naamlik die herbevestiging van die waardigheid van Afrika en “swart Afrikane”, alombekend as die Afrika-Renaissance. In die uitvoering van hierdie projek het die Afro-nasionaliste geen taak te veeleisend geag nie, met swaar beleggings in vervoer, kommunikasie en elektrisiteit, oftewel presies daardie sektore wat van lewensbelang vir die hiperindustriële ekonomie is. Dit is ook waarom Telkom, die SAUK en Transnet so strategies belangrik vir die huidige staat is. Natuurlik is hierdie sektore ook handig vir die veelgeroemde openbare-private vennootskappe, oftewel die staat- en korporatiewe sektore wat hande vat vir die groei van die Suid-Afrikaanse *simboliese ekonomie*, soos versinnebeeld deur die klem op toerisme as nywerheid van globale ekshibisionisme en toeskouerskap. Marx het nooit voorsien dat die staat in ’n stadium die belangrikste agent in die industriële ekonomie sou word nie, en ’n mens kan maar net raai wat hy sou sê ten aanskoue van die huidige Suid-Afrikaanse staat synde die voorste *simboliese produsent* (met al die implikasies vir die aanwending van swart verbruikende deelname aan die ekonomie as platform), eerder as om te probeer om dít te verander! Ter versagting moet ’n mens minstens Marx en Engels dit ter ere nagee dat hulle moontlik iets hiervan voorsien het toe hulle in die Kommunistiese Manifes geskryf het: “Alles wat heilig was, word ontheilig”.) Die hoofproduk van hierdie simboliese ekonomie, afgesien van ’n bra elitistiese opvatting van Afrika (gesentreer rondom die staatskorporatiewe sektor eerder as om gemeenskappe), is natuurlik die fiksie van ’n gesentraliseerde Suid-Afrikaanse nasie (eerder as ’n nasie van gemeenskappe). “Simunye, we are one”. Inderdaad. En hier bestaan ’n baie reële gaping tussen die Afro-nasionalistiese simboliese produsente en die verbruikende massa, wie se bewussyne vrugbare grond is vir die betekenislose programme wat in hulle gestort word, vanaf globale handelsmerke tot betekenislose “musiek”, vanaf eensydige nuusuitsendings tot selfoonmitologie. Praat van opium vir die volk.

3) Die onderspeling van die veranderende aard van die staatskorporatiewe bestel: Beide Malinga en Seepe wend byna geen poging aan om te teoretiseer oor die aard van die Suid-Afrikaanse staat nie, ’n magtige koloniale uitvinding as daar ooit een was. Gedagtig aan die feit dat hierdie staat by verre die belangrikste politieke instrument in Suid-Afrika is, kan ’n mens dit nie buite die vergelyking laat wanneer jy eliteformasies probeer verstaan nie, veral as jy in gedagte hou dat die einste Afrikanernasionaliste wat die morele hoëgrond en die staat in 1948 tot hulle beskikking had, teen die vroeë 1960’s reeds die slagoffers was van ’n nuwe eliteformasie (oftewel die Super-Afrikaners wat by die bestaande elite aansluit, om nou ’n blaadjie uit Malinga se boekie te neem).

Die veranderende aard van die Suid-Afrikaanse staat

Die sleutel vir die verstaan van die veranderende aard van die Suid-Afrikaanse staat lê eerstens daarin om onsself te herinner dat hierdie staat ’n koloniale skepping is en, tweedens, dat die koloniale patroon van ’n elite versus die massa nie verdwyn het nie – inteendeel. Die basiese oogmerk van die Suid-Afrikaanse koloniale staat was om ’n klein elite te begunstig te koste van die ander gemeenskappe in die land. Hierdie elite was nog altyd verbind met ’n politiek van identiteit: Britse Imperialisme, Afrikaner-nasionalisme, en nou Afro-nasionalisme (laasgenoemde synde inklusief en voorgenoemde eksklusief, maar nie noodwendig op die lange duur verdraagsamer of meer demokraties nie). As demokrasie gaan om die stem van die mense, dan is die huidige staat net so koloniaal as sy voorgangers, indien nie erger nie. Die rede hiervoor is dat, in ’n land so uitgestrek soos Suid-Afrika, demokrasie die oorwinning van afstand beteken. Slegs wanneer ’n mens nie meer die slagoffer van afstand is nie, wanneer jy *mobiel* en *hoorbaar* is, kan jy volledig deelneem aan die ekonomie, materieel en *simbolies.*

In die geskiedenis van Suid-Afrika sedert 1652 het diegene wat vervoer en kommunikasie beheer het, nog altyd die land beheer. Die Britte het byvoorbeeld ’n nasionale vervoernetwerk in die sentrum van hul industrialiseringspogings geplaas, net soos die Afrikaners nasionale padnetwerk in die sentrum van hulle s’n geplaas het, en die ANC lugvervoer en televisie in die sentrum van hulle s’n plaas. Die netto-effek in die huidige Suid-Afrika is dat die staat in samewerking met die korporatiewe sektor massief belê in vervoer en kommunikasie, maar dat die massas in die landelike areas so immobiel en stemloos as altyd is, terwyl in die stedelike areas geselsradio en televisie nie juis bydra tot deelnemende in plaas van verteenwoordigende demokrasie nie. *Die koloniale gaping van mobiliteit en kommunikatiwiteit word gehandhaaf, en sodoende word die gaping tussen ’n hoorbare, mobiele elite en die stemlose, immobiele massa groter*. Afro-nasionalisme speel ’n sentrale rol in hierdie politiek van mobiliteit en kommunikatiwiteit, en as “swart Afrikane” sou eindig as die finale verwysingspunt van transformasie, sal die ou rassemotief in Suid-Afrika gereproduseer word ten koste van wat die eintlike oogmerk van demokratisering en ekonomiese bevryding in Suid-Afrika moet wees: om *die gaping tussen die ingevoerde tegniese stelsel en die inheemse gemeenskappe* te sluit. Maar hiervoor moet ’n mens jou wend na die kragtigste (en mees verwaarloosde) werktuig vir tegnologiese toe-eiening en, inderdaad, politieke transformasie: *ons inheemse tale*. ■

● *Dossier 1: Die behoefte aan bruin media?*

Ek sê my bra, die Ekstra is sat

Enkele gedagtes rondom die behoefte al dan nie aan ’n Bruin Media

Deur clinton v. du plessis, digter en skrywer

Ek skryf uit die hart uit, maar begin my aanloop so met ’n ompad.

Aanvanklik het ek die grootste Afrikaanse Sondagkoerant ter wêreld gelees oor dié se puik artikels rondom skrywers en kulturele (met ’n kleinletter) aangeleenthede - die glorieryke dae van Brink se ongebreidelde boekbewind, Coenie Slabber se brokkighede, ’n foto van Dan Roodt met tandeborsels in sy mond en die soms skurwe agterbladstories oor Glenda Kemp wat stuitlik haar slang aan haar boesem koester, iewers in die glorieryke goudvelddorpies.

Rugby, braaivleis, sunny skies, Chevrolet en…

Julle sal leer om gehoorsaam te wees,
Gehoorsaam en onderdanig
En julle sal die Taal leer gebruik,
Onderdanig sal julle dit gebruik
Want in ons lê die monde
Met die gif in die klop en die spoel van die hart.
[Uit: (taalstryd) deur breyten breytenbach]

Maar ek het ook die koerant gelees oor die Ekstra, wat later die Metro geword het en uiteindelik - in die lingua franca aan die ander kant van die land – ook nou sat is. Vir diegene wat nie weet nie, die Ekstra was net wat sy naam gesê het - so ’n stukkie ekstra ingegooi saam met die lywige res van die koerant vir sy bruin en blykbaar ook baie wit lesers (Danie Botha het iewers op ’n skrywerssimposium dit aan die groot klok gehang dat ook hy gereeld Suster Wagner se raad gelees het)! Small comfort vir die coloureds…

Casspirs, cape flats, contented coloureds en…

Ons is oud
Ons taal is ’n grys reserwis van meer dan honderd jaar
Met die vingers styf om die snellers -
En wie sal soos ons kan sing
Wanneer ons nie meer daar is nie?
[Uit: (taalstryd) deur breyten breytenbach]

Twee wêrelde – een taal.

’n Aanhangsel vir die Bleek-Broeders-in-Beheer

Ons was maar altyd vir die Bleek-Broeders-in-Beheer ’n aanhangsel gewees, die deel wat hulle – as dit hulle pas, kon ontbeer – nooit sou ons kon hoort, sou ons deel kon wees van die groter geheel nie.

[Een van die destydse joernaliste van die Baster-blad was Melvin Whitebooi (bykans elke tiener het ’n plakboek gehad met knipsels lirieke van die jongste pop-treffer, alles danksy “Pop met Melly”). Whitebooi het ook baie gedoen om aan townshipskrywers se werk ruimte te gee, terwyl die res van die media hulle net eenvoudig geïgnoreer het. Ongelukkig doen hy deesdae vir die Kaapse Son opsienbarend verslag oor die bestaan van, onder meer, ’n sogenaamde “Doosbende” (kyk of u iewers so twee weke gelede se Son kan kry en lees self.)]

Dit is met dié beelde in my onderbewussyn dat ek standpunt probeer inneem oor of daar wel nog enigsins gehunker moet word na iets soos ’n Bruin Media.

Die gemaklikste argument sou wees om net doodeenvoudig te sê dat enige poging om aan so iets gestalte te wil gee, net weer ’n teruggryp sou wees na ’n era wat verby is, maar is dit werklik so eenvoudig?

Ek dink die kern van die probleem lê by iets wat Steve Biko ín sy boekie, *I write what I like*, aanraak :

Now then comes the analysis. Can we in fact crack this cocoon, you know, to get whites away from the concept of racism, ***away from the concept of monopolising the privileges and the wealth onto themselves*** *(my kursivering) without necessary being together? Can you preach to them in other words as individuals? Now our belief is that white society will not in fact listen to preaching. They will not listen to their Liberals. [p149,150]*

Tussen Biko se kortstondige lewe en die hede het daar natuurlik baie water (en bloed) in die see gevloei, maar is dit waarop hy toe sy vinger geplaas het, nie maar nog steeds die probleem nie? As ek so om my kyk na die media – en dan veral die Afrikaanse media – kan ek nie anders nie as om tot die slotsom te raak dat daar nog steeds ’n monopolisering van voorregte en welvaart is.

Om egter te probeer om ’n Bruin Media (hoofstroom) op die been te bring, skyn om twee belangrike redes nie haalbaar te wees nie.

Eerstens is dit in die huidige opset nie polities korrek (vir die nuwe, gedienstige broers) nie, en tweedens glo ek nie die idee is ekonomies haalbaar nie.

In plaas daarvan om te dink aan ’n Bruin Media (alhoewel ek sommige mense se frustrasies in die verband kan verstaan), waarom nie net eenvoudig die legitieme aspirasies van die bruin Afrikaanssprekendes met groter ywer binne die bestaande strukture laat geld nie?

Binne die bestaande mediastrukture

Ek sou graag wou sien dat die niebleek gedeelte van die Afrikaanse taalgemeenskap tot hul volle reg binne die bestaande mediastrukture kom. Maar daar is ’n belangrike voorbehoud,

Vervolg op bladsy 4...

Moenie die bruin gemeenskap as aparte entiteit beskou nie

Deur Elias P. Nel, skrywer van onder meer Mafoiings opVerneukpan *(Kaapstad: Tafelberg, 2001)*

Daar word al ’n geruime tyd betoog dat die media meer aandag moet skenk aan die kwessies wat vir bruinmense belangrik is. So ’n stelling bring onmiddellik ’n nuwe dimensie aan die problematiek oor presies waar bruinmense binne die Afrikaanse gemeenskap staan. Moet daar weer teruggeval word op die dae van Die Burger Ekstra en Rapport Ekstra, waarin bruinmense se gemeenskapslewe apart, afsonderlik en gesegregeerd aangebied is? Staan bruinmense se belewenisse en kwessies na tien jaar binne die nuwe politieke bestel nog steeds buite die Afrikaanse media se dekkingsveld? Is al wat nuuswaardig is, die gevolge van sosiale en morele verval wat in ieder geval die nagevolge van apartheid is? Die beywering vir die volledige opname van bruinmense binne die Afrikaanse media en uitgewersbedryf moet nie die verwesenliking van Treunicht se “Kleurling-tuislandbeleid” wees nie. Dan boer ons agteruit en sluit ons juis die mense wat ons veronderstel is om te help, van die hoofstroomaktiwiteite binne die Afrikaanse taalgemeenskap uit.

Die uitgewersbedryf vandag

As ons kyk hoe die uitgewersbedryf vandag daar uitsien, kom dit duidelik na vore dat daar nie veel gepresteer is ten opsigte van die opneem van sogenaamde “bruin skrywers” nie. (Ek verafsku die terminologie en gebruik dit slegs terwille van die betoog.) Sedert 1994 het enkele skrywers, van wie heelparty opsienbarende tekste geskryf het, tot die mark toegetree. Die oorgrote meerderheid aspirantskrywers staan egter nog steeds met hul manuskripte onder die arm en hoop op beter dae. Daar is ook die beskuldiging dat diegene van ons wat wel in die hoofstroom gepubliseer het, bloot ’n soort kwotaskrywer is. Die beskuldiging kom ironies genoeg van mense wat hulle daarvoor beywer dat hoofstroomuitgewers meer toeganklik vir die totale Afrikaanse skrywerskorps moet wees!

Kwela Boeke onder die dinamiese leiding van Annari van der Merwe het veel gedoen om skrywers uit die bruin gemeenskap te laat publiseer. Ons glo dat hierdie tendens sal voortduur noudat Nelleke de Jager die leisels oorgeneem het. Die goeie werk wat Kwela doen, word deur buitestaanders en skrywers wat wel daar gepubliseer het, ongedaan gemaak deur ondeurdagte beskuldigings en uitsprake. ’n “Wit” skrywer wou op ’n dag van my weet: “Wat is die naam van julle uitgewery nou weer?” Die vraag het my laat terugdink aan die jare toe ek by deure weggewys is omdat “julle ingang daar agter is.” Sommige Kwela-skrywers voel dat daar ’n etiket om hul nekke hang, dat hulle naamlik die skrywers is wat nie by ’n “wit uitgewery” kan of mag publiseer nie. Wat die mense klaarblyklik nie besef nie, is dat dit nie saak maak WAAR jy publiseer nie, maar eerder WAT jy publiseer! En hier het Kwela die toets deurstaan, want na my beskeie mening is die meeste van hul publikasies die moeite werd.

Politiek in die publikasiekeuse?

Is daar nog politiek betrokke by die keuse van wat gepubliseer kan word, en wat nie? Die uitgewers sweer hoog en laag “nee”. Swart Afrikaanse skrywers sê “ja”, want ons stories is nog nie deur ons self vertel nie. Brink, Joubert en ander kan nie ons storie vertel soos ons dit self kan doen nie. Hans du Plessis het op ’n dag gesê dat die letterkunde ook ’n soort Waarheid-en-Versoeningsproses nodig het, waar skrywers oor die hele spektrum hul stories kan vertel. Miskien is dit juis wat nou gedoen moet word, want deur so ’n proses leer ons mekaar werklik ken. Intussen doen die skrywers wat weggewys word dit wat enige normale mens sou doen. Hulle gee hul boeke self uit. My boekrak kreun behoorlik onder al die selfpublikasies wat skrywers aan my skenk of verkoop, of wat ek terwille van die saak self aankoop. Tussen tagtig en negentig persent van die selfpublikasies is nie die papier werd waarop dit gedruk is nie. En dis waar die probleem lê: om die skrywers wie se werk enigsins moontlikhede toon, aan ’n ontwikkelingsprogram te onderwerp. Uitgewers was hul hande in onskuld en sê dat hulle doodgewoon net nie die tyd, geld en personeel het om die ontwikkeling te doen nie. Organisasies wat van die dakke verkondig dat Afrikaans hul erns is, is ook maar traag om werklik volhoubare ontwikkeling in die verband te doen. Die ATKV se skryfskool op Potchefstroom doen baie in die verband, maar dis baie duur, veral vir diegene buite die Noordwesprovinsie. Die ander dagkursusse is in wese niks anders as oriënteringskursusse nie. Kreatiewe skryfwerk is ’n wetenskap, en om te glo dat dit moontlik is om alles in een dag oor te dra, is om die kursusgangers en jouself te bedrieg.

Ek pleit al sedert my dae as voorsitter van die Afrikaanse Skrywersvereniging vir ’n sentrale fonds wat skryfontwikkeling in die Afrikaanse taalgemeenskap sal bedryf. Tot so ’n fonds moet alle raasbekke oor Afrikaans dan bydra: uitgewers, die media, Afrikaanse Departemente aan universiteite, taal- en kultuurorganisasies, provinsiale en nasionale regeringsdepartemente van Kuns en Kultuur, en almal wat iets vir die taal voel. So ’n fonds kan na gelang van die behoefte oral in die land intensiewe werkwinkels aanbied. So kan skrywers ontwikkel word wat hulle nie oor hul skryfwerk hoef te skaam nie. En dis nie net tot voordeel van die bruin Afrikaanse gemeenskap nie, dit dien die hele Afrikaanse taalgemeenskap. En so word skrywers uit die bruin gemeenskap deel van die totale Afrikaanse gemeenskap. Kyk gerus na die publikasies wat onder die naam van die Afrikaanse Skrywersvereniging gepubliseer is terwyl ek nog die voorsitter was. Hier is skrywers van oor die hele literere spektrum saamgetrek, sowel beginners as gevestigde skrywers, maar veral is die kleurgrens ook oorgesteek!

Dat daar gewis nog veel te doen is om ’n leeskultuur in die Afrikaanse gemeenskap en veral in bruin gemeenskappe te vestig, is ’n onbetwisbare feit. Maar wat staan ons te doen om mense aan die lees te kry as die pryse van boeke buitensporig hoog is en die oorgrote deel van die gemeenskap dit eenvoudig net nie kan bekostig nie? Hierin lê die uitdaging. Om kreatiewe skryfwerk so bekostigbaar moontlik beskikbaar te stel. Soms wens ek dat die tydskrif “Ons leer mekaar” nooit ophou bestaan het nie. Die tydskrif was bekostigbaar en het oor kwessies gehandel wat die bruin gemeenskapslewe in wese raak. Daar was selfs ook ruimte vir kreatiewe skryfwerk. Vandag sal so ’n tydskrif uiteraard nie net oor die “bruin” kwessies moet handel nie, maar die fokus moet juis die bymekaarbring van die Afrikaanse spraakgemeenskap wees. So kry ons mense aan die lees, kweek ’n boekehonger, en kort voor lank sal diegene wat dit wel kan bekostig, stelselmatig begin begroot om een of twee boeke per kwartaal te koop. Nou hoor ek al hoe diegene wat elke maand vyf, ses boeke koop van verontwaardiging snork en kla dat dit nou nie juis veel sal help nie. Dit kan en sal help om die kwynende Afrikaanse boekemark weer aan die gang te kry. Die punt is net: iewers moet iemand met innoverende visie en geld opstaan en so ’n projek van stapel stuur! Maar wat doen ons? Ons gaan sit in hoekies en ween bitterlik oor die afsterwe van ons arme taaltjie en ons arme ou Afrikaanse boekietjie wat nie ’n kans op oorlewing gegun word nie!

My pleidooi is dat die bruin Afrikaanse gemeenskap nie in die hele uitgewersbedryf, boekemark en publikasiewese as ’n afsonderlike entiteit beskou en behandel moet word nie. Hoe gouer ons dit besef, hoe gouer sal ons taal, ons Afrikaanse gemeenskap en ons land gesond word! ■

Ek sê my bra, die Ekstra is sat

Vervolg vanaf bladsy 3...

en ek is weer terug by Biko:

Now has come the time when we as blacks must articulate what we want, and put across to the white man, and from a position of strength begin to say – “Gentleman, this is what we want.” “This is where you are, this is where we are. This is what we want.”[150]

Met ander woorde, die bruines met die kundigheid (en waar nodig moet kundigheid oorgedra word) moet in posisies geplaas word waar hulle ’n noemenswaardige en betekenisvolle rol kan speel - nie as ondergeskiktes wat altyd net moet voel “ek het saam met die baas gekom nie” maar vir ’n verandering “hier is ek baas.”
Die meeste Afrikaanse koerante het ’n beduidende bruin leserskorps (ongelukkig het hulle nie die ekonomiese spierkrag om die advertensieruimtes te vul nie) maar dit is nodig dat ’n hele paar ongemaklike vrae gevra moet word:

- Waarom het dit bykans tien jaar geneem voordat Die Burger (Oos-Kaap) ’n niebleek redakteur kon kry?
- Hoe lank nog moet Henry Jeffreys adjunk- of assistentredakteur van Beeld bly?
- Hoe lank nog moet ek op die “Wie-is-ons”-skakel op Litnet klik en sien hoe bleek is Ons Taal?
- Hoe lank nog gaan dieselfde televisieregisseurs dieselfde patetiese Blonde Ambisies in ons keelgatte afdruk?
- Hoe lank nog, voordat daar meer bruin rubriekskrywers in Huisgenoot opgeneem word?
- Hoe lank nog moet bleek die grootste gemene deler wees as dit by Afrikaans kom?
- Hoe lank moes Kirby van der Merwe assistentboekeredateur by Insig bly?

En ja, daar is ook ’n *anner Afrikaans vannie Kaap* - een wat heel cooler sound as die van al die bleek wannabee-pop-stars met hulle boring nasal songs en amazing venues? [en Eben Jansen kan nog baie leer, maar hy klink darem beter as Kim Cloete!] Hoekom bestaan daar nog nie ’n volledige roman in Kaapse Afrikaans nie?

Die tyd het aangebreek dat bruines daadwerklik deel moet word van ook die ekonomiese voordele wat binne die Afrikaanse media bestaan. Daar bestaan ’n geïnstitusioneerde waardestelsel wat steeds die ruimte skep vir selektiewe bevoordeling.

Afrikaans sal lewensvatbaar moet wees, want op die filantropie van die here van Naspers, wat vet en ryk geword het van die eksploitasie van die Afrikanerdom, hoef niemand te hoop nie. Met vriende soos Naspers het Afrikaans geen vyande nodig nie.

[Gerrit Komrij, soos aangehaal op p. 16 van die Lente 2004 uitgawe van De Kat]

Moet op prinse en direkteure met aandeelopsies nie vertrou nie!
Tot nou toe word so een of twee nieblekes nader geroep, voelend dat hulle net “geakkommodeer” word, om hoed-in-die-hand en skugter hul voete onder die tafel te kom insteek, maar iemand moet hard en duidelik aan die gasheer sê: hierdie tafel behoort ook aan ons, ons het ’n reg om hier te wees – te deel, want dit was nooit net joune nie:

hulle kom, hulle sal kom en julle sal
kaal uitgetrek word,
blootgestel aan die uiteinde van te veel
vergrype
en die vetjaar dekades se wegsteek-
lewe agter gerookte oë
om nou van aangesig tot aangesig die
mens te aanskou
-skelet, plooi, flikkering van liefde –
soos in ’n helder spieël.
[Uit : hulle sal kom, breyten
breytenbach]

Maar dit is ook hoog tyd dat bruines ophou om fatalisties rondom braaivleisvure te bitch en alle pogings om deel te word, met skeptisisme te bejeën. Kom ons eis ons regmatige pond vleis op.

Hierdie mag dalk net die laaste geslag wees wat nog ’n flenter omgee vir die Taal – ek sê my bra, Afrikaans is sat, of hoe? ■

Vrye Weekblad en die alternatiewe media: toe en nou

Deur Hans Pienaar, joernalis en voormalige werknemer van Vrye Weekblad

Dis in die mode hier en oorsee om in die media op die jare tagtig te fokus. Maar veral hier te lande was dit 'n unieke dekade, wat met betrekking tot mediadekking in baie opsigte eitlik nie bestaan het nie, vanweë al die sensuur en waninligting van alle kante af. 'n Mens kan die middelpunt van hierdie dekade maar ewe goed stel op die jaar 1984, die jaar van George Orwell se roman. Die roman waarin die geskiedenis daagliks herskryf word deur 'n groot burokrasie.

In 1984 het ek by die *Sunday Times* gewerk. My joernalistieke loopbaan het eintlik by Beeld begin. Ek het werk daar gekry as student nadat ek by Tukkies geskors is, saam met die redaksielede van die literêre tydskrif *Vlieg*: mense soos Koos Prinsloo, Johann de Lange en Johann Marais. *Vlieg* is deur die nasionale sensors verban omdat Koos die woord "poes" gebruik het in 'n storie, en Johann geskryf het oor gay seks. Omdat ek die redakteur was, is ek verbied om aan enige studentepolitiek deel te neem.

Beeld het oor die storie berig, en op allerlei maniere hul simpatie met my betuig. Hulle het my selfs 'n beurs gegee, én werk as student. Baie mense by *Beeld* het hulself as liberaal gesien, en sulke gebare teen sensuur is as die bewys daarvan vertolk.

Ek sal *Beeld* ewig dankbaar bly vir 'n baie goeie opleiding. Ek het uiteindelik sensuur my portefeulje gemaak en het selfs 'n klein naampie onder lesers verwerf vir die humor wat ek in my stories oor die Appèlraad op Publikasies gesit het.

Maar terwyl ek my beurs afgewerk het, het dit duidelik geword dat dit 'n skyngeveg was. Kulturele sensuur, ja, dit was *Beeld* se vyand, maar op politieke gebied was dit 'n ander saak. Die regering se rassebeleid is klakkeloos verdedig, en ek is oor die kole gehaal as ek te lank bly skryf het oor dinge soos die verhoor van Azapolede. En my kopie is gereeld herskryf.

Meer openheid in die Engelse pers?

Ek het uit protes bedank en my na die *Sunday Times* begewe, in die naïewe geloof dat die Engelse pers teen die regering gekant was. Een van my eerste opdragte was om CNN se reeks internasionale debatte oor Suid-Afrika te dek. Dit was 'n groot oomblik. Ek sou vir niemand minder nie as die beroemde Ted Koppel tee aandra!

CNN was nog maar 'n paar jaar oud en was die heel eerste reeks van sy soort. 'n Mens kan dit selfs sien as die begin van die huidige fase van globalisering - as jy wil, die eerste ingryping deur 'n internasionale korporasie in die politiek van 'n land.

CNN het 'n ateljee by die SAUK gehuur, en ons persmense is oorgenooi om die eerste debat te gaan beleef tussen twee joernaliste, Otto Krause en Percy Qoboza. Maar ons moes eers in die voorportaal wag, en daar was hierdie lekker lang bank, en ek het daarop gaan lê en aan die slaap geraak.

Ek is wakker gemaak deur twee driftige stemme. Die een was Otto s'n, en die ander het behoort aan Christo Kritzinger, ek dink hy was die hoof van nuus. Hulle het my nie gesien nie, want ek was agter die rugleuning. Ek het maar bly lê uit respek vir my meerderes. Dus kon ek regtigwaar nie verhelp om hulle te hoor koukus oor die manier om die debat aan te pak nie.

Otto was erg omgekrap. Hy het gevoel alles was teen hom gelaai, en Christo het gesê hulle sal iets moet doen. Ek het natuurlik my ore gespits. Wat gaan hulle doen? Die kragprop uittrek? Ted Koppel het vroeër in 'n oomblik van senuwees aan my beken dat CNN bang was die regering gaan die satelliettoevoer afsny.

Otto en Christo is daar weg voor ek hulle plan kon hoor, en ons is op na die galery. Otto en Percy Qoboza het op die verhoog gaan sit. Net voor hulle sou begin, is hulle gevra om 'n laaste toets te doen deur mekaar te groet.

Otto het gesê: "Percy, jou kaffer." Ek het onmiddellik besef: dit was Otto en Christo se plan. In die heel eerste debat tussen opponerende kante op internasionale TV was dit die eerste woorde wat oor die lug gekom het. Almal was natuurlik geskok, en vir 'n oomblik het dit gelyk of Percy gaan opstaan en uitstap.

Ek vertel hierdie staaltjie in die lig van die huidige twis oor haatspraak en rassisme. Dit was hoe dinge toe was. Ek dink ons het almal al vergeet hoe fel die rassisme van daardie tyd was. En die k-woord was die hoofwapen. Gebruik hom net teen enige swart teenstander, en die stryd was halfpad gewonne.

Dié soort ding het geweldige skade aangerig, waarvan die meeste swartmense van daardie geslagte nog lank nie herstel het nie. Ek werk met mense van alle soorte op 'n intieme, daaglikse basis. Soms is hul reaksie teen rassisme oordadig en oordrewe, maar 'n mens kan eenvoudig nie onaangeraak staan deur die wonde wat elke keer weer oopgaan nie. Ek is nogal gevoelig vir die argument dat apartheid neergekom het op 'n soort psigologiese volksmoord.

Roodt: "Gooi die man uit"

As iemand soos Dan Roodt dus dinge kwytraak oor sekere rasse wat minderwaardig is en oor die tuislande wat so goed vir mense was, is 'n mens se eerste reaksie nogal: maar gooi die man uit, dryf hom uit in die koue. Hy weet nie wat aangaan nie.

Maar ek het nie my staaltjie oor CNN klaar vertel nie. Percy Qoboza het nie opgestaan en uitgestap nie. Hy het Otto so aangekyk en toe uitgebars van die lag. Die hele galery het saamgelag. Ek onthou ek het nog 'n nota gemaak dat Anton Harber, redakteur van die *Weekly Mail*, ook gelag het. Die debat het onmiddellik daarna begin, en as jy vandag na die opnames gaan kyk, sal jy sien Otto en Percy was verskriklik ernstig.

Moet ons vir Percy navolg en liewers vir Dan Roodt lag? Dis een moontlikheid. Soos dit vir my lyk, het baie mense dit juis voorgestel, en ek moet erken ek het nie die hele twis gevolg nie.

Is dit die antwoord? Miskien moet ek my storie verder vertel.

Ek het 'n artikel geskryf vir die *Sunday Times* oor die gewraakte woorde, maar tot my verbasing is dit "gespike", soos ons in die subkantore sê. Ek het die artikel toe vir Denis Beckett se alternatiewe tydskrif, *Frontline*, aangebied en toe dit verskyn het, is ek deur Fleur de Villiers, assistant-redakteur, ingeroep en aangesê om Otto Krause te bel. Otto het my van 'n kant af ingevlieg en van onetiese optrede beskuldig.

Dit en ander dinge het dit duidelik laat word dat die *Sunday Times* eintlik maar ook 'n ondersteuner van die regering is. Ek onthou ons het een naweek 'n helikopter gehuur en 'n hele span mense gehad om Naas Botha se troue af te neem. Terselfdertyd het 'n bron in die Mineworkers Union, ene Cyril Ramaphosa, my laat weet die polisie het 'n myn binnegeval met Casspirs en was gereed om mynwerkers te begin skiet.

Ek is na die redakteur, Tertius Myburgh, maar hy het besluit daar was nie genoeg tyd om na die myn te ry en te gaan kyk of daar regtig Casspirs is nie. Ek stel toe voor dat ons nòg 'n helikopter huur. Tertius het verkies om dit as 'n grap te beskou, en niks het gebeur nie.

Ek het naderhand bedank en betrokke geraak by Taurus uitgewery. Ek het die boekie, *Die Trojaanse Perd*, saamgestel oor die Kaapse opstand van 1985. Dis deur die polisie gekonfiskeer, en die pers is by wyse van 'n spesiale kennisgewing verbied om daaroor te berig. Niemand het nie, en tot my ontsteltenis het dit die *Weekly Mail* ingesluit.

Daar was 'n hele paar van ons wat so na die Engelse pers gedryf het, en dieselfde ontnugtering ondergaan het. Ons het al hoe meer begin praat oor 'n alternatiewe koerant, ons het 'n komitee gestig, en aanvanklik was die plan om 'n roterende redakteurskap te hê. Maar Max du Preez het ander planne gehad, en *Vrye Weekblad* is gestig met hom as redakteur. Ek was vir sowat agt maande lank die nuusredakteur.

Ek het intussen gewerk aan 'n boek oor die opstande in die tuisland Kwandebele. Ek kon daarin slaag om by die polisiekordonne verby te kom deur my te vermom as 'n boer met 'n baard wat tot op my bors gehang het. Ek het elke dag gesorg dat ek *Beeld* op my voorste sitplek gehad het. Dit het goed gewerk: eers op my heel laaste besoek is ek deur die polisie gevang, en 'n dag lank aangehou.

Verstaanbare woede uit moeilike dae

Ek kan dus Marlene van Niekerk en Max se woede goed verstaan. *Vrye Weekblad* en al die dinge waarby Marlene betrokke was, was nie maklik nie. Dit was gevaarlike dae daardie. Toe die eerste klopjag op die Burger-like Samewerkingsburo gedoen is, was my naam saam met 'n paar ander op 'n lys. Ek kan nie onthou nie, dalk Marlene s'n ook. Daar was baie pret en plesier, maar 'n paar van ons kon ses voet onder die grond gewees het.

Vandag klink dit of 'n mens daardie tyd romantiseer as jy sulke stories vertel. Kyk jy na vandag se vredige Afrikaners, wat hou van partytjies en kunsfeeste, moet dit seker moeilik wees om te verstaan hoe al hierdie dinge kon bestaan het. En dit was natuurlik dubbel so erg vir nie-Afrikaanse joernaliste, om van swart joernaliste nie te praat nie.

As Max en Marlene dus die drastiese stap doen om die Woordfees te boikot, voel ek my in die gees aan hulle kant, soos wat ek myself dikwels aan hulle kant bevind. Maar ek kan nie daarmee saamgaan nie, juis omdat ons sulke harde bene gekou het, en juis omdat die stigting van *Vrye Weekblad* die enigste uitweg was.

Daar is seker groot fout met die Woordfees. Dis nie baie links nie.

Maar die beginsels van vryheid van spraak en gee almal 'n kans wat onder meer deur *Vrye Weekblad* gevestig is, is te kosbaar om op te offer net om 'n punt aan te teken teen iemand wat besig is om in die woestyn rond te dwaal.

Die waardes van 'n openbare demokrasie, van die "open society" raak self verdrukkend, het self totalitêre neigings as ons hulle nie die hele tyd hernieu, toets en opnuut verduidelik nie.

Afgesien hiervan is daar 'n ander, belangriker rede om hierdie waardes te herbevestig en weer in te oefen, en dit is dat hulle weer eens in gevaar is. En nie van Dan Roodt se kant nie, want hy sal nooit aan die bewind kom nie.

Operasioneel en in terme van die wet het ons 'n vrye pers. Joernaliste bly joernaliste, en daar is genoeg kritiese geeste onder alle rasse om te verseker dat dit so sal bly. Maar 'n mens kan met die beste wil in die wêreld nie sê dat ons 'n effektiewe pers het nie. *Vrye Weekblad* se eerste taak was om die grense van apartheid te oortree en te berig oor wat in die wêreld van ons medeburgers aangaan.

Met die verdwyning van *Vrye Weekblad* en die *Weekly Mail* is daardie ideaal ook daarmee heen. Ons is nou weer terug in die wegspringblokke. Ons weet nie wat in die townships aangaan nie. Ons weet nog minder wat in die diep plattelandse gebiede gebeur. Van die nuwe hongerte en lyding. Afrika bly 'n duister vasteland met konkelwerk oral, waarvan selfs Ronnie Kasrils nie weet nie.

Carte blanche vir die korporasies

Die redes vir ons onkunde is duidelik. Die gevolge van die carte blanche aan internasionale korporasies in die huidige wêreldekonomie is die duidelikste sigbaar in die Engelse pers wat so hard teen apartheid gestry het. 'n Mens kan dit net as neo-kolonialisme beskryf.

Dit is so dat dit dwarsdeur die wêreld dieselfde storie in die media is. Wat dit in Suid-Afrika anders maak, is dat ons weer eens te make het met 'n regering wat nie veel erg het aan 'n vrye pers nie.

Onlangs het ons eie demokraties verkose president, Thabo Mbeki, direk ingegryp in die politiek van ons buurland Zimbabwe. Hy het naamlik verklaar dat die komende verkiesing vry en regverdig sal wees, in die nodige diplomatiese taal.

Die sinisme van so 'n uitspraak is verstommend. 'n Mens hoef nie verder as die toestand van die pers in Zimbabwe te kyk nie.

Net soos *Vrye Weekblad* is die *Daily News* in Harare deur 'n bom getref, maar *Vrye Weekblad* kon bly voortbestaan. Die *Daily News* kon egter nie; die bom was te groot. Joernaliste word links en regs uitgegooi. As jy daar enigiets op 'n vrye manier vir 'n koerant skryf, kan jy vir twee jaar in die tronk beland. Zimbabwe het slim en bedrewe joernaliste, maar soos in die meeste ander bedrywe sit hulle in die buiteland.

Die gevolg hiervan is dat die media nie behoorlik kan rapporteer oor die hoë vlakke van intimidasie in ons buurland nie. Ek was pas self in Zimbabwe, weer met my baard, en ek kon by terugskouing ewe goed weer my *Beeld* saamgevat het. Al wat ek kan sê, is dat die Suid-Afrikaanse regering deeglik bewus moet wees van wat aangaan en dat hulle besig is om vir ons te lieg.

Wat beteken dit? Hoe gebeur dit dat ons 'n regering het wat beide liberaal is en 'n diktator ondersteun? Wat is die langtermyngevolge hiervan? Hoe seker kan ons wees dat dieselfde ding nie in Suid-Afrika sal gebeur nie? Dis die soort vrae wat ons moet vra.

Van tragedie na klug

Daar is 'n verband tussen die verlede en die hede wat besig is om hom af te speel in Zimbabwe, soos deur verskeie analitici uitgewys is. Dit laat 'n mens dink aan die gesegde oor die geskiedenis wat die eerste keer as tragedie plaasvind en agterna herhaal word as 'n klug.

In die stilligheid is Suid-Afrika besig om Zimbabwe ekonomies en finansieel oor te neem. Net soos Namibië en ander lande is Zimbabwe al feitlik 'n tuisland van Suid-Afrika. Afrikanerbelange, in 'n nuwe koalisie

Vervolg op bladsy 6...

Passiwiteit is ’n wapen van massavernietiging

Ons en die ekologiese krisis, ’n standpunt

Deur Gert Louw, student in filosofie en tale, Universiteit van Suid-Afrika

“I’ve always had the impression that real activists are like cleaning women, doing a thankless daily but necessary job” (Francois Truffaut, rolprentmaker, 1932 – 1984).

In ’n artikel in *Rapport* van 29 Augustus 2004 verwys Pieter Malan onder meer na ’n uitlating van Nick King, Direkteur van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe, dat daar nie genoeg in ons land gedoen word om die konstante verlies aan biodiversiteit teen die jaar 2010 stop te sit nie – nieteenstaande die feit dat hierdie een van die eerste doelwitte van die sogenaamde Millennium-ontwikkelingsplan is. Verder merk King op dat te veel nieregeringsorganisasies die leiding moet neem waar die regering veronderstel is om dit te doen.

Dit voer ons na die onlangse bekragtiging van die Biodiversiteitsbewaringswet, ’n wet wat sy bestaan heel waarskynlik te danke het aan die druk wat op die Suid-Afrikaanse regering toegepas is van die kant van die Wêreldbewaringsbond. Benewens hierdie wet is daar ook Wet 107 van 1998 – die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur – asook Artikel 24 van die Grondwet, om maar ’n paar stukke omgewingsverwante wetgewing te noem. Maar hoe doeltreffend word hierdie wette deur die Suid-Afrikaanse regeringsinstansies toegepas? Of is dit maar bloot letters en syfers op papier om die aktivis aan die slaap te sus?

As ’n mens blaai deur die verslag van die 12de sitting (14-30 April 2004) van die Verenigde Nasies se Kommissie op Volhoubare Ontwikkeling wonder jy of daar nie maar net nogmaals ’n rits doelwitte gestel en beloftes gemaak is nie? Of word daar daadwerklik aan hierdie doelwitte gewerk, en word hierdie beloftes gestand gedoen?

’n Meer aktivistiese houding

Ek staan redelik skepties teenoor hierdie amptelike pogings: meer mense moet ’n aktivistiese houding teenoor die beskerming van ons natuurlike hulpbronne inneem. In hierdie verband kom veral die naam van een groot aktivis op hierdie gebied na vore, naamlik Arne Naess wat in 1969 as filosoof sy leerstoel by die Universiteit van Oslo opgesê het met die gesindheid van “ek wil eerder lewe as bloot funksioneer”. Sy Diep Ekologiese aktivisme is welbekend. Hy het nie slegs gepredik nie, maar ook gedoen! Hy is natuurlik nie die enigste nie, want daar is vele ander aktiviste wat ook hulle merk op hierdie terrein gelaat het. Die punt is dat, as die regering inderdaad nie genoeg op hierdie terrein doen nie, ons sal moet besef dat die plig van beskerming en bewaring nie slegs by hulle berus nie, maar by ons begin. Maar wanneer gaan ons eendag opstaan en begin doen? Wanneer gaan ons ’n Copernikaanse verskuiwing maak vanaf ’n antroposentriese, selfsugtige ekologiese opvatting na een van eerbiedige ekologie gewortel in ’n verhoudingsmatige wêreldsiening, dit wil sê, waarin dinge aan die hand van hul verhoudings tot mekaar begryp word? Gaan ons op die regering wag? Hoeveel van ons “funksioneer” bloot in hierdie verband? Die samelewing waarin ons leef, is een van gejaagdheid, maar wat die meerderheid nie besef nie, is dat ons planeet aan die verhit is juis as gevolg van die energie van ons gejaagdheid. Het ons, soos Hercules, ook mal begin word omdat ons deur ons take wil jaag?

Ons moet begin om ’n rustiger benadering aan te kweek, veral ten opsigte van besluite wat omgewingsbewaring raak. Ons moet ons sintuie begin gebruik. Ons sintuie is nie bloot instrumente nie, maar ook protesteerders. Hulle vertel ons instinkmatig wanneer iets stink, wanneer skoonheid geskend word. Dit was Plotinus wat gesê het: “Ugliness makes the soul shrink back within itself and turn away.” Ons vergeet baie maklik dat ons eintlik maar net skakels in die enorme ketting van die lewe is. Maatskaplike onreg is niks anders nie as ekologiese onreg, aangesien dit die mens en die gemeenskap van lewe (as die natuur in sy geheel) tref. Meer nog: ons kultuur van oormaat, individualiteit en welvaart laat gesamentlik die alarmklokke van selfmoord, depressie, kompulsiewe gedrag en geweld in ons ore weerklink. Ons moet aanleer om meer te wees eerder as om meer te wil *hê*, om ’n *voller* lewe te leef eerder as om *vinniger* te leef, en ons moet veral ons *waardes* eerder as ons *besittings* uitbou. Maar nee, ons het die Cartesiese spreuk omgeswaai: “Ek koop, daarom is ek.”

“Ons weet, maar ons *weet* nie”

Het die mensdom in hierdie hele proses sy geboortereg verloor? Ons weet nie meer wat ons weet nie. Ons hoor, maar ons luister skaars. Ons sien, maar ons kyk nie. Ons weet, maar ons weet (besef) nie eintlik nie. Marvin Minsky het eens gesê dat, net soos wat ons loop sonder om te dink, so dink ons ook sonder om te dink. Is dit wat hier gebeur? Ons het - omdat ons nie juis meer weet nie – gewoond geraak aan die onooglike, die vandalistiese (wat ons aanvaar sonder om te besef dat daar fout is). Het ons die onderskeid tussen skoonheid en onooglikheid, tussen reg en verkeerd, tussen lewe en dood in ons dolle gejaag na wat ook al uit die pad gestoomroller?

Maar vergaderings, dié word gehou. Wette, dié word gemaak. Dit alles is seker nodig, maar weens die gebrekkige uitvoerbaarheid, toepasbaarheid en afdwingbaarheid daarvan het ’n meer aktivistiese benadering nodig geword.

In sy rubriek Glasoog in Beeld van 24 Julie 2004 maak Johann Rossouw melding van mnr. Tony Blair, wat gesê het dat globale klimaatsverandering tans beskou word as die enkele belangrikste kwessie wat ons as “globale gemeenskap” (in sigself ’n utopiese gedagte) in die gesig staar. Hierdie stelling is verder deur die Pentagon bevestig toe hulle bevind het dat globale verhitting ’n groter bedreiging vir veiligheid inhou as terrorisme! Tog lees ’n mens nog steeds van ’n “groot” leier, naamlik George W. Bush, wat sê dat dit nie besoedeling is wat die omgewing skade berokken nie, maar die onsuiwerhede in ons lug en water…

Tydens ’n meningspeiling op die program “The Big Question”, wat op 22 Augustus 2004 deur die SAUK uitgesaai is, het ’n verbasende 73% van die deelnemers aan die meningspeiling “ja” geantwoord op die vraag “Is nuclear energy the answer to our energy crisis?” Het die mensdom so gou vergeet van Tsjernobil op 26 April 1986?

Ander energiebronne

Daar word beraam dat die VSA in minder as 40 minute meer energie in die vorm van sonlig ontvang as wat dit jaarliks by wyse van die verbranding van fossielbrandstof genereer. Die wêreld se elektrisiteit wat deur wind opgewek word, het vanaf 17 800 megawatt in die jaar 2000 tot ongeveer 23 300 megawatt in 2001 gestyg, wat ’n toename van 31% verteenwoordig. Een megawatt windelektrisiteit kan die elektrisiteitsbehoeftes van 350 huishoudings (ongeveer 1 000 mense) bevredig. En wat van hidroëlektrisiteit? Met ander woorde: daar is wèl skoner en veiliger alternatiewe as kernkrag, maar is die meerderheid daarvan bewus? En wil hulle daarvan bewus word?

Dit is dalk reeds te laat, maar iets daadwerkliks sal gedoen moet word, beginde by ’n meer aktivistiese houding. Dit is immers makliker om omgewingsbeskadiging te voorkom as om dit te herstel. Ons stuur beslis af op ’n rewolusie - ’n omgewingsrewolusie – maar geen groot leier gaan dit lei nie: dit gaan gelei word deur die blote instink van oorlewing. ■

Vrye Weekblad en die alternatiewe media

Vervolg vanaf bladsy 5...

met Engelse belange en dié van die swart elite, is deel van die dryfkrag agter hierdie oorname. En weer eens is die ideologiese grondbeginsel dié van rassisme. Dis hierdie keer net ’n swart rassisme: Ou wit belange word stelselmatig in Zimbabwe uitgeroei sodat Suid-Afrikaanse belange hulle kan oorneem.

Terloops: Die opkomende swart rassisme is selfs op dieselfde manier in die perswese gevestig. Waar Nasionale Pers wit rassiste in diens gehad het, het sy opvolgers nou swart rassiste in diens.

Daar word baie gesê oor Zimbabwe. Ons as joernaliste ly al lankal aan Zimbabwe-fatigue. Dis nou al verby die stadium van kritiek in koerante uitspreek. Daar is ’n nuwe weerstand nodig.

In hierdie omstandighede moet ons vir Dan lag, ja, want hy is maar ’n nar, en hy net nie die antwoorde nie. Maar ons moet ook nie te veel tyd daarmee mors nie. Dan moet ons ophou lag en begin werk maak van hierdie sake. Wat ons ook al doen, ons het alternatiewe denkrigtings nodig - nie boikotte nie. ■

Earthlife Africa en die president

Belangegroepe as rol-spelers in die samelewing

Deur Richard Meissner, skrywer van ’n proefskrif in internasionale politiek aan die Universiteit van Pretoria getiteld The Transnational Role and Involvement of Interest Groups in Water Politics: A Comparative Analysis of Selected Southern African Case Studies*, asook verskeie artikels en hoofstukke in boeke oor belangegroepe, waterpolitiek en streekspolitiek.*

Earthlife Africa se aankondiging dat hoë vlakke van radioaktiwiteit naby die Pelindaba-kernaanleg ’n gevaar vir die mense van die omgewing inhou, illustreer die rol van belangegroepe in die samelewing. Belangegroepe het een doelwit voor oë, naamlik om die beleide van openbare en privaatinstansies te beïnvloed. By die uitlewing van hierdie missie speel belangegroepe drie hoofrolle, met ’n aantal ondersteunende rolle daaraan verbonde.

Ten eerste speel belangegroepe ’n beredenerende rol, wat insluit die vorming van opinies, die skepping van standaarde, norme, reëls en agendas. ’n Epistemiese rol word ook vervul — belangegroepe ontwikkel ’n navorsingskapasiteit in samehang met die ontleding van en verslaggewing oor gebeure in hul onderskeie spesialisareas. Tweedens speel belangegroepe ’n deelnemende rol, waarin hulle as agente in die politieke proses optree. Deur hierdie belangegroepe kom burgers met alle regeringsvlakke in aanraking. Ander ondersteunende rolle wat in die verband vervul word, sluit in dié van verteenwoordiger, transnasionale agent, beleidbepaler, instansieskepper, ‘waghond’, opposisieagent en bemagtiger. Derdens speel belangegroepe nog ’n aantal filantropiese rolle ook, soos dié van assistent en beveiliger. By die vervulling van hierdie rolle help belangegroepe regerings, nieregeringsorganisasies en individue om sekere doelwitte te bereik. So sal ’n belangegroep byvoorbeeld die rol van beskermer aanneem wanneer hy sy lede en die breë publiek teen gevare in die omgewing opskerp.

Ter illustrasie: Earthlife Africa het verskeie rolle vervul toe dit alarm gemaak het oor die vlakke van radioaktiwiteit by Pelindaba. Hierdeur het die belangegroep die aangeleentheid onder die aandag van die regering, die media en die publiek gebring. Met ander woorde, dit het die saak op die agenda geplaas en sodoende bygedra tot die ontwikkeling van die breë sosiale agenda rakende kernaangeleenthede. Terselfdertyd het *Earthlife Africa* ’n epistemiese rol gespeel deur self die vlakke van radioaktiwiteit te bepaal. In dié opsig het die belangegroep ‘wetenskaplike’ bewyse gelewer van ’n moontlike gevaar in die omgewing van die kernaanleg. *Earthlife Africa* se *Nuclear*

Vervolg op bladsy 7...

Earthlife Africa en die president

Vervolg vanaf bladsy 6...

Energy Costs The Earth veldtog is ’n verdere illustrasie van die belangegroep se vaardigheid op die gebied van kernsake. Hierdie vaardigheid dui daarop dat lede van belangegroepe oor al hoe meer kennis beskik en kan bekom om regeringsbeleide te beïnvloed, en om nie sommerso die inligting en uitsprake van regeringsinstansies vir soetkoek op te eet nie. Dit is ’n wêreldwye tendens, en as gevolg van belangegroepe en burgers se kennisuitbreiding word dit vir regerings al hoe moeiliker om beleide op ’n eensydige wyse in werking te stel.

Verder speel *Earthlife Africa* ook die volgende deelnemende rolle, naamlik van beleidbepaler, waghond en opposisieagent. Hierdie rolle is duidelik te bespeur in ’n kommentaar in die *Mail & Guardian* (6 tot 12 Mei 2005) van Jacklyn Cock en Richard Worthington van *Earthlife Africa*: ‘Ons [*Earthlife Africa*] opposisie teen Suid-Afrika se “kernopsie” is nie net ’n verwerping van die geheimsinnigheid van die industrie en sy ongeoorloofde aansprake op goedkoper elektrisiteitslewering nie. Dit is tegelyk ’n oproep op die regering om finansiering na kleinskaalse energieontwikkeling te herkanaliseer. Sulke ontwikkelingsinisiatiewe sal van Suid-Afrika se genoegsame herwinbare energiebronne gebruik maak deur die ontwikkeling van plaaslike industrieë, wat bowendien op realistiese wyse sal bydra tot die prioriteite van werkskepping en armoedeverligting.’ In hierdie uitspraak word ’n alternatiewe beleid vir Suid-Afrika se kernindustrie dus voorgestel wat werksgeleenthede sal skep en tot armoedeverligting sal bydra. Of dit wel die geval sal wees, is debatteerbaar. Die belangegroep tree as ‘waghond’ op deur ’n wakende oog te hou oor beleidsontwikkelinge in Suid-Afrika se energie-industrie. Saam met hierdie rolle het *Earthlife Africa* ook nog ’n filantropiese rol vervul toe dit met die Mekgaleng-gemeenskap geskakel het oor hul moontlike hervestiging in die Pelindaba-omgewing mits die regering alle kernafval uit die omgewing sou verwyder.

Die regering se reaksie

Die regering se reaksie teenoor *Earthlife Africa* se optrede werp egter ’n ander lig op belangegroepe se rolle in die samelewing. President Thabo Mbeki was duidelik ongelukkig oor die belangegroep se uitsprake, en het dit as ‘roekeloos’ en ‘totaal ontoelaatbaar’ bestempel. Die Minister van Mineraal en Energiesake, Phumzile Mlambo-Ngcuka, het voorgestel dat wetgewing ondersoek word wat die verspreiding van valse aantygings ’n kriminele oortreding sal maak. Die reaksie van regeringsleiers het boonop ’n ander waghond wakker gemaak — die *Freedom of Expression Institute*. Jane Duncan van die instituut het op haar beurt weer gesê dat die regering se beleidsvoorstel ‘uiters verontrustend’ is.

Indien sulke wetgewing deur die regering aanvaar word, sal dit die rol van belangegroepe as opposisie- agente en hul ‘waghondfunksies’ drasties inkort, met die gevolg dat Suid-Afrikaners in die toekoms in ’n onveiliger omgewing sal moet leef. Dit is daarom van kardinale belang dat belangegroepe ongehinderd optree en voortbestaan, nie net om ’n veilige omgewing te waarborg nie, maar ook om vryheid van spraak en opposisiepolitiek aan die lewe te hou — opposisiepolitiek is nie net die domein van politieke opposisiepartye nie; belangegroepe speel hierin ’n uiters belangrike rol. ■

● *Ekonomierubriek*

’n Nuwe balans tussen globalisering en lokalisering in Suid-Afrika?

Deur Johan van Zyl, alternatiewe ekonoom en ere-professor in die Skool van Publieke Bestuur en Administrasie, Universiteit van Pretoria

Pres. Mbeki het ’n ruk gelede gesê: “globalisering is soos die weer - ons moet eenvoudig almal daarby aanpas”. Baie waar. Maar wat hy nie genoem het nie, is die vele maniere waarop mense wel innoverend ‘aanpas’ om hulself voortdurend teen die weer te beskerm!

Ons bou daagliks huise, kantore en ander geboue, rig weernavorsingstasies op, maak ’n massa klere (veral vir die winter) en ook verwarmers, verkoelers ensovoorts. Inderdaad, ons is alles behalwe ‘uitgelewer’ aan die weer!

Dieselfde benadering geld vir globalisering.

Sosio-ekonomies vertoon wêreldwye globalisering vandag veral twee sterk negatiewe tendense:

- die verdere marginalisering van verskeie sosiale groepe, inheemse mense en selfs van hele lande, byvoorbeeld veral in Afrika.
- die groeiende gaping tussen ryk en arm, en daarby toenemende wêreldwye armoede (steeds die Achilles-hiel van die ongebreidelde Kapitalisme).

Dit is teen hierdie tendens van sterk toenemende ekonomiese nadele dat gewone mense hulself moet beskerm. ’n Nuttige rigting om in te slaan, is intensiewer ‘lokalisering’, as praktiese teenvoeter vir die meedoënlose ideologiese opmars van globalisering onder die doelgerigte aanvoering van die groot politieke en ekonomiese magte van die dag.

Maar wat is in die spel? En behalwe hierdie WAT is daar ook nog die HOE om veranderings effektief te probeer bewerkstellig.

’n Groot dilemma in ons nasionale ekonomiese beleid vandag

’n Kernbelangrike stelling wat in onlangse jare dikwels gemaak word deur internasionaal gerespekteerde ekonome (soos bv. James Robertson van die hoog aangeskrewe New Economics Foundation in Brittanje) is dat “*volle indiensneming soos ons dit in die verlede geken het, … nooit weer (sal) terugkeer nie”*. Dit gooi sekerlik ons ekonomiese beleid oor baie dekades omver!

Nogtans word so ’n basiese uitspraak grotendeels geïgnoreer deur ons eie politici, vele ortodokse ekonome én die finansiële pers. Vir hulle lê die oplossing van ons ernstige sosio-ekonomiese probleme blykbaar nog steeds in daardie groot universele reddingstaktiek van die verlede, naamlik ‘bevorder ’n hoër ekonomiese groeikoers (BBP)’.

Ongelukkig, in die sterk globaliserende wêreld van vandag, het hierdie eertydse groot kuur veelal ’n mite geword!

Die hoofrede vir hierdie dramatiese ekonomiese ommekeer lê in die aansienlik groter kapitaalintensiewe produksietegnieke (eerder as die meer arbeidsintensiewe benadering van vroeër) wat vandag afgedwing word op maatskappye, veral om hulle internasionale mededingendheid te kan handhaaf. Inligtings- en rekenaar-gedrewe hoë tegnologie (hoofsaaklik kapitaalgerig) het in ’n groot mate oorgeneem. In die voortdurende soeke na laer produksiekoste word gewone arbeid al hoe meer uitgeskakel in ’n aanhoudende herstrukturering van maatskappye - sekerlik ’n duidelike ‘teken van die tye’!

Hierin lê daar egter ’n ernstige konflik van nasionale belange opgesluit, naamlik kommersiële voorsprong in die globale wêreld versus binnelandse werkskepping en ekonomiese welvaart vir alle Suid-Afrikaanse burgers.

Die werkloosheids- en armoede-vraagstuk in ons land word ongelukkig steeds erger. In ’n inset tot die onlangse Spitsberaad oor Groei en Ontwikkeling verskaf die Arbeidskomponent van NEDLAC nuttige statistiek. Volgens amptelike (konserwatiewe) syfers het werkloosheid toegeneem van 16% in 1995 tot 30% in 2002. Die swart jeug en landelike inwoners is hierdeur die swaarste getref. Alle jong mense onder die ouderdom van 30 het in 2001 ’n werkloosheidskoers van 47% in die gesig gestaar - in daardie stadium byna 70% van alle werkloses in die land. Daarby moet genoem word dat heel geloofwaardige nieamptelike ramings ons werkloosheidsyfers dikwels baie hoër stel.

By implikasie is dit dan sekerlik nie moeilik om te verstaan waarom misdaad in ons land sulke ernstige afmetings aanneem nie. Onaanvaarbaar soos dit is, bly misdaad prakties ’n ‘nuttige alternatiewe vorm van werkverskaffing’!

Daar is egter sekerlik werkbare oplossings vir hierdie ernstige vraagstukke. Maar daarvoor het ons minstens twee soorte polities bra kontroversiële ‘nuwe denke’ nodig.

(a) Amptelike erkenning van ons struktureel erg dualistiese sosio-ekonomie

’n Belangrike sleutel lê in die eerlike erkenning van ’n basiese waarheid in Suid-Afrika se lang koloniale geskiedenis, naamlik dat ons ekonomie veral op plaaslike vlak nog altyd skerp verdeel was in twee aparte sosio-ekonomiese stelsels. Polities gesproke is swart mense dikwels beskou as ‘buitestaanders’ in ’n hoofsaaklik Europese vestiging. Gevolglik was hulle dikwels (doelbewus) uitgesluit van volle deelname aan die hoofstroomekonomie.

Die geskiedenis van die Xhosa in die Oos-Kaap gedurende die 19de eeu is ’n sprekende voorbeeld hiervan. Trouens, die beleid van die Nasionale Party teenoor die stedelike swartes na 1948 het hierdie Britse koloniale benadering grootliks oorgeneem en daarna verder verfyn.

Die uiteindelike ekonomiese uitkoms van so ’n langdurige histories-politieke beleid was eintlik onvermydelik, naamlik ’n *strukturele* dubbellaag-, oftewel dualistiese sosio-ekonomiese stelsel. Aldus het ons vandag enersyds ’n goed ontwikkelde moderne handelsektor wat inherent in staat is om in die globale ekonomie mee te ding. Andersyds het ons egter ook ’n baie groot gemarginaliseerde ‘agtergeblewe sektor’, hoofsaaklik in ons menigte swart woongebiede (townships) en in vele arm landelike gemeenskappe gevestig

Ekonomies gesproke lê die kernverskil hier in *ekonomiese* selfstandigheid versus afhanklikheid. Die moderne sektor het die kapasiteit om hoofsaaklik binne eie kring die nodige produkte en dienste te kan lewer wat die groter mark verlang. Maar die gemarginaliseerde sektor bly steeds hoogs afhanklik van die moderne sektor om soiets hoegenaamd te kan doen, dit wil sê, vir sowel basiese werkverskaffing as vir die verskaffing van selfs die basiese goedere en dienste wat daagliks deur plaaslike inwoners verbruik word. Dit is waarom ons ‘tweede ekonomie’ maar min werklik selfstandige seggenskap oor hulle eie ekonomiese toekoms het.

Hoe kan hierdie skerp getekende historiese afhanklikheid oorkom word? Gesonde verstand sou verwag dat daar by enige land waarin prakties twee grootliks aparte sosio-ekonomiese stelsels funksioneer, dan ook verskillende stelle ekonomiese beleidsmaatreëls ingespan moet word? Die groot rede vir hierdie beleidstekortkoming is die ortodokse aanname van en groot vertroue in die sogenaamde ‘deursyferingseffek’ van die groei in BBP na die agtergeblewe sektor, wat steeds in ons beleidsinstansies heers. Oral oor die ontwikkelingswêreld het hierdie oortuiging egter in die praktyk baie min opgelewer. Aldus kan dit in ons eie land ook nie help nie. Die ekonomiese kloof tussen bogenoemde twee sektore in ons land is eenvoudig te wyd om enige ‘sinergie’ effektief moontlik te maak. Maar die blywende populariteit van hierdie ortodokse benadering en geloof in die sogenaamde deursyferingseffek bly ’n oorwegende politieke faktor.

Nogtans geniet so ’n skerp histories/strukturele ekonomiese standpunt amptelik nog maar bra lukrake erkenning. Die naaste daaraan was President Mbeki se onlangse openbare verwysings na ‘twee ekonomieë’ in Suid-Afrika. Hoe dit egter gelees, begryp en toegepas word, is tans heel onduidelik.

(b) Groter lokalisering

Nuwe denke sal ook ’n belangrike nuwe beleidsmikpunt na vore moet bring, naamlik om die verantwoordelikheid vir werk en inkomsteskepping ook by plaaslike gemeenskappe tuis te bring - eerder as die huidige omgekeerde tradisionele benadering van vertroue hoofsaaklik op die oorhoofse makro-ekonomie. Lokalisering is inderdaad ’n opwindende uitweg om die negatiewe ‘ekonomiese weersomstandighede’ wat globalisering tans meebring, die hoof te bied.

Aldus moet plaaslike gemeenskappe en regerings (ook kultuurgemeenskappe?) effektief in staat gestel word om ‘meer selfstandige werkende ekonomieë’ te word. Dit is hoofsaaklik nodig om volhoubare indiensneming en inkomste te kan skep, ook vir die vele Suid-Afrikaanse

Vervolg op bladsy 8...

’n Nuwe balans tussen globalisering en lokalisering in Suid-Afrika?

Vervolg vanaf bladsy 7...

burgers (swart en wit) wat tans oorwegend uitgesluit word van effektiewe deelname *binne* die moderne ekonomiese sektor.

Enkele implikasies

Die regering se onlangse pogings om plaaslike ekonomiese ontwikkeling te stimuleer via die sogenaamde Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (IDP's) beweeg in die regte rigting. Maar daar is nog baie aksies wat dringend en veral doeltreffender geaktiveer moet word.
Dit word veral duidelik wanneer die fokus op die praktiese ‘HOE’- eerder as op die gebruiklike ‘WAT’-vrae val. Basiese projekte/programme om selfstandiger plaaslike ekonomiese ontwikkeling te bevorder (veral met die klem op meer selfstandige besluitneming) kan die volgende kernelemente insluit:

- Investeringsprogramme vir geregistreerde plaaslike gemeenskappe (PIP) - gebaseer op finansiële oordragte van die regering, eerder as die voorgestelde ‘basic income grant’ wat slegs op verbruik afgestem is. Plaaslike inwoners kan dan sulke oordragte aan alle volwasse inwoners saamvoeg en self gesamentlik en meer ingelig besluit oor projekte wat hulle plaaslike behoeftes ten beste kan dien.
- Desentralisering na geregistreerde plaaslike gemeenskappe van die kernverantwoordelikheid om uitvoering te gee aan die verskeie basiese sosio-ekonomiese regte wat in die Konstitusie self sogenaamd gewaarborg word.
- Nuwe plaaslike finansiële reëlings, soos byvoorbeeld ’n plaaslike geldeenheid asook kleiner plaaslike banke of kredietunies.
- Ruim aandag aan plaaslike ‘invoervervanging’ - deur veral basiese lewensnoodsaaklikhede oorwegend self te produseer.

Verdere besonderhede is in ’n onlangse artikel in *Die Vrye Afrikaan* kortliks genoem. Dit is hier egter genoeg om te besef dat ’n benadering van ‘doelgerigte lokalisering’ inderdaad ’n belangrike teenvoeter kan wees vir vandag se meedoënlose globalisering. Al wat basies nodig is, is die wil om dit te doen!

Vir *Die Vrye Afrikaan* is dit sekerlik ’n belangrike vraag wat moontlik ook groter plaaslike ekonomiese onafhanklikheid vir Afrikaners kan inhou?

Hierdie is ’n wesentlike vraag wat sekerlik heelwat verdere bespreking regverdig. Genoeg miskien om in hierdie stadium te sê dat dit sterk aansluit by Prof. Marinus Wiechers se onlangse pragmatiese voorstel om ’n ‘Afrikaner Provinsie’ te probeer beding - maar binne die huidige staatsbestel - om sodoende groter ‘interne onafhanklikheid’ eerder as volkome ‘eksterne onafhanklikheid’ vir Afrikaners te verkry.

By lokalisering is die territoriale fokus gewoonlik veel kleiner as by ’n ‘provinsie’. Maar miskien kan juis hierdie minder ambisieuse doelwit dalk spoediger nuttige resultate lewer?

’n Belangrike politieke rede vir sulke optimisme lê daarin dat die voordele van ‘lokalisering’ nie in die eerste instansie op Afrikaners gemik is nie! Inteendeel, die daaglikse lyding van die groot meerderheid swart werkloses en armes in ons land sal hierdeur regstreeks aansienlik verlig kan word - en sodoende die ANC se ernstigste ekonomiese probleem daadwerklik en effektief die hoof bied.

As jy nie sterk is nie moet jy dalk liewer slim wees? ■

Thabo Mbeki as tragiese figuur

’n Resensie van William Mervin Gumede se Thabo Mbeki and the Struggle for the Soul of the ANC

(Kaapstad: Zebra Press, R199,00, 352 bladsye, ISBN 1-77007-092-3)

Deur Johann Rossouw

Van die resensies wat reeds oor hierdie belangrike politieke werk gepubliseer is, wil dit hê dat Gumede nie veel sê wat nie reeds gesê is nie, en dat die hoofdeug van die werk die moed van die skrywer is om die toenemend sentralistiese ANC onder president Thabo Mbeki bloot te lê.

Beide hierdie opmerkings bevat ’n mate van waarheid, maar beide is oorvereenvoudigings en selfs wanvoorstellings van die boek. Die beswaar dat die boek nie veel sê wat nie reeds gesê is nie, is byvoorbeeld volkome ongeldig wanneer ’n mens die fassinerende hoofstuk 12 oor die spanninge binne die drieparty-alliansie lees. Baie van die intriges wat hulle hier afgespeel het, is nog nooit in die pers gepubliseer nie, en die woorde van ’n Jeremy Cronin hieroor is veelseggend: “Blade [Nzimande] and I have been through several tough years in the ANC NEC. We’ve been marginalized, shouted down, subjected to heavy presidentual attacks on us, beginning with Mandela and so forth” (p.270).

Betreffende Gumede se moed in die aangesig van ’n sentralistiese ANC onder Mbeki: dit is so dat hoofstuk 14 (“‘We Are All Yes-Men and Yes-Woman Now’”, ’n aanhaling uit ’n Afrikaanse gedig van Matthews Phosa) ’n verdoemende prentjie van die gesentraliseerde ANC onder Mbeki skilder. Maar hierdie prentjie moet verstaan word teen die agtergrond van wat myns insiens die grootste waarde van die boek is, naamlik dat Mbeki in ’n sekere sin na vore tree as ’n tragiese held (waarin Gumede se empatie met sy hoofkarakter ook sigbaar is!).

Mbeki as tragiese figuur

Waarom ’n tragiese figuur? In die Griekse tragedies is die tragiese held die karakter wat opgestel is teen kragte groter as hyself, kragte waarvan hy dikwels aan die begin nie bewus is nie en waarvan hy eers bewus word wanneer dit te laat is. In weerwil van die durf wat die held aan die dag lê, gebeur dit dikwels dat hy deur hierdie kragte oorweldig word, sodat selfs sy durf by nabetragting die aanskyn van hubris kry.

Dit is presies die beeld van Mbeki waarmee Gumede ’n mens laat. Hier het ons te doen met ’n briljante intellektueel met groot diplomatieke en politieke vaardighede – eienskappe wat hom veral in die kritieke 15 jaar in die aanloop van 1994 ten goede gekom het. Dit was die jare waarin hy as Oliver Tambo se regterhand sleutelwerk as diplomaat die wêreld oor verrig het, net soos hy later ’n sleutelrol in die veelpartyonder-handelinge aanleidend tot 1994 se skikking sou speel.

Maar teen die tyd dat Mbeki die tweede president van Suid-Afrika na 1994 geword het, was hy opgestel teen kragte groter as hyself: vasgevang in die onmenslike spanningsveld tussen Afrika en die Weste, terwyl hy albei vir sy projek nodig gehad het; gekonfronteer met die Vigs-monster op ’n tyd wat Suid-Afrika ’n gesonde arbeidsmag nodiger as ooit gehad het; oorgelewer aan die oppermag van die Washingtonkonsensus ná die Val van die Berlynse Muur, terwyl Suid-Afrika (soos altyd) broodnodige regstreekse buitelandse beleggings vir ekonomiese groei en werkskepping benodig het. En om dit alles te kroon: die erflating van die koloniale tegniese en staatsbestel waarmee Mbeki die lyding van sy belangegroep moes regstel wat juis deur hierdie einste bestel veroorsaak is.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Gumede Mbeki se projek om die herwinning van die waardigheid van Afrika en Afrikane (wêreldwyd volgens Mbeki se opvatting van wat ’n Afrikaan is) plaas en sy verhaal vertel. Ofskoon Gumede inderdaad feite weergee wat reeds elders gepubliseer is, verkry die feite nuwe betekenis binne die verhaal wat hy teen hierdie agtergrond vertel. Neem byvoorbeeld Gumede se uitleg van Mbeki se hantering van Zimbabwe: geen ander kwessie van sy presidensie het Mbeki só fel in die spanningsveld tussen Afrika en die Weste gewerp nie. Gegewe die feit dat die ANC die mees pro-Westerse van Afrika se bevrydings-bewegings (naas Afrikanernasio-nalisme!) was, kon Mbeki nie bekostig om in die oë van die Afrikaleiers (wie se steun hy vir die ontsetting van Mugabe benodig het) alte pro-Westers voor te kom nie. Waarskynlik verklaar dít waarom hy, en miskien in ’n groter mate regeringsleiers soos Nkosazana Dlamini-Zuma, sulke ooglopend Afrikanistiese uitsprake oor Zimbabwe gemaak het – pogings om geloofwaardigheid in die oë van Afrikaleiers te verwerf deur hulle van die Weste af te grens.

Ook hoofstukke soos dié oor die ANC en ekonomiese beleid (hoofstuk 4) en Vigs is ewe verhelderend, ofskoon Gumede vir sy uitleg van hoe die ANC deur die korporatiewe sektor ore aangesit is, sterk steun op wat prof. Sampie Terreblanche reeds onthul het in sy *A History of Inequality in South Africa*.

Bykomend tot die agtergrond waarteen Mbeki president van Suid-Afrika geword het en die kragte waarteen hy opgestel was, is daar egter twee ander faktore wat hom tot tragiese held verdoem – die een waaroor Gumede dit wel waag om hom uit te laat, die ander wat hy verswyg, naamlik Mbeki se hipersensitiewe aard, en die koloniale tegniese en staatsbestel.

Persoonlikheid in die politiek

Dit is altyd gevaarlik om in politieke kommentaar te fokus op persoonlik-heid, aangesien die persoonlikheid behoort tot die innerlike wêreld waartoe ons nie eens self vrye toegang het nie, wat nog te sê ’n buitestaander wat ons nie ken nie. Aan die ander kant is dit ook so dat die persoonlike nie van die politieke te skei is nie, en Gumede slaag oortuigend daarin om te wys dat Mbeki se hipersensitiewe aard ’n rol in sy oordeelsfoute gespeel het. Deel van Gumede se oortuigingskrag oor hierdie moeilike onderwerp spruit voort uit sy weergawe van hoe Mbeki vroeg al vir hoër dinge in die ANC uitgekies is, en watter invloed die jare van ballingskap op hom gehad het. Geen mens kan na amper 30 jaar van ballingskap in konfrontasie met ’n vyandige regering in jou geboorteland ongeskonde daarvan afkom nie, en in Mbeki se geval het dit gelei tot ’n gehegtheid aan ’n klein binnekring en ’n oorsensitiwiteit vir kritiek.

Talle mense wat Mbeki voor en na sy presidentskap geken het, spreek soms hul verbasing uit oor hoe die joviale whiskydrinker in die gespanne heerser van vandag kon verander. Ooglopend is hier popsielkunde aan die werk, maar die feit bly dat Mbeki in die openbaar die afgelope jare by tye volkome irrasioneel en oorsensitief op kritiek gereageer het, waarvan die aanval verlede November op emeritus-aartsbiskop Tutu se Nelson Mandela-gedenklesing maar een voorbeeld is. Hoe moet hierdie enigmatiese wending by Mbeki verstaan word?

Dit is hier waar Gumede in gebreke bly om ’n gesprek oor die aard en werking van die koloniale tegniese en staatsbestel in Suid-Afrika aan te knoop. Hierdie bestel is ontwikkel met die oogmerk om ’n elitegroep ten koste van die meerderheid in die land te begunstig, en die mees ooglopende tekortkoming van die nasionale debat sedert 1994 is dat daar so min gesprek gevoer word oor die wysiging van hierdie bestel. Wat eerder gebeur, is dat die ou fout van politieke analise begaan word om naamlik die politiek aan die hand van beleid en persoonlikheid, eerder as aan die hand of minstens met inbegrip van die bestel waarin die beleid uitgevoer word, te beoordeel.

Die Suid-Afrikaanse leier wat voor Mbeki die naaste aan ’n obsessie met die herstel van die waardigheid van sy mense gekom het, was Hendrik Verwoerd. Natuurlik is daar wêrelde van verskil tussen die twee, maar albei deel ’n obsessie met ras, duld nie interne kritiek nie en handhaaf ’n voorkeur vir sentralistiese beheer, met die staat as die belangrikste instrument van beleidsverwesenliking. Is dit dan toevallig dat belangrike swart intellektuele hulle in die Mbeki-era van die Afro-nasionalistiese projek begin wegkeer het, net soos die geval was met Afrikaner-intellektuele betreffende Afrikaner-nasionalisme in die Verwoerd-era? Of dat die gedugte gemeenskapsbasis waarop beide bewegings gebou is geleidelik tydens die heerskappy van hierdie twee leiers begin verkrummel het?

Romantiese voorkeur

Die ander tekortkoming in Gumede se boek is dat hy nog ’n ietwat romantiese voorkeur vir die sosiale demokrasie vertoon. Dit kom veral na vore in hoofstuk 5 se “Economics for the Poor”, die enigste hoofstuk waar sy normaalweg sobere ontleding vervang word deur ’n prekerige voorskriftelikheid, soos dit nou maar eenmaal die geval is met gefrustreerde sosiale demokrate. Dit ly geen twyfel dat herverdeling en ontwikkeling deur die staat – twee geliefkoosde remedieë van sosiale demokrate – ’n rol in Suid-Afrika kan en moet speel nie, maar dit

Vervolg op bladsy 9...

Die tyd is ryp vir die revolusie

(Die Plein van Hemelse Vrede, Beijing)

Deur Hans Pienaar

Dis tyd, sê Mao. Skuil dieper in jul pette
Polisieperde kap vonke uit keistene
Verbete vreet die ure aan ons sigarette

Dis tyd. Op pleine lê lyke oopgespalk
Hul stook hul treine met ons kamerade
Oor grafte lê jare gestrooi soos kalk

Dis tyd. Weke is dooies getel in honderdes
Ons marsjeer zig-zag soos wurms oor blare:
'n Ryskoek word swaar as mens honger is

Dis tyd. Die volksrepubliek is verklaar
Kalender: 'n Diereriem word Gregoriaans
Ons toekoms groei tot 'n duisend jaar

Dis tyd. Nou pak ons die diaboliese buiteland
Brittanje sal val in tien, Amerika hou vir twintig
"Dertig jaar in een dag," takel ons die agterstand

Dis tyd. Oeste kan nie wag vir die lui natuur
As ons wetenskaplikes kameraadskaplik is...
die formules is daar, vir elke kwaal 'n kuur

Dis tyd. Te min ploeë? Gee hul dan bomme
Vat 'n graaf by elke deur, 'n wok van elke stoof
Die smelters sê 'n geheel is groter as sy somme

Dis tyd. Miljoene der miljoene tel die sterftes
Honger: In elke tese skuil sy antitese
kwaad skep goed; al wat oorbly is die sterkste

Dis tyd. Iemand moet sy kos vir giwwe proe:
Mao speel keiser in 'n verbode stad
In die kommunes is dink en droom taboe

Dis tyd. Wit is swart, swart is wit
Rooi vlae, rooier die vinger wat jou soek
Wie teëpraat moet leer spoeg en spit

Dis tyd. Die plein loop oor van studente
Petisies is sarkasties, stront lê rond en bont
Tenks vertrap hul fietse en hul tente

Dis tyd. Die toue skuifel voort, ruikers
Stapel op. Mausoleumwagte karwei hul weg
Besproei hul weer vir môre se verbruikers

Dis tyd. Die Hong Kong-klok stap aan, busse
Wag vir hul drywers. Mao se portret aanskou:
Hemelse vrede is 'n plein vol verveelde toeriste

Dis tyd. Mao gee nie toe. Almal sterf
Maar hy leef voort, in 'n koue kas
Van glas: Sy lyk het die kleur van stopverf

● *INTUSSEN 13 Mei: Brief*

Waarom Pieter Duvenage se kru veralgemening?

Na aanleiding van Pieter Duvenage se resensie van Charl-Pierre Naudé se digbundel *In die geheim van die dag* skryf Karlien de Villiers van Sunnyside, Pretoria op 9 Mei 2005:

Die resensie van Charl-Pierre Naudé se digbundel *In die geheim van die dag* deur Pieter Duvenage het betrekking. Duvenage skryf: "Dit bly 'n misterie dat hierdie vakman van die woord reeds meer as 'n dekade in 'n wesenlik onpoëtiese stad soos Johannesburg kan oorleef – veral in die mistroostige wyke van Johannesburg-Suid, waar hy hom die laaste tyd tuismaak". Hierdie kru veralgemening en vooroordeel teenoor die realiteite van stedelike gebiede gee onnodig aanstoot. Impliseer die skrywer dalk dat 'n pastorale idille of 'n uitsig oor die Wes-Kaapse kus as enigste inspirasie vir digkuns kan dien? Vreemd hoeveel inspirasie digters soos byvoorbeeld Tatumkhulu Afrika en Bukowski, of 'n sanger soos Tom Waits uit die "onpoëtiese" en "mistroostige" dele van groot stede kon put, of moes hulle dalk 'n huisie by die see betrek het om daar 'behoorlike' poësie te versin? ■

● *INTUSSEN 13 Mei*

Wat is in 'n naam?

Nelson Mandela, Pretoria en versoening

Twee oënskynlik onverwante sake was die afgelope weke in die nuus: die misbruik van oud-president Nelson Mandela se naam, en die poging om Pretoria se naam na Tshwane te verander.

In die geval van Mandela se naam gaan dit om drie mense wat na bewering deur swendelkuns miljoene rande gemaak het. Mandela se eertydse regsverteenwoordiger en vertroueling, Ismail Ayob, sy vrou Zamila Ayob en die voormalige veiligheidspolisieman en deesdae bemarker, Ross Calder. Die gesaghebbende en braaf ondersoekende onafhanklike tydskrif, *Noseweek*, het in hul uitgawes van April en Mei 2005 die bedrogspul in besonderhede blootgelê. Volgens *Noseweek* se Mei-uitgawe wil dit voorkom of mnr. Ayob deelgeneem het aan die swendelary omdat hy hom enkele jare gelede in ernstige finansiële moeilikheid bevind het. Hierteenoor bestaan die indruk dat mnr. Calder hoofsaaklik deur gierigheid aangedryf is, veral te oordeel aan 'n voorbladberig in die *Sunday Times* van 8 Mei 2005, waarvolgens Calder meer as vyf luukse voertuie en 'n huis ter waarde van miljoene rande in Constantia, Kaapstad, besit.

Of die drie partye skuldig is, sal uiteraard deur die hof beslis moet word, maar die kern van die saak waarom dit hier gaan, is die goeie naam van oudpresident Mandela. Die Ayobs en Calder word daarvan verdink dat hulle Mandela se handtekening op kunswerke en in "getekende" kopieë van Mandela se outobiografie vervals het. Volgens *Beeld* van 11 Mei 2005 verklaar Mandela in die hofstukke: "Die onwettige aksies van Ayob en Calder berokken skade aan dié erfenis wat ek graag wil skep. Ek ly skade en sal aanhou om onmeetbare skade aan my naam en reputasie te ly."

Mandela se naam het geword wat dit is weens die stryd om geregtigheid en demokrasie waarmee dit verbind is, en die besondere rol wat Mandela 'n leeftyd lank in hierdie stryd gespeel het. Anders as in die geval van 'n handelsmerk wat met groot geld opgebou is, is Mandela se naam oor 'n lewe lank gebou deur 'n politieke praktyk waarin hy klassieke deugde soos durf, eerbaarheid en vergewensgesindheid uitgeleef het – maar wat ook nie sonder kommersiële waarde is nie. (Die kommersialisering van die rewolusionêr Che Guevara se naam is 'n onheilspellende voorteken van wat met Mandela se naam kan gebeur.) Juis omdat Mandela met sy sterk wortels in sy landelike gemeenskap van kindsbeen af hierdie deugde ontvang het, kon hy 'n deugsame, dapper politiek beoefen. Dit is hierdie nalatenskap waaruit allerlei moralistiese en magsondernemers al geruime tyd munt slaan, en hierby kom nou boonop swendelondernemers.

In die geval van Pretoria se naam gaan dit om 'n ondemokratiese, onverdraagsame magskliek in die Tshwane Metropolitaanse Raad (TMR), wat op kortsigtige wyse kom torring het aan die konsensus wat die afgelope jare met betrekking tot dié naamkwessie gegeld het, naamlik dat daar van die Groter Tshwane Metropolitaanse Gebied met Pretoria as deel daarvan gepraat word. So is verskillende gemeenskappe vir wie die onderskeie name belangrik is, erken in die versoenende gees wat deur Mandela nà 1994 gedemonstreer is.

Nà 'n onbekookte poging verlede jaar om summier weg te doen met die naam Pretoria het die burgemeester van die TMR, vader Smangaliso Mkhatshwa, 'n groep akademici versoek om hom oor die kwessie te adviseer. Die verslag van hul werksaamhede is in Desember 2005 aan Mkhatshwa oorhandig, maar hy het nie sy belofte nagekom om dit openbaar te maak nie. Daar is inteendeel voortgegaan met die proses om eensydig met die naam Pretoria weg te doen.

Hierdie poging het egter vandeesweek twee terugslae beleef. Eerstens het dit bekend geword dat die gesagsowerheid vir reklamestandaarde (ASA) verlede week bevind het dat advertensies waarin die TMR na Tshwane as hoofstad verwys, misleidend is en onmiddellik gestaak moet word. Tweedens het Die Pretoria Burgerlikse Aksie (PBA), waarby onder meer Solidariteit en die FAK betrokke is, gereageer deur hulle op die Wet op Munisipale Geldbestuur te beroep en in 'n brief aan die TMR amptelik versoek dat Mkhatshwa, die TMR se munisipale bestuurder, mnr. Blake Mosley-Lefatola en ander politici en amptenare "wat verantwoordelik is vir die voer van 'n misleidende advertensieveldtog om Tshwane as Afrika se voorste hoofstad te bemark, persoonlik instaan vir die geld (R24 miljoen) wat op dié veldtog vermors is" (*Beeld*, 10 Mei 2005).

Op die koop toe het die TMR ook uit 'n ander oord onverwagse kritiek gekry, naamlik van die Ndebele-konings, Makhosoke II en Mayisha III. Volgens dieselfde uitgawe van *Beeld* het hoofman Tshwane slegs 'n deel van die Ndebele-volk verteenwoordig. In gesprekke met die PBA het hulle te kenne gegee dat hulle, as die naam dan moet verander, eerder die naam Musi (eertydse koning van die hele Ndebelevolk) of KwaMyamana verkies, en sou hulle steeds Pretoria bo Tshwane verkies. Die konings se beswaar sal waarskynlik volgende week met die TMR bespreek word, en daar is aanduidings dat die PBA en die Ndebele-konings gaan saamspan om die huidige poging tot naamsverandering teen te staan.

Pretoria is een van die min plekke in Suid-Afrika wat nie rondom landbou, 'n kerk of handel gestig is nie, maar wel as 'n *politieke daad*, naamlik 'n republikeinse stad. Later sou die stad sentraal wees in die anti-koloniale en anti-imperiale vryheidstryd van Afrikaners. Ofskoon dit na 1948 weens verskerpte verstaatliking toenemend met 'n ondemokratiese politiek verbind is, was dit steeds 'n stad met ander trotse gemeenskapstradisies, waaruit beduidende intellektuele, literêre en kunswerke gekom het. Sedert 1994 het van die belangrikste werk wat in Afrikaans op hierdie gebiede gedoen word, ook uit Pretoria gekom. Daarbenewens is 'n sterk swart middelklas veral rondom die staatsdiens in Pretoria gevestig, het die diplomatieke korps vertienvoudig sedert 1994 met groot verteenwoordiging uit Afrika, en is van Suid-Afrika se belangrikste swart intellektuele vandag in die stad werksaam. President Thabo Mbeki het die Universiteit van Pretoria onlangs as 'n model van 'n Afrika-universiteit uitgesonder.

Dit is dus 'n stad wat opnuut in die hart van die politieke, intellektuele, literêre en kunslewe van Suid-Afrika staan. Deur hulle anti-koloniale, anti-imperiale en republikeinse tradisies vandag te herontdek, kan Afrikaners hulleself saam met Afrikane heruitvind in Pretoria. 'n Klein voorbeeld hiervan is inderdaad die samewerking tussen die PBA en die Ndebele-konings.

Sowel die naam Mandela as die naam Pretoria het oor 'n baie lang tyd iets besonders geword weens 'n trotse politieke geskiedenis. Nà 1948 is die naam Pretoria deur magsondernemers besoedel, net soos wat die naam Mandela nou deur verskillende soorte ondernemers besoedel word. Dat dit langer sal neem om Pretoria se naam in ere te herstel, is so, maar die proses is op dreef. Dat Mandela se naam skade berokken is, is ook so, maar dit kan deur sowel die reg as gewone Suid-Afrikaners beskerm word.

Mag die Afrikaners en Afrikane vir wie hierdie twee name kosbaar is die nodige durf, eerbaarheid en vergewensgesindheid aan die dag lê om hierdie twee name van opportunistiese ondernemers te red en in ere te herstel. ■

Thabo Mbeki as tragiese figuur

Vervolg vanaf bladsy 8...

kan, gegewe die koloniale aard van die Suid-Afrikaanse staatsbestel (en sy afhanklikheid van die nog meer koloniale korporatiewe sektor) nie met dieselfde mate van sukses as in, sê, Swede of Duitsland toegepas word nie. Ekonome soos Johan van Zyl en Norman Reynolds het al dikwels aangevoer dat post-koloniale Afrika twee kenmerke deel: nóg besluitnemingsbevoegdheid, nóg kapitaal word na plaaslike gemeenskappe afgewentel, met die gevolg dat die staat en sy beherende elite absolute beheer oor die land en die ekonomie behou.

Die belangrikste remedie vir hierdie probleem is die uitbouing van 'n sterk burgerlike gemeenskap wat die gemeenskap self as die belangrikste agent van ekonomiese ontwikkeling voorhou. Om gemeenskappe in Suid-Afrika tot op hierdie punt te kan bring, is sowel intergemeenskaplike samewerking as moedertaalonderrig ter wille van groter kognitiewe en politieke begrip van die allergrootste belang.

Maar terug na Gumede se boek: in weerwil van die mindere gebreke van die boek is dit 'n tydige en noodsaaklike gids tot die moderne Suid-Afrikaanse politiek. Enigiemand wat hierdie komplekse onderwerp beter wil verstaan, sal baat vind by hierdie werk. ■

● *INTUSSEN 13 Mei*

Barclays se oorname van ABSA

In al die kommentaar wat oor Barclays se oorname van ABSA gelewer is, is min aandag gegee aan die verhouding tussen Afrikaners en Afrika wat hier in die spel is. Volgens *Business Day* van 11 Mei 2005 beplan Barclays en Absa om die grootste bank in die Afrikamark te word.

Anders as die ander drie groot banke in Suid-Afrika het ABSA minstens via een van sy oorspronklike vier onderdele, Volkskas, 'n unieke geskiedenis as 'n bank met sterk wortels in 'n gemeenskap. Soos alom bekend is, is Volkskas aanvanklik in die 1930's gestig om Afrikaners te help om na die Depressiejare weer ekonomies op die been te kom. Hierna is toentertyd as volkskapitalisme verwys.

Volkskas was destyds saam met Sanlam en ander Afrikanerondernemings die ekonomiese arm van die Afrikaner-nasionalistiese beweging wat sy grootste oomblikke met die Nasionale Party se verkiesingsoorwinning op 26 Mei 1948 en Suid-Afrika se republiekwording op 31 Mei 1961 beleef het.

Reeds teen die middel van die 1960's was dit duidelik dat Afrikaner-nasionalisme op die terreine van die ekonomie, die politiek en die taal al sy belangrikste oogmerke verwesenlik het. Die tragedie van Afrikanernasionalisme is dat dit nie daarna 'n nuwe politiek kon beoefen en die demokrasie in Suid-Afrika verdiep nie. Hiervoor moes Suid-Afrikaners tot 1994 wag, toe Afrikaners in die onderhandelinge met die Afro-nasionaliste van die ANC gelei is deur mense wat lankal bloot nog in naam nasionaliste was, en by wie dié ideologie eintlik nog net as instrument van bevoorregting betekenis gedra het.

Vanaf die laat 1980's het al die groot Afrikanerbesighede op al hoe groter skaal buite eie gemeenskap handel gedryf. Vandag vorm wins uit Afrikanersake maar 'n klein deeltjie van die totale wins van ondernemings soos Sanlam, Remgro, Naspers en, les bes, Absa.

Een van die dinge wat Absa onderskei, is dat dit die tweede grootste besteder aan maatskaplike belegging in Suid-Afrika is. In die Afrikaanse wêreld ondersteun Absa *Die Vrye Afrikaan*, Litnet en die Klein Karoo Nasionale Kunstefees, maar buite die Afrikaanse wêreld is daar 'n baie lang lys verdienstelike sake wat ook deur Absa ondersteun word. Ofskoon Absa homself in die harde korporatiewe wêreld moet handhaaf, onderstreep hierdie maatskaplike betrokkenheid dat die bank en die Afrikaners wat hom tot nou toe beheer het, nie vergeet het waar hulle vandaan kom nie.

Die Vrye Afrikaan wens Absa en Barclays geluk met hul transaksie, en hoop van harte dat hulle ambisie om Afrika se grootste bank te word nie net in die teken van die goeie buurskap tussen Afrikaner en Afrikaan sal staan nie, maar dat dit deur dieselfde maatskaplike bewussyn as Absa se Suid-Afrikaanse bedrywighede gekenmerk sal word. ■

● *INTUSSEN 13 Mei: Lesersbrief van die week*

"Moet asseblief nie Die Vrye Afrikaan in die rigting van Middel-Amerika draai nie"

met kommentaar van ons redakteur

Na aanleiding van ons Redakteur se skramse verwysing na waarom *Die Vrye Afrikaan* geensins van plan is om in die rigting van Middel-Amerika te skuif nie, skryf Fanie Cronjé van Pretoria op Vrydag 8 Mei 2005:

Dankie vir hierdie inisiatief. Dankie dat hierdie tydskrif nie "Middel-Amerikaans" is nie. Moet dit asseblief nie eers oorweeg om in daardie rigting te draai nie. Ons gemeenskap is wragtig reeds tot oorlopens toe vol daarvan. Die enigste rede waarom ek op *Die Vrye Afrikaan* ingeteken het, is sy meer Franse (Europese) en filosofiese besinning. Dankie en doen asseblief so voort.

Ons redakteur antwoord:

Geagte mnr. Cronjé,

In dié rigting sal Die Vrye Afrikaan geensins draai nie, behalwe in soverre ons simpatie het met die Amerikaanse middelklas wat self deur die Amerikaanse elite, "links" sowel as "regs" mislei en uitgebuit word. Die feit van die saak is dat daar in die 21ste eeu reeds twee en moontlik 'n derde magsblok op die wêreldtoneel verskyn, naamlik die VSA en Sjina, met Europa as moontlike derde magsblok. As Europa haarself rondom 'n beduidende nuwe politieke droom kan heruitvind, kan dit van die grootste belang vir hierdie magsbalans wees. Europa onderskei haarself tans onder die besinnendes in verskillende skakerings van melancholie waaruit so 'n nuwe politieke droom miskien mag kom - of nie. Afrika, Latyns-Amerika en die res van Asië buiten Sjina, Japan en Indië staan in 'n sekere sin marginaal tot hierdie botsing, maar het juis daarom ook die kans om geleidelik 'n alternatief vir die wêreld te vestig, veral as gemeenskappe sentraal gestel word. Hiertoe is Die Vrye Afrikaan verbind. ■

Ope brief deur die FAK oor moedertaalonderrig vir alle Suid-Afrikaners aan president Thabo Mbeki

10 Mei 2005

President T Mbeki
Die Presidensie
Uniegeboue
PRETORIA

Geagte president Mbeki,

Soos u, is die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) in hart en niere verbind tot die afwerping van Afrika se koloniale kettings – per stuk van sake was Afrikaners een van die eerste inheemse groepe in Afrika om 'n anti-koloniale vryheidstryd te voer.

Een van die sleutels van ware vryheid is moedertaalonderrig binne 'n nierassige, demokratiese omgewing. Afrikaners se geskiedenis bewys dit ook, want dit was op die ontwikkeling van ons moedertaal wat eers politieke en later ekonomiese vryheid vir Afrikaners gevolg het. Daarom steun die FAK ook die jongste verslag van die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram wat daarop wys dat met die nodige politieke wil Afrika se 15 grootste tale ontwikkel kan word, wat meer as 85% van Afrika se mense onmiddellik sal bevoordeel. Die FAK stem ook met die verslag saam as dit bevind dat die verwaarlosing van Afrika se inheemse tale die afgelope 50 jaar een van die belangrikste redes is waarom Afrika steeds onder die koloniale erfenis van armoede, geweld en 'n gebrek aan selfrespek gebuk gaan.

U self en verskeie woordvoerders van die regering het al by meer as een geleentheid 'n mondelinge verbintenis tot die ontwikkeling van ons inheemse tale bewys, maar ongelukkig is daar min hiervan in die praktyk te sien. Die onderwys is 'n goeie voorbeeld hiervan. In weerwil van die Nasionale Departement van Onderwys se verbintenis tot moedertaalonderrig vir almal, verskaf die Departement slegs in Afrikaans en Engels leermateriale hoër as graad 3. Op die koop toe neem die Departement geen inisiatief om ouers oor die voordele van moedertaalonderrig in te lig nie. Gevolglik is dit slegs Afrikaanse en Engelse moedertaalsprekers wat werklik – net soos tydens apartheid – die vrugte van moedertaalonderrig kan pluk, terwyl die meerderheid van Suid-Afrika se kinders effektief in hul tweede of derde taal nà graad 3 onderrig word.

Wat Afrikaanse skole betref, het tot soveel as 50% van hierdie skole sedert 1994 verdwyn, veral weens die druk om in die naam van toeganklikheid te verengels. Hier word die grootste fout begaan, naamlik om toegang gelyk te stel met onderrig in Engels. Wat in feite gebeur, is dat die staat besig is om die nasionale onderwysstelsel te verengels, en dít is wat die meerderheid van Suid-Afrika se kinders die reg op toegang tot gehalteonderwys ontneem. Afrikaanse skole wat uit 'n trotse anti-koloniale tradisie van meer as 150 jaar se moedertaalonderrig kom, en wat hulle verset teen die druk om te verengels, word dan uitgebeeld as hindernisse in die weg van transformasie en toegang, ofskoon minder as 3% van die staatskole in Suid-Afrika Afrikaans is.

Twee huidige voorbeelde hiervan is Laerskool Mikro in die Wes-Kaap en Hoërskool Kalahari in Kuruman. Hoewel beide hierdie skole 'n beduidende aantal leerders het wat nie wit is nie, is hulle tans in hofsake gewikkel om moedertaalonderrig vir hulle historiese voedingsgemeenskappe te verseker. Daar is sterk aanduidings dat die instelling van parallel/dubbelmediumonderrig by hierdie twee skole hulle binne enkele jare sal verengels en sodoende verseker dat nóg die huidige Afrikaanse leerders, nóg hul eweknieë van ander tale, waarvan feitlik niemand Engels as moedertaal het nie, gehalteonderwys sal geniet.

Die FAK tree tans as koördineerder van 'n nasionale onderwysaksie vir Afrikaans op, en meer as 20 organisasies uit die Suid-Afrikaanse burgerlike samelewing is hierby betrokke. As resultaat van uitgebreide oorlegpleging met die Afrikaanse burgerlike samelewing doen die FAK hiermee 'n beroep op u om in te gryp sodat onnodige regsaksies soos teen Laerskool Mikro en Hoërskool Kalahari voorkom kan word en die geskil by wyse van onderhandeling met die nasionale onderwysaksie vir Afrikaans opgelos kan word. Die FAK doen verder 'n beroep op u om die Nasionale Departement van Onderwys se beleid van moedertaalonderrig vir almal dadelik in die praktyk om te skakel. In die geval van Afrikaanse skole vra die FAK u om te verseker dat 'n soepel nasionale beleid ontwikkel word om die voortbestaan van Afrikaanse skole te verseker. Ervaring het geleer dat so 'n beleid gewoonlik Afrikaanse enkelmediumonderrig beteken, maar soms kan parallelmediumonderrig ook die oplossing wees.

Die FAK wil graag sien dat alle Suid-Afrikaanse kinders mag deel in die voorreg van moedertaalonderrig, maar die FAK wys u ook daarop dat ons nie kan toesien dat Afrikaanse kinders deur 'n hernude beleid van die verengelsing van die onderwysstelsel nogmaals in hul eie land gekoloniseer word nie. Dit is wat in feite besig is om te gebeur, en dit is reeds besig om groot ontevredenheid met die staat in die Afrikaanse wêreld te laat oplaai. Daarom doen die FAK ook op u 'n beroep om te verseker dat die reg op toegang tot gehalteonderwys en die reg op moedertaalonderrig nie langer verkeerdelik teen mekaar afgespeel word nie. ■

● *INTUSSEN 20 Mei*

Stem 'nee' vir die Europese Grondwetlike Verdrag!

Ofskoon Suid-Afrikaners geen seggenskap oor die voorgestelde Europese Grondwetlike Verdrag (EGV) – in die omgangstaal bekend as die Europese Grondwet – het nie, kan die aanvaarding van hierdie onbekookte neoliberale dokument verreikende gevolge vir ons land en ons vasteland inhou.

In vandeesweek se Afrikaanse mini-uitgawe van Mei se *Le Monde diplomatique* gee Bernard Cassen, senior joernalis by dié koerant en spesialis van die Europese Unie (EU), 'n verwoestende ontleding van die ondemokratiese en neoliberale grondslae van die EGV. (Cassen se ontleding kom op die vooraand van Sondag 29 Mei se Franse referendum oor die EGV.)

Cassen toon aan dat daar veral vyf areas is wat enige regdenkende demokraat sal laat "nee" stem vir die EGV: die onderwerping van openbare dienste aan die allerheilige markwaarde van mededinging; die verwatering van sleutelregte wat na lang demokratiese stryde in Europa gevestig is; die toenemende sentralisering van besluitnemingsbevoegdheid in instellings van die EU soos die Europese Kommissie; 'n streng voorkeur vir ekonomiese waardes bo politieke waardes; en die uiteindelike ondergeskikstelling van die EU se verdedigingsbeleid aan dié van die VSA, weliswaar onregstreeks via die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO), waarvan nie eens al die huidige 25 lede van die EU ondertekenaars is nie!

Die Franse referendum oor die EGV vind plaas teen die agtergrond van die toename van ondemokratiese, neoliberale, gemeenskapsvyandige praktyke in die EU, minstens sedert die ondertekening van die Maastricht-verdrag van 1992. Hierdie praktyke sluit in 'n verwatering van Europa se sosiaal-demokratiese tradisie ten gunste van die naakte mededinging van die Anglo-Saksiese neoliberale model van mededinging bo alles; die opwenteling van Europese besluite na burokrate, eerder as die afwenteling daarvan na burgers en gemeenskappe; en, les bes, die burokratiese verdoeseling hiervan. (Dit wil nie sê dat mededinging as sodanig sleg is nie, maar die uitdaging bly om mededinging só aan te wend dat dit vir gemeenskappe voordelig is – iets waarvan daar nog te min gesien word.)

Cassen wys dan ook tereg daarop dat daar nou vir die eerste maal in die Franse debat oor die EGV die verband tussen die liberale beleidsrigtings van die EU en dié van lidstate getrek word, waarin 'n blinde geloof in die mark bo demokratiese betrokkenheid van burgers en gemeenskappe gestel word.

Dat 'n sterk Europa nodig is in die aangesig van 'n oënskynlik almagtige VSA, val nie te betwyfel nie. Ook Afrika kan net baat vind by 'n sterk Europa, veral gegewe die lang historiese verbintenisse tussen dié twee vastelande – al was en is die verbintenisse geensins te alle tye gelukkig nie, lyk dit tog aansienlik beter as die rekord van die VSA met betrekking tot insig in Afrika se vraagstukke.

Wat egter sedert die Val van die Berlynse Muur toenemend gebeur het, is dat die kulturele en politieke aspekte van die Europese projek in die aangesig van Amerikaanse ekonomiese mededinging verwater is, in so 'n mate dat feitlik elke lewensterrein vandag aan die hand van die waardes van die mark beoordeel word. Hierdie markfundamentalisme bedreig die demokrasie self in Europa, aangesien 'n elite van tegnokrate, burokrate, politici en multinasionale maatskappye toenemend die mag in Europa beheer, en burgers en gemeenskappe toenemend ontmagtig is en word deur die normale magshefbome soos verkiesings. Dit is dus geen wonder dat daar nie net massiewe kiesersapatie in Europa posgevat het nie, maar dat die alterglobalistiese beweging as demokratiese alternatief vir institusionele demokrasie en sy tekorte die afgelope jare so sterk na vore getree het.

Op die vooraand van die Franse referendum oor die EGV het die ondenkbare gebeur: daar is sterk aanduidings dat die Franse, waarsonder geen Europese projek kan standhou nie, "nee" kan stem in 29 Mei se referendum. In Frankryk self word hierdie moontlikheid deur die oorgrote meerderheid van die politieke klas gedemoniseer, en is heelwat van die "inligting" en "debatte" oor die EGV niks anders nie as propaganda vir 'n "ja"-stem. Die ideologiese misleiding wat hier gepleeg word, is duidelik: in die naam van Europa word mense opgeroep om te stem vir… 'n Europa wat die beste in die politieke, ekonomiese en kulturele tradisies van Europa misken, burgerskap ondermyn, en gemeenskappe nog minder outonoom maak as wat reeds die geval is.

Die Vrye Afrikaan doen 'n beroep op die Franse burgery om op Sondag 29 Mei in groot getalle na die stembus op te ruk om hierdie onbekookte verdrag snippermandjie toe te stuur. Suid-Afrika en Afrika kan nie 'n markfundamentalistiese, ondemokratiese Europa bekostig nie – en die wêreld ook nie. ■

LE MONDE
diplomatique

8 Mei 1945: Lesse uit die geskiedenis
– *die versteekte gelate van die Tweede Wêreldoorlog*

Deur Ignacio Ramonet
Vertaal deur Christel Cattin

Sestig jaar gelede, op 8 Mei 1945, het die Tweede Wêreldoorlog in Europa ten einde gekom met die ineenstorting van die Derde Duitse Ryk. In Asië sou die oorlog nog voortduur tot 2 September 1945, toe die Japannese verteenwoordigers, oorweldig deur die eerste atoombomme, hul land se oorgawe op die dek van die Amerikaanse oorlogskip, *Missouri*, geteken het.

Is dit nodig om weer eens hierdie konflik op te haal terwyl die groot mediakoor ons daarmee bombardeer tydens die veelvuldige herdenkingseremonies (1) – die inval in Normandië, die bevryding van Parys, die verlossing van Auschwitz en Buchenwald daarna, die val van Berlyn –, 'n stroom van beelde en nimmereindigende kommentaar oor die belangrikste episodes? Die antwoord is: ja. Om 'n eenvoudige rede: die plegtigheid rondom die herdenkings verberg en versmoor die sin van die gebeurtenis. Die paradoks is die volgende: die media herinner... om beter te laat vergeet.

Die historikus Eric Hobsbawn het ons gewaarsku : "Vandag," bevestig hy, "word die geskiedenis meer as ooit geredigeer, of selfs verdig, deur mense wat nie die ware verlede wil ken nie, maar slegs 'n verlede wat ooreenstem met hul eie belange. Ons leef in die era van die groot historiese mitologie (2)."

Namate tyd ons van die gebeure verwyder, verdwyn direkte getuies; lesse wat ter plaatse geleer is, stomp af, vervaag. En die media wat nie die streng nougesetheid van historici besit nie, herkonstrueer 'n verlede volgens modegiere wat net te gereeld bepaal, gekorrigeer, verbeter word... deur die hede. 'n Verlede gesuiwer, gelouter, gewas van alles wat vandag kan hinder. Wat dit betref, – nog 'n paradoks –is daar min verskille tussen hierdie nuwe "amptelike geskiedenis" en staatsensuur in nie-demokratiese lande. In beide gevalle is dit 'n hersiene verlede wat vandag aan jong generasies oorgedra word. En dit is teen so 'n verdraaiing van die geskiedenis wat dit nodig is om te rebelleer.

Die Tweede Wêreldoorlog was die sentrale oomblik van die twintigste eeu. Een van die mees gewelddadige en belangwekkende gebeurtenisse in die geskiedenis van die mensdom. Eerstens, as gevolg van die mateloosheid, die ongeëwenaarde omvang daarvan. Met die uitbreiding en verskerping van die konflik het die slagveld regoor die planeet uitgebrei en is al die vastelande, behalwe Antarktika, daardeur geraak. Teen 1945 was amper alle onafhanklike state daarby betrokke. Die groot imperiale magte het hulle kolonies in Afrika en Asië - of dié wou of nie - by die konflik betrek. Al die Suid-Amerikaanse lande het hulself aan die saak van die Geallieerdes verbind (3); Brasilië het sover gegaan om 'n ekspedisiemag te vorm wat in Italië gaan veg het. Met die val van die Hitleriaanse Ryk, was slegs nege wêreldstate (Afganistan, Denemarke, Spanje, Ierland, Mongolië, Nepal, Portugal, Swede en Switserland) steeds amptelik neutraal.

'n Ongekende aantal troepe is gemobiliseer vergeleke met enige vorige konflik. Terwyl die Japannese 'n nimmereindige oorlog in Asië voorgesit het om die oorhand in Sjina te kry, het Duitsland 3 miljoen soldate in die *Wehrmacht* gemobiliseer om Pole in 1939 te beset. Kort daarna sou 6 miljoen in gelid wees om 'n "voorkomende oorlog" in die Sowjet-Unie te onderneem, wat op sy beurt 11,5 miljoen troepe in die opposisiemagte sou gebruik. En toe die Verenigde State tot die oorlog toetree, nadat hulle op hul beurt slagoffer was van die Japannese se "voorkomende aanval" by Pearl Harbour op 7 Desember 1941, sou hulle nie minder nie as 12 miljoen soldate mobiliseer...

Hierdie planetêre oorlog was ook 'n "algehele oorlog", wat gekenmerk sou word deur die uitbreiding van die "dodelike sone" ver buite die spreekwoordelike slagveld. Die burgerlike bevolkings regoor Europa, Wes-Rusland en Oos-Asië sou ly onder krygsverrigtinge, die nabyheid van die vele fronte, deursoekings, onderdrukkings of gereelde bombarderings. Sonder om te praat van vervolgings en bloedbaddens vir ideologiese motiewe of om rassistiese beleidsrigtings, waarvan miljoene burgerlikes die slagoffers was (by uitstek Europese Jode, Sigeuners, Sjinese en Koreane) van die Spilmoondhede (Duitsland, Italië, Japan), veral in Oos-Europa en Sjina.

Die lewenskoste bereik 'n geskiedkundige hoogtepunt. Die aantal sterftes word op ongeveer 50 miljoen beraam. Die raming is hoër in Europa as in Asië, en veel hoër in Oos-Europa as in die Weste. Die Sowjet-Unie se leër – die Rooi Leër – alleen het sowat 14 miljoen troepe verloor: 11 miljoen op die slagveld (waarvan 2 miljoen op die Verre Oosterse fronte) en 3 miljoen in Duitse krygsgevangenekampe. Sommige groot veldslae soos Stalingrad (September 1942-Februarie 1943), die inval in Normandië (Junie 1944) of die oorname van Berlyn (20 April - 8 Mei 1945) sou meer dodelik blyk te wees as die Eerste Wêreldoorlog se ergste konfrontasies.

Aan die Geallieerdes se kant het 300 000 Amerikaners, 250 000 Britte en 200 000 Franse in die stryd omgekom. Japan het 1,5 miljoen stryders verloor. Maar een van die hoofoorsake van lewensverlies was die konfrontasie tussen die *Wehrmacht* en die Rooi Leër in die Ooste van Europa wat geëindig het met 'n verlies van ten minste 11 miljoen soldate aan beide kante en meer as 25 miljoen beseerdes...

Vir die eerste keer gedurende 'n oorlog het die aantal burgerlike slagoffers dié van gesneuwelde soldate by verre oorskry. Meer nog, burgerlikes was dikwels die slagoffers van wandade, gepleeg om die teenstander te terroriseer. Byvoorbeeld, in Asië het Japan die noorde van Sjina reeds in 1937 binnegeval, Peking beset en sy leër na Nanking gestuur waar die Sjinese regering destyds gesetel was en wat besluit het om weerstand te bied. Ná die oorname van Nanking het die Japannese Weermag tot 'n ware bloedbad oorgegaan Die meer as 200 000 Sjinese wat hulself steeds in die stad bevind het, is almal tereggestel onder gruwelike omstandighede. Die vroue is wreedaardig verkrag, die mans en kinders is lewendig begrawe of gemartel volgens spesifieke riglyne. Die stad is geplunder en daarna geheel en al afgebrand.

Prins Asakasa, die opperbevelvoerder van hierdie bloedbad, is nooit na die oorlog ondervra nie. Selfs vandag nog minimaliseer sommige Japannese skoolhandboeke hierdie misdaad. Dit maak, en met reg, die Sjinese en Koreane woedend, soos 'n mens dit Aprilmaand weer eens kon opmerk tydens die groot anti-Japannese demonstrasies in Beijing. In teenstelling met Duitsland, het Japan nog nooit sy afstootlike oorlogsmisdade teenoor Sjinese en Koreaanse burgerlikes op 'n oortuigende wyse beken nie.

Hongersnood het allerweë besette bevolkings afgemaai. In Leningrad (vandag Sint-Petrusburg) het meer as 500 000 burgerlikes van ontbering gesterf tussen November 1941 en Januarie 1944. Massiewe bombarderings van stede het ook plaasgevind. Al die oorlogvoerendes het gewetenloos opgetree teenoor weerlose groot agglomerasies. Die Hitleriaanse magte het daarmee begin met herhaalde lugaanvalle tussen 10 September 1940 en 15 Mei 1941 op Engelse stede (waaronder Coventry), met meer as 50 000 burgerlike slagoffers tot gevolg. Soos verskeie ander stede is Warskou tot op die grond vernietig tussen November en Desember 1944 deur terugvallende Duitse troepe. Die Geallieerdes het op 13 Februarie 1945 teruggekap met die vernietiging van Dresden, met tienduisende burgerlike slagoffers tot gevolg, waaronder vele vlugtelinge. En op 8 en 11 Augustus 1945 is die Japannese stede van Hiroshima en Nagasaki totaal uitgewis deur die eerste atoomaanvalle in die geskiedenis.

Daar was ook uittogte of geforseerde marse wat ontelbare slagoffers onder krygsgevangenes of verplaaste bevolkings geëis het; byvoorbeeld, net in 1945, het meer as twee miljoen Duitsers gesterf terwyl hulle te voet weswaarts gevlug het voor die Sowjetmag in aantog. En daar was ook die misdaad bo alle misdade, die Nazis se stelselmatige uitwissing van ses van die twaalf miljoen Europese Jode omrede hul anti-Semitiese haat.

Die Tweede Wêreldoorlog, weens die apokaliptiese afmetings daarvan, en die orkane van geweldpleging, wreedaardigheid en dood wat dit oor die wêreld laat woed het, het nie net die internasionale geopolitiek drasties verander nie, maar ook denkwyses. Vir die geslagte wat hierdie oorlog deurgemaak het en die geweld daarvan oorleef het, kon niks weer soos voorheen wees nie. Met die verloop van hierdie konflik het die mensdom in 'n tipe afgrond van boosheid neergestort en tot 'n mate sover gekom om homself te ontmens. Veral in Auschwitz. Nà die oorlog was dit nodig om met 'n vernuwing, 'n heropbou van die menslike gees te werk te gaan. 'n Her-mensliking van die mensdom.

Die wêreld soos ons dit vandag ken, is steeds tot 'n groot mate gevorm deur die trauma van hierdie oorlog. Lesse is daaruit geleer, vernaamlik twee:
- eerstens, dat 'n soortgelyke konflik ten alle koste vermy moet word. Dit het die internasionale gemeenskap laat voortgaan om reeds in 1945 met 'n nuwe instrument vorendag te kom : die Verenigde Nasies-Organisasie (VN), waarvan die hoofdoel steeds is om oorloë te vermy; - tweedens, dat die Fascistiese en Nasionaal-Sosialistiese teoriëe, tesame met die Japannese Militêre Imperialisme, skuldig bly aan die feit hulle dat die wêreld in die afgrond van so 'n gruwelike oorlog gedompel het. Regeringstelsels wat op anti-Semitisme, op rassehaat of op diskriminasie gebaseer is, is gevaarlik, nie net vir hul eie bevolking nie, maar vir die mensdom in sy geheel. Dit is eweneens hoekom die Tweede Wêreldoorlog natuurlik opgevolg is deur die geboorte van Israel en deur die groot herontwaking van die gekoloniseerde nasies in Afrika en Asië.

Maar dit wil voorkom asof selfs die oorwinnaars die lesse van hierdie oorlog vergeet het. Byvoorbeeld, Rusland, onder president Vladimir Poetin, doen homself oneer aan deur die blinde onderdrukking en magsmisbruik in Tsjetsjnië. En in die Verenigde State gebruik president George W. Bush se administrasie die afskuwelike terreuraanvalle van 11 September as dekmantel om die regstaat te bevraagteken. Washington het die beginsel van "voorkomende oorlog" herstel om Irak binne te val, "detensiekampe" gestig waar gevangenes van hul regte ontneem word en gedoog martelingspraktyke.

Hierdie uiters ernstige vergrypings sal mnre. Poetin en Bush geensins verhinder om op 8 Mei die sentrale ereplek in te neem by seremonies wat die nederlaag van die Derde Ryk herdenk nie. Die media sal sy waagkans om hulle daaraan te herinner dat hulle hul posisie wederregtelik toe-eien, omdat hulle die groot ideale van 1945 se oorwinning verraai het, grootliks vermy.

---

(1) Lees Dominique Vidal, "*Commémorations...* ", *Le Monde diplomatique*, Maart 2005.
(2) Eric Hobsbawm, *Interesting Times. A Twentieth-Century Life*, Londen: Pantheon Books, 2003.
(3) Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die "Geallieerdes", dit wil sê die demokratiese state wat verenig was rondom die Verenigde State en die Verenigde Koninkryk, asook die Sowjet-Unie, stelling geneem teenoor die Spilmoondhede (Duitsland, Italië, Japan). ■

Dossier: Die politiek van visie nou

Die wraak van die globale finansiewese

Le Monde diplomatique

Star Wars III

In wedywering met die Christendom is die New Age-Boeddhisme vandag ’n gier as ’n poging om die opkoms van die finansierskapitalisme en die stres verwant aan tegnologiese vooruitgang aanvaarbaar te maak. Selfs die regisseur George Lucas ontsnap nie aan hierdie invloed nie. Hiervan getuig *The Revenge of the Sith*, die laaste aflewering van die *Star Wars*-sage, wat vandag, die 20ste Mei, in Suid-Afrika open.

Deur Slavoj Zizek, filosoof en navorser aan die Universiteit van Ljoebljana, Slowenië. Uit sy pen het onlangs verskyn Que veut l'Europe? *(Parys: Climats, 2004) en* Lacrimae Rerum *(Parys: Editions Amsterdam, 2005) Vertaal deur Johann Rossouw*

Deur uiteindelik in *The Revenge of the Sith* (episode 3 van die “eerste trilogie”) die kritieke oomblik van die hele *Star Wars*-sage (1) af te lewer, naamlik die verandering van die “goedaardige” Anakin in die “boosaardige” Darth Vader, trek die regisseur, George Lucas, ’n parallel tussen die individu en die politiek. Op die vlak van die individu gee die verduideliking blyke van ’n soort pop-Boeddhisme: “Hy verander in Darth Vader omdat hy hom aan dinge verknog,” verduidelik Lucas. “Hy kry dit nie reg om van sy ma afskeid te neem nie. Hy kry dit nie reg om van sy nooi afskeid te neem nie. Hy kry dit nie reg om dinge af te sweer nie. Hierdie verknogtheid maak hom gierig. En as jy gierig is, is jy op die weg van die donker kant omdat jy bang is jy verloor wat jy besit” (2). Die Orde van die Jedi (3) verskyn daarenteen as ’n geslote manlike genootskap wat sy lede enige verknogtheid verbied, soos ’n nuwe weergawe van die Genootskap van die Heilige Graal gevier deur die komponis Richard Wagner in *Parsifal*.

Die politieke verduideliking is nog meer veelseggend: “Hoe het die republiek in die ryk verander? (Parallelle vraag: hoe het Anakin Darth Vader geword?) Hoe verander ’n demokrasie in ’n diktatuur? Dit is nie omdat die ryk die republiek verower het nie; dit is omdat die ryk die republiek is” (4). Die ryk word uit die inherente korrupsie van die republiek gebore: “Op ’n mooi dag,” vertel Lucas, “het Prinses Leia en haar vriende wakkergeskrik en gesê: 'Dis nie meer die republiek nie, dis nou die ryk. Ons is die booswigte” (5).

Ons sal ’n fout maak as ons die hedendaagse konnotasies van die verwysing na Antieke Rome in hierdie verandering van die nasiestate in ’n globale ryk ignoreer. Die problematiek van *Star Wars* (die oorgang van die republiek na die ryk) moet dus juis geplaas word binne die konteks beskryf deur Antonio Negri en Michael Hardt in hulle boek *Empire* (6), en die oorgang van die nasiestaat na ’n wêreldryk.

Die politieke sinspelings in *Star Wars* is veelvuldig en teenstrydig. Hulle verleen aan die reeks sy “mitiese” mag: vrye wê
reld teen die Bose Ryk; debat oor die nasiestaat wat die teses van mnr. Pat Buchanan (7) of mnr. Jean-Marie Le Pen oproep; die teenstrydigheid van die persone van *aristokratiese* stand (prinses, lede van die elitistiese Orde van die Jedi) wat daartoe gedryf word om die “demokratiese” republiek teen die Bose Ryk te verdedig; en laastens hierdie wesenlike bewuswording dat “ons die booswigte is”.

Soos hierdie rolprente sê, is die Bose Ryk nie elders nie - sy verskyning hang af van die wyse waarop ons, die “goeies”, hom omverwerp. En hierdie vraag hou verband met die huidige “oorlog teen terreur”: hoe gaan dié *ons* verander?

’n Politieke mite is nie ’n vertelling voorsien van ’n bepaalde politieke betekenis nie, maar ’n leë verpakking waarin ons ’n veelheid teenstrydige betekenisse plaas. *The Phantom Menace*, episode 1 van *Star Wars*, verskaf ’n kritieke leidraad: die “Christelike” karaktertrekke van die jong Anakin - sy ma beweer dat hy uit ’n “onbevlekte ontvangenis” (*immaculate conception* - vertaler) gebore is; en die resies wat hy wen, is ’n duidelike toespeling op die gevierde strydwaresies van Ben Hur, daardie “Christusverhaal”.

Die ideologiese wêreld van Star Wars verwys na die heidense wêreld van die New Age (8). Dit is dus logies dat die sentrale figuur van die Bose dié van Christus eggo. Binne die heidense wêreld is Christus se koms die opperste skandaal. In die mate wat *diabolos* (om te skei, om te skeur) die teenoorgestelde van *simbolos* (om te versamel, om te verenig) is, word Christus self ’n diaboliese figuur in die sin dat hy “nie vrede bring nie maar die swaard” en die bestaande eenheid versteur. Volgens die evangelieskrywer Lukas sou Jesus gesê het: “As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe” (9).

Christelike liefde, Boeddhistiese erbarming

Dit moet in gedagte gehou word dat die Christelike posisie baie van die heidense posisie verskil. In sy oorspronge beskou die Christendom die daad wat deur die heidense wysheid as bron van euwel verdoem word as die hoogste daad, naamlik die gebaar van *afskeiding*, van verdeling, van om sig te verbind aan ’n element wat die ewewig van alles versteur.

Dit beteken dat die Boeddhistiese (of Taoïstiese [10]) erbarming teenoor die Christelike liefde gestel moet word. Die Boeddhistiese posisie is in die laaste instansie dié van onverskilligheid, ’n toestand waarin al die passies onderdruk word, terwyl die Christelike liefde ’n passie is wat daarop mik om ’n hiërargie in die orde van die verhoudings met mense in te stel. Liefde is geweld en nie net in die sin van die Balkanspreuk waarvolgens “as hy my nie slaan nie, het hy my nie lief nie” -; die geweld van die liefde lei daartoe om iemand van sy konteks te ontworstel.

In Maart 2005 het kardinaal Tarcisio Bertone op Radio Vatikaan die sterkste moontlike veroordeling uitgespreek oor Dan Brown se *Da Vinci Code*, wat daarvan beskuldig word dat dit berus op leuens en verkeerde feite propageer (naamlik dat Jesus met Maria Magdalena sou getrou en kinders gehad het…). Die belaglikheid van die benadering moet ons nie laat vergeet nie dat die inhoud van sy verklaring ten diepste korrek is: *Da Vinci Code* skryf die Christendom onder die rubriek van die balans tussen die manlike en vroulike beginsels in die New Age in…

Om nou terug te keer na *The Revenge of the Sith*: die rolprent bewys sy trou aan die New Age-temas nie net deur sy ideologiese verwarring nie, maar ook deur sy narratiewe middelmatigheid: die transformasie van Anakin in Darth Vader - die hoofmoment van die ganse sage - bereik nie die gepaste tragiese grootsheid nie. In plaas daarvan om te konsentreer op Anakin se trots as onweerstaanbare drang om in te gryp, om goed te doen, om tot die uiterste te gaan vir hulle wat hy lief het (Amidala) en *gevolglik* in die donker kant te verval, word Anakin eenvoudig voorgestel as ’n besluitlose vegter wat na die bose gly deur toe te gee aan die versoeking van mag en onder die beheer van die bose keiser te kom. Anders gestel, George Lucas is nie in staat om *werklik* die parallelle van republiek-ryk en Anakin-Darth Vader ten toon te stel nie. Dit is juis Anakin se obsessie met die bose wat hom in ’n monster verander…

Watter verband kan hiervan getrek word? Op die moment wat die “Europese” kapitalisme en tegnologie op globale vlak triomfeer, lyk dit of die Joods-Christelike erfenis as”ideologiese superstruktuur” bedreig word deur die aanslag van die “Asiatiese” denke van die New Age.

Die Taoïsme is besig om die heersende ideologie van die wêreldkapitalisme te word. ’n Soort “Westerse Boeddhisme” word nou voorgehou as die geneesmiddel teen die stres van die kapitalistiese dinamika. Dit sal ons in staat stel om af te skakel, om innerlike vrede en kalmte te behou en funksioneer in werklikheid as perfekte ideologiese komplement.

Mense is nie meer in staat om aan te pas by die ritme van tegnologiese vooruitgang en die maatskaplike ontwrigting wat daarmee gepaardgaan nie. Dinge gebeur te vinnig. Die toevlug tot die Taoïsme of die Boeddhisme bied ’n uitkoms. In plaas daarvan om by die ritme van die veranderinge aan te pas, is dit beter om af te lê en “jouself te laat gaan” terwyl jy ’n innerlike afstand bewaar teenoor hierdie versnelling wat nie werklik met die diepste kern van ons wese verband hou nie…

Ons is byna in die versoeking om vir die geleentheid die Marxistiese cliché van religie as “opium vir die volk”, as imaginêre aanvulling tot die aardse ellende, af te stof. So verskyn die “Westerse Boeddhisme” as die mees doeltreffende manier om volledig deel te neem aan die kapitalistiese dinamika terwyl die skyn van geestesgesondheid bewaar word.

As ’n teenhanger vir episode 3 van *Star Wars* gesoek moet word, sal ons in die versoeking wees om Alexander Oey se dokumenter *Sandcastles. Buddhism and Global Finance* (2005) voor te stel: ’n wonderlik dubbelsinnige aanwyser van die moeilikheid van ons ideologiese situasie, wat die kommentaar van die ekonoom Arnoud Boot afwissel met dié van die sosioloog Saskia Sassen en die Tibettaanse Boeddhistiese leermeester Dzonzar Khyentse Rinpoche.

Saskia Sassen en Arnoud Boot bespreek die omvang, mag en uitwerking van die globale finansiewese. Die kapitaalmarkte kan die waarde van maatskappye of van hele ekonomieë binne ure laat styg of dit uitwis. Khyentse Rinpoche stel oorwegings van die aard van menslike waarneming teenoor hulle: “Bevry julle van jul verknogthede aan wat bloot ’n persepsie is en nie werklik bestaan nie,” verklaar hy. Op haar beurt sê Saskia Sassen: “Die globale finansiewese is wesenlik ’n geheel van deurlopende bewegings. Dit verdwyn en verskyn weer.”

In die Boeddhistiese beskouing is die oorvloedigheid van die rykdom van die globale finansiewese denkbeeldig en afgesny van die objektiewe werklikheid: die menslike lyding voortspruitend uit die transaksies wat plaasvind in die sale van die markte en direksies, wat vir die meeste van ons onsigbaar is. Watter beter bewys kan daar wees vir die niesubstanstiële aard van die werklikheid as ’n reusagtige fortuin wat binne ’n paar uur tot niks kan verminder? Waarom moet dit betreur word dat die spekulasies op die termynmarkte “afgesny is van die objektiewe werklikheid” as die grondliggende beginsel van die Boeddhistiese ontologie aankondig dat daar nie ’n “objektiewe werklikheid” is nie

Hierdie dokumentêr verleen dan ook die sleutel vir *The Revenge of the Sith*. Die kritieke insig om te behou, is dat ons ons nie met liggaam en siel in die kapitalistiese spel moet werp nie, maar dat ons dit kan doen…
deur ’n kritieke innerlike afstand daarvan te bewaar. Want die kapitalisme konfronteer ons met die feit dat die oorsprong van ons onderwerping nie die objektiewe werklikheid (wat nie bestaan nie) as sodanig is nie, maar ons begeerte, ons gierigheid vir materiële dinge en die buitensporige verknogtheid wat ons aan hulle het. Gevolglik is wat vir ons oorbly om ons begeerte op te sê ten einde ’n houding van innerlike vrede aan te neem…

Geen wonder nie dat so ’n Boeddhisme as ideologiese kompliment van liberale globalisering kan funksioneer nie: dit stel ons in staat om daaraan deel te neem terwyl ons ’n innerlike afstand daarvan bewaar… Kapitaliste, ja, maar onverknog, Zen…

---

(1) Hierdie wetenskapfiksie-rolprent-epos bestaan uit ses rolprente in twee trilogieë. Eerste trilogie: *The Phantom Menace* (1999), *Attack of the Clones* (2002) en *The Revenge of the Sith* (2005). Tweede trilogie: *Star Wars. A New Hope* (1977), *The Empire Strikes Back* (1980) en *The Return of the Jedi* (1983).
(2) Aangehaal in “Dark Victory”, *Time Magazine*, 22 April 2002.
(3) In *Star Wars* is die Orde van die Jedi ’n vereniging van individue wat hul geloof in en respek vir die *Force* gemeen het, ’n soort buitesintuiglike mag wat dit moontlik maak om jou omgewing te verstaan en te verander. Die geswore vyande van die Jedi is die Sith.
(4) Kyk *Time Magazine, op. cit.*
(5) Kyk *Time Magazine, op. cit.*
(6) Parys: Exil éditeur, 2000.
(7) Patrick J. Buchanan, ultrakonserwatiewe artikelskrywer, presidentskandidaat in die Verenigde State in 2000.
(8) Pseudiofilosofiese snuistery wat in die 1980's in Kalifornië verskyn het en probeer antwoord op die lewensvrae deur engele, buiteaardse wesens, esoterisme, simbolisme, Oosterse wyshede, vorige lewens, psigiese ervarings, ens. hot en haar in te span.
(9) Lukas 14:26.
(10) As religieuse en filosofiese stelsel vorm die Taoïsme ’n sinkretisme wat in die sesde eeu v.C. ontwikkel het en saam met die Boeddhisme een van die twee groot religieë geword het. Die Taoïsme is allereers begaan oor die individu en sy spirituele, oftewel spekulatiewe, lewe. ■

Dossier: Die politiek van visie nou

Verbeeldingrykheid en vindingrykheid van die Irakse opposisie

Mediaselfportrette van die gewapende versetbewegings

Le Monde *diplomatique*

Ofskoon die besetters van Irak daarin geslaag het om dit te geleidelik te voorsien van ’n parlement, ’n regering en ’n presidensie, slaag hulle steeds nie daarin om die versetbewegings te verslaan nie. Maar wie is laasgenoemde? Oud-ondersteuners van die Ba’ath-party? Verstrooide lede van die voormalige weermag? Terroriste van die Al-Zarkawi-groep? ’n Ontleding van die tekste en video’s deur die verskillende versetgroepe maak dit moontlik om ’n beter beeld van hulle te vorm.

Deur David Baran en Mathieu Guidère. Baran is navorser en konsultant en die skrywer van Vivre la tyrannie et lui survivre. L’Irak en transition *(Parys: Mille et une nuits , 2004). Guidère het ’n graad in Arabies en is ’n dosent; hy bestuur die Laboratorium vir die Ontleding van Strategiese Inligting, Saint-Cyr. Vertaal deur Christel Cattin*

Die Irakse gewapende opposisie heg groot waarde aan kommunikasie, in opsigte wat wyer strek as die enkele begeerte om te terroriseer. Hierdie oogmerk inspireer ’n verbasend oorvloedige en uiteenlopende produksie van tekste en beelde, wat ’n mens verkeerdelik sou beperk tot die mees brutale eksemplare daarvan. Die bedreigings wat in intimidasie-traktaatjies genoem word, verberg ’n indrukwekkende massa onbewoë, gedetailleerde, deursigtige ontledings oor die strategie wat gevolg moet word om die teenstander te oorwin (1). Insgelyks, word die mees afgryslike tonele op video vasgelê en oorskadu dit ’n menigte van rolprente soms met kinematografiese kwaliteit, wat wissel van “lesings” in klassieke Arabies oor die vervaardiging van ploftoestelle, tot ware bekendstellingspamflette, uitgereik deur groepe wat hul eerste openbare verskyning maak (2).

Die mees sigbare groepe in die gewapende opposisie het gespesialiseerde spreekbuise, gewy aan “inligting”, tot hul beskikking. Die verspreiding van hul boodskappe steun op talryke webwerwe, waaronder sommige ware aanlyn “persagentskappe” is, en word verskeie kere per dag opgedateer (3). Op een hiervan het ’n stryder onlangs gepleit vir “die verbreking van die mediaïsolasie wat op alle moontlike maniere aan die weerstand opgelê is” (4).

Die intensiteit van hierdie pogings laat ’n vraagteken oor die sin van hierdie propaganda in die oë van die gewapende opposisie, asook oor die konkrete doeltreffentheid daarvan as konflikswapen. Wat dit betref: kan die lae, indien nie teenproduktiewe, impak hiervan in die Weste gelees word as ’n teken van middelmatigheid en ontoereikendheid?

Trouens, terwyl die konflik toenemend deur die redevoering van die Amerikaanse en Irakse owerhede oorheers word, is die vyand amper onhoorbaar, afgesien van die geraas van bomontploffings en onstuimige gyselaarsdramas. Hulle boodskap word reeds vanaf die uitsending daarvan belemmer, net soveel deur hulle eie produksiemetodes (mondelinge oordrag, tradisionele traktaatjies, verklarings en video’s wat op kortstondige webwerwe gepubliseer word, byna alles in Arabies), as deur die probleme wat buitelandse waarnemers ondervind om toegang tot hulle te verkry. Die ontvangs van boodskappe gaan gebuk onder sensuurmeganismes wat min of meer willekeurig is: met die uitsending van videos, word argumente uitgelaat en slegs enkele “sleutel”-beelde word tersaaklik geag en behou. Laastens word hulle argumente van meet af aan gediskwalifiseer: omdat dit beskou word as die uitvloeisel van ’n “fanatiese” en “bloeddorstige” vyand, sou dit niks anders wees nie as die rasionalisering van ’n onbeskryflike gewelddadigheid, onwaardig vir enige belang en ontleding. Aangesien die vyand net die taal van terreur praat, sou dit daarop neerkom om hom te laat triomfeer, bloot deur aan hom gehoor te gee.

In weerwil hiervan hou die gewapende verset hom natuurlik wel besig met terreur (*irhab*). Terwyl sommige elemente die gebruik daarvan afkeur, maak ander openlik aanspraak op die godsdienstige regmatigheid en die praktiese omvang daarvan. Een van die owerhede wat deur die Soennitiese tak van Islam erken word, het só ’n duidelike onderskeid gemaak tussen “ongeoorloofde terreur” en “geoorloofde terreur”, en het die Irakse geval in die tweede kategorie geplaas (5). Wat die Irakse hooggeplaaste, Mohammed Al-Aloesi, betref, maak hy selfs nie voorsiening vir die moontlikheid van ’n *jihad* sonder *irhab* nie (6). Aan die militêre kant plaas uitvoerige ontledings wat op webwerwe gepubliseer en klaarblyklik afkomstig is van ervare vegters, die gebruik van terreur sentraal in ’n teoretisering van die sielkundige oorlog. Dit skyn dus veral ’n manier te wees om die “samewerkings” owerhede van die res van die bevolking te skei, of, met die inneming van gyselaars, om die konflik te laat oorspoel na ander lande wat andersins ontoeganklik sou wees.

Hoe dit ook al sy, ofskoon kommunikasie met die teenstander en sy potensiële bondgenote hoofsaaklik by wyse van terreur plaasvind – bo en behalwe enkele rare uitsonderings (7) –, dien die redevoering van die gewapende opposisie ander belange. Sy produksie van beelde en tekste skyn selfs allereers gemik te wees op die stryders self en op ’n gehoor van simpatiseerders wat reeds vir die saak gewen is. Dit vorm deel van iets wat lyk soos ’n dinamiese netwerk van groepe wat mekaar dophou, alliansies vorm of met mekaar meeding in ’n ekonomie van geweld. Hierdie groepe bou ’n beeld van hulself op en kommunikeer aktief met mekaar.

In hierdie verband bestaan ’n belangrike deel van die vermeende propaganda van een of ander groep uit die bekendmaking en erkenning van sy aksies deur sy eweknieë, ongeag daarvan of hulle medestryders, potensiële rekrute of mededingers is. Verskeie verklarings volstaan met ’n verduideliking van hoe die skrywers daarvan hulself plaas te midde van verskuiwings in die gewapende opposisie (deur die Jordaniese gesaghebber, Aboe Moessab Al-Zarqawi te erken, of, aan die anderkant, deur aanvalle op burgerlikes te veroordeel, ens.). Die boodskappe wat in hierdie vloeiende spel uitgereik word, neem die siening van “opinieleiers” nougeset in aanmerking – *oelemas* (religieuse geleerdes), gerespekteerde intellektuele, ens.

Die inhoud, insluitende die mees gewelddadige daarvan, is dus ondergeskik aan die noodsaak van legitimering. Die verfilmde teregstellings van buitelanders is geen uitsondering nie. Dit kom neer op ’n ingewikkelde keuringsproses van slagoffers, die ondersoek van hul “misdade” , gevolg deur ’n “hofsaak” en die uitspraak van hul “vonnis”. Dit lei tot pogings om strafbare dade te teoretiseer, tot die sirkulasie op die internet van instruksies vir die hantering van sekere tipes gevangenes “volgens die reëls van Arabiese gasvryheid”, tot die omslagtige inkleding vir die uitvoering van “God se vonnis”.

Om die vyand se rasionaliteit ernstig op te neem, kom basies daarop neer om erkenning te gee aan die sofistikasie wat ’n mens geneig is om hom intuïtief te ontneem. Op dié manier kom ’n noukeurigbeplande betoog en geloofwaardigheid na vore in hierdie kommunikasiepogings wat nougeset die mees onbeskaafde vorms van propaganda vermy. Die stryders let daarop om soveel as moontlik aandag te gee aan detail aangaande hul aksies en aan die “werklike verliese” van ’n teenstander wat probeer om hulle te minimaliseer. Dit is die rede vir die groot aantal kort video-opnames op die internet wat handel oor een of ander aanval, gewoonlik gesertifiseer met ’n logotipe en ’n datum, indien nie aangebied met ’n ware “demonstrasie” nie. Een stryder wat aan ’n gespreksforum deelgeneem het, het al sover gegaan om homself geluk te wens met die “informele model van die weerstandsbeweging” – en aan sy kamerade voorgestel om “korrespondensiespanne, fotograwe en kameramanne” op te lei (8).

As daar van ’n sekere “sofistikasie” van die gewapende opposisie se redevoering gepraat moet word, is dit ook omrede die rykdom van hulpbronne waaruit dit put, en met ’n bedrewe hantering daarvan. Deur op enkele verse uit die Koran te steun, mobiliseer dit ’n wye repertorium, ontleen aan Islamitiese geskiedenis en Arabiese nasionalisme, maar ook ’n lang poëtiese tradisie en stamgebaseerde volksoorleweringe. Die oorlog wat gevoer moet word, word met die slag van Badr geassimileer, waar Mohammed en die eerste Moslems as oorwinnaars uit die stryd getree het, in weerwil van die vyand se oorweldigende getalsoorwig. “Kollegas” word as kinders van Ibn Al-‘Alqamî onderskei, die naam van die vizir (visier) wat Bagdad in die dertiende eeu van Mongoolse invallers verlos het. Sekere versetstryders, soos Hamza Ibn ‘Abd Al-Moettalib of Omar Al-Moekhtâr word opgeroep (9). Nuwe patriotiese liedere word gekomponeer. Al hierdie verwysings vloei saam in ’n doeltreffende en verfynde retoriek wat die teenvoeter is vir Amerikaanse argumente van “vryheid” en “vooruitgang”, en wat die huidige stryd vestig in ’n verlede van worsteling en opoffering (10).

Die gewapende opposisie delf ook in sy eie geskiedenis, al is dit hoe onlangs, deur simboliese voorstellings aan te gryp (veral tonele van jubeling) en sleutelgebeurtenisse wat die siening van sy eie aksies koester. Dit vind inspirasie in beelde van ander konflikte in Palestina, Afganistan en elders (sekere toneelskikkings word byvoorbeeld aan Hamas ontleen). Die beelde word onder Irakiërs benut: die groot aantal gerugte van die teenstander se pogings om sy oorledenes te laat verdwyn, het geboorte gegee aan verskeie lang “dokumentêre” oor Amerikaanse massagrafte (11)... Oplaas verskaf die internasionale media en die koalisie self ’n oneindige aantal middele aan propagandiste wat beelde en slagspreuke verdraai, hul teenstrydighede aan die lig bring en hul skynheiligheid veroordeel (12).

Op hierdie manier, in weerwil van spanning in die gewapende versetbeweging en die diversiteit van sy herkoms, kom verbasend samehangende en gelykvormige denkbeelde in die argumente wat hy produseer, na vore. Die woordeskat en verwysings wat gebruik word, word deesdae gedeel: die stryders is *moejahidin*, en die teenstander is ’n besettingsmag van ongelowiges wat met kruisvaarders of barbare gelykgestel word; sy doelstelling sou die voortsetting van ’n imperiale “Amerikaans-Sionistiese” oorheersing wees deur middel van ’n skynregering op die betaalstaat van die Verenigde State en hul eksogene bondgenote (voormalige uitgewekenes, pro-Iranse Sjiïete, afgeskeide Koerde...) Die vyand se slaankrag word nie net erken nie, maar oordryf as ’n verydeling van die waardes wat dit teenstaan, en wat alles saam ineenvloei tot die ideaal van die eerste aanhangers van Islam (opregtheid, durf, selfversaking, opoffering, vroomheid...). Daaruit vloei ’n siening van “oorwinning” as ’n blote voortsetting van die stryd, deur middel van selfopoffering.

Hierdie tydlose visie bied ’n gedeeltelike verduideliking vir die verskillende groepe in die gewapende versetbeweging met enkele rare uitsonderings (13) se onvermoë om enige tipe oplossing voor te stel as alternatief vir die oorgang onder die voogdyskap van die Verenigde State. In samehang met ’n militêre strategie wat daarop uit is om enige normalisering te verhoed, bied hulle program nie veel nie, behalwe vorms van individuele deelname aan die gemeenskap van gelowiges. Buitendien is geen spesifieke poging aangewend om skuilplekke wat in 2004 gebruik is, te administreer nie, behalwe ’n redelik

Vervolg op bladsy 14...

Le Monde *diplomatique*

Van die dokumentêr tot “die bioskoop van die mense”

Veranderinge in die rolprentkuns

Is die rolprentwese besig om opnuut oor sy verhouding met die werklikheid na te dink? Nadat filmmakers eens geglo het dat dit in die dokumentêr vasgevang kan word, of dat dit herskep kan word met virtuele tegnieke, besef hulle nou dat ’n meer subtiele balans nodig is. Die werklikheid wat na vore kom in die samekoms van regisseurs, akteurs en toeskouers is soms meer “waar” as dié van ’n afloerkamera wat deur spesialiste van openbare fassinasie hanteer word. Maar hierdie nuwe estetiese sensitiwiteit, wat die Cannes Rolprentfees skynbaar gereedstaan om aan te moedig, moet sy pad vind tussen die passie van die dokumentêr en die plesier van illusionisme.

Deur Denis Duclos en Valerie Jacq. Duclos is sosioloog, Navorsingsdirekteur by die Franse Nasionale Wetenskapsnavorsing-sentrum (CNRS), skrywer van Complexe du loup-garou, La Fascination de la violence dans la culture américaine (Parys: La Découverte, hersiene uitgawe met nuwe naskrif, 2005). Jacq is filosoof en lid van ’n kulturele samewerkingsadministrasie.
Vertaal deur Christel Cattin

Die afgelope aantal jare is verskeie dokumentêre rolprente uitgereik. Hulle ondersoek verskillende instellings: die skool met *To be and to have* (Nicolas Philibert, 2002), die gereg met *The 10th District Court: Moments of Trial* (Raymond Depardon, 2004), intimiteit met *In Vanda’s Room* (Pedro Costa, 2000), sosiale kringe met *West of the Tracks* (Wang Bing, 2003), gemeenskappe met *Bowling for Columbine* (Michael Moore, 2002). Hulle bevraagteken onwettige immigrasie met *Border* (Laura Waddington, 2004), volksmoord met *S21, The Khmer Rouge Killing* (Rithy Panh, 2002). Hulle ontleed die geskiedenis soos in *Salvador Allende* (Patricio Guzman, 2003) of *The Menem Decade* (Fernando E. Solanas, 2003), en hulle veg teen gesag met *Fahrenheit 9/11* (Michael Moore (2004), *The World According to Bush* (William Karel, 2004). Hulle kritiseer die media *Outfoxed*, - die stryd teen joernalistiek in die Murdoch-imperium (William Karel, 2004), veroordeel kapitalisme in *The Corporation* (Mark Achbar et Jennifer Abott, 2004), die uitbuiting van die “handelsmerk” wat landgoedwyne vernietig in *Mondovino* (Jonathan Nossiter 2004), of die gruwel van ekonomiese neo-kolonialisme in *Darwin’s Nightmare* (Hubert Sauper, 2005).

Kan hierdie “merkbare toename in dokumentêre aanbiedinge” verklaar word deur deur ’n “wantroue in fiksie (1) ”, ’n aptyt vir die werklikheid? Sonder twyfel gedeeltelik. Trouens, selfs al wil die vervaardiger van ’n dokumentêr nie meer ’n neutrale weergawe van wat hy verfilm, weergee nie, onderneem hy om *die* werklikheid aan ons weer te gee. Danksy enorme databanke, kompakte kameras, verfynde klankopnames en vinnige redigering, skyn hy voorkeurtoegang tot *feite* te hê. Op hierdie manier laat Michael Moore, die Robin Hood van inligting, ons die versteekte feite in *Fahrenheit 9/11* ontdek : die Bush-administrasie se vervalsing van verslae, nabyskote van die president se gesig waarvan hy die uitdrukkings ontsyfer, uitlokkende voorvalle waar die opponent, regstreeks verfilm, sy ware karakter laat deurskemer. En Moore, tydens die promosie van hierdie propagandistiese rolprent, gee voor as *leitmotiv* dat dit oor “waarhede” handel, teenoor die “leuens” van die regering.

Op soortgelyke wyse, in *Supersize me* (2004), wys Morgan Spurlock hoe McDonald’s se produkte vetsug veroorsaak, deur die skouspel van sy uitswellende liggaam werklik te vertoon soos wat hy hamburgers afsluk. Die juistheid van die beelde word bevestig deur ’n skare van dokters wat gesondheidstatistieke, waaronder sy cholesterolvlakke en trigliseriedes, monitor. Hierdie metode word ook deur Michael Moore gebruik met die invoeging van kriminologiese data in vet letters (*Bowling for Columbine*). Wat Hubert Sauper betref in *Darwin’s Nightmare*, meedoënloos in sy opsporing van die oorsprong van die Nylbaars, vertoon hy die jammerlike realiteit wat agter hierdie verfynde gereg skuil: die ekologiese uitsterwing van die Victoria-meer, geteister deur die oorbevolking van hierdie roofvis, die ernstige uitbuitery van Tanzaniese werkers wat onder ellendige omstandighede sterf aan uitputting en as gevolg van Vigs, terwyl die oorlogsekonomie floreer. Skokbeelde en die hamering op feite vervleg in ’n pleidooi wat die toeskouer noodwendig oortuig.

Wanneer plekke met beperkte toegang binnegedring word (hof, klaskamer, fabriek, polisie-argiewe), is dit die takt van die kamera en die kommentaar wat hierdie keer die indruk gee van “daar wees”. Die sukses van *To be and to have*, waar Nicolas Philibert ’n laerskoolklas verfilm, is deels te verklaar deur elke ouer se behoefte om sy/haar kinders dop te hou waar hulle hom/haar ontglip, *sonder om self gesien te word*. Soos ’n bewakingskamera wat gerig is op die regter en die aangeklaagde tydens ware hofverrigtinge, plaas Raymond Depardon se lens ons voor ’n “suiwer” gebeurtenis, asof ’n regisseur afwesig is, net soos Wang Ping onsigbaar raak tussen Sjinese fabriekswerkers in ’n lokomotief, tydens rustyd of onder die stort. Gaan dit oor die vasvang van situasies, sonder ’n filter, waar mense betrap word net soos wilde diere wat hulself in diererolprente tentoonstel?

Fiksierolprente maak maklik gebruik van hierdie waarheid: in *Open Water* (2004) reproduseer Chris Kentis die “gedokumentariseerde” angs (met regte haaie) wat die *Blair Witch Project* (2) gedra het. Die dors na egtheid, wat deur die beeld gewaarborg word, stu voort om die skatte van intimiteit te beroof. Kru dade kom in vertellings voor: soos een rolprentmaker (Naomi Kawase, in *Shara*, 2002) wat haar eie bevalling inklee, of ’n ander een (Vincent Gallo) wat “ware” orale seks in sy eie rolprent orkestreer (*Brown Bunny*, 2003).

Vreemd genoeg, die mode van realiteitsprogramme word skaars gekritiseer (*Strip-tease, Loft story, Survivor* in die Verenigde State (3), *Big Brother* of *Gran Hermano* in

Verbeeldingrykheid en vindingrykheid van die Irakse opposisie

Vervolg vanaf bladsy 13...

lakse koördinasie van strydgroepe. Tot dusver kom ’n algemene belangeloosheid in enige organisering wat ’n vlak van basiese koördinasie oorskry in gespreksforums na vore, aangesien die doel hiervan tot beter militêre doeltreffendheid beperk is.

Hierdie moeisaamheid om vir die toekoms te beplan, kan deur twee verdere faktore verklaar word. Vanuit ’n ideologiese oogpunt, is ’n ware Amerikaanse onttrekking ondenkbaar – en dus onmoontlik, in die konteks van die oorgangsregering se afhanklikheid van sy beskermheer. Vanuit ’n meer praktiese oogpunt, sou die vooruitsig van so ’n onttrekking problematies blyk te wees, deurdat die erkenning daarvan die skynbare eenheid van die gewapende opposisie sou verbreek en op dié manier spanning en verdeeldheid meebring.

Daarbenewens, ofskoon die krag van hierdie redevoering gesetel is in die uitdruklike uitspraak oor ’n federatiewe verbeelding, is die opvallendste swakplekke te vinde in die stilswye daaroor. Onder diesulkes, vind ’n mens regverdige stryders wat min aandag gee aan die uitkoms: sodoende heers ’n uiters streng dissipline oor winsgewende, maar nietemin deurslaggewende funksies soos die gevangeneming van gyselaars of die ooglopende verband tussen *jihad* en grootskaalse misdadigheid. In ’n ernstiger lig getuig die afwesigheid van volgehoue nadenke oor die gewapende opposisie se swakplekke en die faktore wat moontlik tot die vyand se oorwinnig kan lei van ’n kommunikasiemetode wat selfkritiek verbied as gevolg van ’n vrees vir die verlies van geloofwaardigheid. En bowenal word die gelatenheid van die oorgrote meerderheid Irakiërs teenoor die geweld skaars in ag geneem in ’n analise wat skyn te ignoreer dat die “gravitasiesentrum” van enige oproer-oorlog/teen-oproer-oorlog niks anders as die bevolking is nie.

Die gewapende opposisie kom inderdaad ongevoelig of agterlosig voor teenoor die skouspelagtige verandering in sy verhouding met die Irakse bevolking sedert die era van die twee fronte, in Falloedja en in die suide, toe onbetwisbare openbare steun gewen is (lente van 2004). Hoe dit ook al sy, al bly sy vermoë tot aksie effektief, het sy gewildheid sterk gedaal en is dit beperk tot gebiede waar die inwoners skynbaar meer dubbelsinnig en vreesbevange is as wat hulle ten volle samehorig is. In weerwil hiervan, word hierdie verandering nie in gespreksforums ter sprake gebring nie.

Die verkiesing van 30 Januarie 2005, wat in ’n ernstige lig beskou is deur ’n beduidende deel van die bevolking, insluitende sekere woongebiede in Bagdad met ’n oorheersende Arabies-Soennitiese karakter, word gediskwalifiseer as ’n verkiesing sonder politieke partye, onder buitelandse besetting en sonder enige moontlike debat met die land se besetters. Die getalm met die resultate het die agterdog bevestig van ’n bedinging met Washington, nadat daar noodwendig ’n knoeiery met die verkiesing was en wat ’n “parlement van medewerkers” tot gevolg het. Op dieselfde trant, word bekentenisse van “terroriste” wat deur middel van afpersing verkry en op die Irakse televisie uitgesaai is, as growwe verdigsels afgemaak, sonder inagneming van die groot indruk wat dit op vele Irakiërs gemaak het.

Dit is so dat verskillende groepe openlik begaan is oor die negatiewe gevolge van sekere tipe optredes. Enkele pogings om die bevolking se simpatie te verkry, is ook te bespeure. Families van onskuldiges wat in hegtenis geneem is tydens die groot Amerikaanse klopjagte, word versorg tydens die afwesigheid van ’n familiehoof. Vele burgerlike inwoners wat verskuif is tydens grootskaalse krygsverrigtinge en sedertdien op hulself aangewese is, vind skynbaar baat by ondersteuningsmaatreëls.

Maar dit gaan hier hoofsaaklik oor die behoud van ’n teelaarde van ondersteuners en oor die werwing van nuwe stryders. Die mobilisering van die bevolking as sodanig, lei nie tot enige poging tot konseptualisering, en nog minder tot sistematisering nie. In die geheel gesien, moet daar basies bepaal word wie vir en wie teen die besetting is – selfs al verskil die antwoord van een groep tot ’n ander. Oortuig van die geldigheid van sy saak, beskou die gewapende opposisie homself as ’n voorhoede (*avant-garde*) en poog dit nie noodwendig om ’n passiewe meerderheid om hom saam te trek nie. ’n Mens kan die vraag vra of die internet as instrument, wat ewekniëe in ’n gefantaseerde nasie (*oemma*) verenig, hulle nie lei om illusies oor hul oorwinningsmoontlikhede te koester nie... sonder om die Irakiërs te oortuig.

---

(1) Byvoorbeeld http://www.islammemo.cc/taqrer/one_news.asp?Idnew=292 (2) Die video *Al-Dhurwa* (Die Hoogste Punt) van die “Kompanjies van Islamitiese woede”
(3) Kyk www.usmoheet.com
(4) Kyk www.la7odood.com (5) Kyk www.balagh.com/thaqafa/0604ggpz.htm
(6) Kyk www.albasrah.net
(7) Vir ’n merkwaardige propagandarolprent in Engels, kyk www.informationclearinghouse.info/article7468.htm
(8) Cf. www.la7odood.com
(9) Die eerste, ’n oom van Mohammed, is een van die beroemdste Islamitiese martelaars en die held van ’n gewilde roman; die tweede, ’n held van die Libiese weerstandsbeweging, word as “die vader van die martelaars” voorgestel.
(10) Kyk die video *Ajdâd wa Ihfâd. Muqârana Bain Mâdhî Al-Umma Al-Islâmîya wa Hâdhariha* (“Voorvaders en nageslag. Vergelyking tussen die verlede van die Islamitiese gemeenskap en sy hede”).
(11) Kyk die videos *Râyât Al-Haqq* (“Die vlae van waarheid”) deur Jaish Ansâr Al-Sunna en *Halâk Al-Salîbiyîn Fawq Ardh Al-Râfidain* (“Die verdoeming van die kruisvaarders in die land van die twee riviere”) deur Jaish Al-‘Irâq Al-Islâmi.
(12) Onder meer www.albasrah.net
(13) Vir ’n konsep-Grondwet wat ’n deel bevat oor die instelling van ’n *jihad*-minister, kyk www.hizb-ut-tahrir.org ■

Nederland of in Spanje) terwyl die oorsprong daarvan nietemin gelyksoortig is: opgestelde kameras om spontane gedrag vas te vang, met nie-professionele akteurs wat instemmende objekte word. Uit die aard van die saak sou dit verregaande wees om te sê dat die dokumentêr 'n tipe verslawing aanwakker op dieselfde wyse as hierdie vertonings (*shows*) wat as die droesem van alle programme (4) beskou word. Maar laat ons waaksaam wees: *alle realistiese* metodes kan gemanipuleer word: dié van nie-akteurs wat aan die genade van regisseurs oorgelaat is, op die uitkyk vir enigiets wat hulle ontglip; dié van toeskouers wat glo dat die ware lewe vir hulle verfilm word. Hoe meer 'n mens voorgee dat realiteit die skerm regstreeks beklee, hoe meer bestaan die risiko om tweederangse akteurs te verkry, 'n toeskouer geboei deur die sensasionele, 'n afwesige outeur, of een wat in 'n loervink se oog verander het, 'n onderwerp verlaag tot beelde wat hulself as "rou bewyse" voordoen, maar *inderwaarheid* vooropgestelde teoriëe is.

Sonder etiese voorsorg en estetiese keuses, sou dit dus voorkom asof die dokumentêr, op 'n paradoksale wyse, aansluiting vind by industriële metodes wat toenemend irreële wêrelde modelleer (*Gladiator, Terminator, Minority Report, Matrix, I-Robot, Harry Potter, Shrek*). Draaiboeke (selfs dié afkomstig van goeie romans (5)) word dekmantels vir die totstandkoming van 'n *tegnologiese realisme* waarvoor elke skrywer se verbeelding 'n swakplek het. Selfs die vreemde wêreld van 'n Enki Bilal (6) of 'n Jean-Pierre Jeunet (7), kom voor asof dit besoedel is deur 'n oormaat van hierdie kunsmatigheid. Wat akteurs betref, dien hulle as lewendige raamwerke of speel hulle teenoor poppe (soos in *Polar Express* (8)). Wat die toeskouer betref, word hy gereduseer tot 'n bewerige goedgelowige voor die suggestiewe bedrewenheid van die illusiemasjien.

Sodoende, deur middel van dieselfde kultus van die Waarheid, kan rolprentvirtualiteit en rolprentrealiteit vervloei: in die dokumentêr, net soos fiksie, skep die outeur nie meer sy eie wêreld nie, die akteur gee nie meer gestalte aan daardie siening nie, die toeskouer kan homself nie meer daarin herken nie. Dit wil voorkom asof die Reële van meet af aan oor die rolprentkuns regeer en so al die protagoniste gelykstel, omdat hulle sy dienaars geword het.

Is 'n terugkeer na die rolprentbedryf van die verlede in die lig van hierdie bedreiging wenslik? Moet 'n mens tevrede wees met die klassieke deel daarvan terwyl die maatskaplike realiteit op 'n afstand gehou word (soos die pragtige *Couperet* (9) deur die meester Costa-Gavras)? Moet die immer lewendiger behoefte aan 'n rolprent*realiteit* afgekeur word? Al is die publiek hoe nuuskierig, sou dit 'n ignorering wees van die feit dat hy deesdae koud gelaat word deur die misterie van die skeppingsproses. Deur die toerusting self te hanteer (redigeringsagteware, ens.), is hy net so goed ingelig oor die vervaardigingsmeganismes ("*makings of* " van rolprente) en die hindernisse van die produksieproses. Voorheen het Hollywood se rolprentbedryf, net soos die kunsrolprentbedryf, in dieselfde mate berus op professionele vakmanne se bevoorregte toegang tot die geheime van hul kunsvorm. Hoe is dit moontlik om nie selftevrede te wees nie oor die feit dat rolprentkunswerke deesdae naby is, "onder ons"?

Die nostalgie vir die skepper-outeur – wat in die bedryf rondspook –, laat vele eietydse projekte spookagtig voorkom. Emmanuel Burdeau (10) het die volgende oor *Shara* (deur Naomi Kawase), oor *Brown Bunny* (deur Vincent Gallo) of oor *The Story of Marie and Julien* (deur Jacques Rivette, 2002) geskryf: hierdie rolprente wys "'n vreemde onmoontlikheid van die menselewe" wat die akteur aansteek en wie se spel "die pakt van vergestalting verbreek". Net soos die voorgevoel wat Serge Daney gehad het, skyn hierdie tipe rolprent, met sy eensame karakters en verlate dekor, toegewy te wees aan 'n finale versaking... van die publiek. Maar is dit 'n noodwendigheid?

Die buitelyne van 'n voorlopige antwoord is deur die *New Wave* geskets. Die kamera het tot op straatvlak afgedaal met Jean-Luc Godard (*Breathless*) of François Truffaut (*The 400 Blows*). Daar is weggebreek van die heroïese of diaboliese karakter, die linêere vertelling en sy literêre dialoë, om voorkeur te gee aan 'n persoonlike uitgangspunt met vele verwysings na rolprente van meesters. Deur weg te doen met die heilige aura van die beeld, het die New Wave die toe-eiening daarvan deur almal in die vooruitsig gestel. Deur die kunsrolprent se einde te bekragtig en die historikus daarvan te word, bepleit Godard deesdae 'n kunsvorm wat nie meer soseer die kunswerk self is nie, maar eerder een van mense, 'n kunsvorm van "die hart".

Aan die toeskouer se kant is regisseurs en akteurs nie meer buitengewone wesens wie se doen en late in ponietydskrifte dopgehou word nie. Daar skyn 'n einde te wees aan die fantasie waarvolgens 'n mens net daarvan kan droom om 'n kunstenaar te word, soos wat die vermenigvuldiging van film- en teaterskole getuig, ten spyte daarvan dat min kandidate werk kry (12). Die betogings van onafhanklike kultuurwerkers in Frankryk beklemtoon hul sukkelbestaan en plaas 'n vraagteken oor 'n oordrewe beeld van prestige. Dit wil voorkom asof 'n routyd voorlê vir die uitsonderlike kunstenaar wat aan salariswerk kan ontsnap.

In weerwil van weerstand, kom die "rolprent van die hart" waarvoor Godard gehoop het, na vore. In plaas daarvan om die dood van die outeur te betreur, gee sommige regisseurs nuwe lewe daaraan deur sy verhouding met ander – akteurs, tegnici, toeskouers – te verander. Abbas Kiarostami (13) konstrueer op hierdie wyse fiksieverhale met nie-professionele mense. Hy brei die karakters saam met hulle uit, hul eie realiteit as uitgangspunt, maar met klemverskuiwings, met verantwoordelikheid en deur afloerdery te vermy. Die vertroudheid met sy akteurs is van só 'n aard, dat die natuurlikheid wat verkry word meer "waar" is as dié van 'n dokumentêr. Die toneel in *Ten* waar 'n geskeide ma in 'n motor met haar jong seun baklei oor sy lewenstyl, is diep hartroerend in sy egtheid. In *The Taste of Cherry*, is die huiwering van 'n jong soldaat om selfmoord te pleeg so verontrustend dat 'n mens skaars kan glo dat hy toneelspeel.

Kiarostami versoen toeganklikheid en skeppingswerk met mekaar, sonder om nuwe tegnieke gering te skat. So bring die digitale kamera hom byvoorbeeld nader aan sy akteurs en aan die landskap. Saam met ander regisseurs wat die bekende *Dogma 95*-Manifes (14) geteken het, weier hy ook om tegnieke te benut wat ons emosies kan beïnvloed: oorbodige musiek, oordrewe estetika, skouspelagtige *travellings*, "onnatuurlike " dade soos moorde, ens. In die legendariese *The Celebration* (1998), deur Thomas Vinterberg geregisseer volgens beginsels van "kuisheid", steek die realisme dié van die dokumentêr verby: met die aanraking van die delikate onderwerp van bloedskande, het hy effekbejag vermy. Die familie wat deur Vinterberg verfilm is, het soveel te meer bestaan in die sin dat hulle nóg "verteenwoordigend", nóg fabelagtig is. Die openbaring wat die familiefees vertroebel, het ons geroer omdat dit met geen uiterlike redevoering gepaard gegaan het nie. Die akteurs wat by die skandaal betrokke is, het die situasie deurleef, terwyl 'n dokumentêr, op soek na die waarheid oor bloedskande, aan die slagoffers sou voorstel om hul eie rol daarin te oorspeel.

In Luc en Jean Pierre Dardenne (15) se rolprente, het die toeskouer eerder te make met die hoofspelers in vlees as met hul sielkunde: emosie groei uit fisieke konfrontasie, meer as woorde wat sou aandui wat ons moet ontroer. Dit kom duidelik na vore in die akteurs se werk: tydens die verfilming van *The Son* het Olivier Gourmet byvoorbeeld streng daarop aangedring om 'n afstand te behou met die jong akteur wat die moordenaar van "sy" seun gespeel het, sodat die ware spanning na die skerm oorgedra word.

Vooruitgang in vorm vind gestalte in die inhoud wat minder simplisties of voorspelbaar is. Vertakkings vind plaas, net soos in die werklikheid. In *The Taste of Cherry* van Kiarostami, lei die hunkering na selfmoord tot 'n nuwe ontwaking. In *I employed a killer* (1991), deur die Finse regisseur Kaurismäki, sien Jean Pierre Léaud (as 'n alleenlopende uitgewekene) af van die "kontrak" wat hy op sy eie lewe uitgeneem het, nadat hy op 'n laat stadium liefde vind. In *Life is a miracle* (2004) deur Emir Kusturica (16), is dit nederige diere wat die fatale handeling onderbreek om 'n mens met die hede te versoen, daar waar die soeke na betekenis (nasionalisme, artistieke roeping, ens.) tot wanhoop lei. Al is die dood teenwoordig, triomfeer dit dus nie, en verval dit nie in die geluksalige *happy endings* van Hollywood-stroperigheid nie. Van Kiarostami se bevestiging dat "die lewe belangriker as rolprente is" (17) tot die Dardenne-broers se verklaring dat die onmisbare teenwoordigheid van die sluipmoordenaar aan sy sy vir die vader sterker is as die herinnering aan sy dooie seun, word daarop klem gelê dat "die lewe voortgaan" (teenoor die nostalgie van die zombie-skrywer).

Uit hierdie dominasie van die lewe, vloei die verwerping van verontregting: die verliefde paartjie in *Life is a Miracle* bied weerstand teen die stereotipes van die Serwo-Bosniese burgeroorlog. In plaas daarvan om deur 'n aardbewing verslaan te word, verfilm Kiarostami (in *Through the Olive Trees*, 1994) Iranse dorpsbewoners wat hul oorledenes begrawe, sokker speel en hul huise herbou.

In *The Man Without a Past* (2002) van Kaurismäki, bedink die hoofkarakter, vir dood aangesien en van sy geheue ontneem, vir homself 'n meer vermaaklike lewe as sy gemaklike bestaan voor die aanval. Die amptelike toestand van die slagoffer verdof agter die karakter wat daarvan ontsnap. Op soortgelyke wyse, word die vader wat deur die Dardenne-broers verfilm word, nie meer deur sy smart bepaal nie, omdat hy afsien van die wraak op sy seun se dood om eerder sy kennis aan die vakleerling oor te dra: laasgenoemde word nie net vasgelê in die moord wat hy gepleeg het nie, maar ook deur die gedeelde behoefte aan kindskap.

In haar eerste rolprent, *A Common Thread* (2003), laat Eleonore Faucher 'n verhouding opbou tussen 'n jong meisie wat te vroeg swanger word en 'n ma met selfmoordneigings wat oor haar seun treur: net soos wat hout en die bewerking daarvan die Dardenne-broers se hoofkarakters herenig, so ondersteun materiaal, krale en die gekleurde draad van kunsborduurwerk hulle ontmoeting en stel dit hulle in staat om die lewe aan te gryp.

In weerwil van die ooreenkomste tussen hulle, vermy al hierdie rolprente besprekings oor vergifnis en raak hulle nie verlore in goeie bedoelings nie. Hulle wys eerder dat mense op onverwagte oplossings afkom wat buite enige teorie te vinde is. En hulle bly onverdeeld teenoor 'n unieke werklikheid, al sou dit 'n stryd ontketen.

---

(1) Lees die onderhoud met Marie-Pierre Duhamel-Müller, kunsdirekteur van die Festival du Réel, in *Les Cahiers du Cinéma*, n° 594, Oktober 2004.
(2) Amerikaanse gruwelprent deur David Myrick en Eduardo Sanchez, 1999.
(3) 50 miljoen kykers gedurende die somer.
(4) Kyk "Vive la télévision ", *Le Monde*, 10 Augustus 2004.
(5) Soos *I, Robot*, 'n Amerikaanse rolprent van Alex Proyas (2004) deur die romans van Isaac Asimov geïnspireer.
(6) *Immortel* (2004).
(7) *Alien IV, The Résurrection, Amélie of Montmartre, A Very Long Engagement.*
(8) Deur Robert Zemeckis, 2004.
(9) Geïnspireer deur die uitstekende en snaakse roman deur Donald Westlake.
(10) *Cahiers du Cinéma*, April 2004.
(11) *Histoire(s)du Cinéma*, n° 3, laaste reeks, rolprent deur Jean-Luc Godard (1988-1998). (12) Charles Gayssot, France-Inter, 29 Julie 2004.
(13) Iranse regisseur, Cannes Goue Palm in 1997, vir *The Taste of Cherry*. President van die paneel vir die Caméra d'Or, by die Cannes Rolprentfees van 11 tot 22 Mei 2005.
(14) Beweging van Deense regisseurs, tot 'n groot mate geïnspireer deur Lars von Trier, om teen superproduksies en kunsmatigheid te stry. (15) Belgiese regisseurs, outeurs van *The Promise* (1996), *Rosetta* (Cannes Goue Palm in 1999), en *The Son* (2002).
(16) President van die 58ste Cannes Rolprentfees (2005).
(17) In *Abbas Kiarostami, textes, entretiens, filmographie complète*, (Parys: Éditions de l'étoile, 1997). ■

Rehabilitasie van die kolonialisme?

Le Monde *diplomatique*

Deur Seumas Milne, joernalis en rubriekskrywer van The Guardian *(Londen), asook skrywer van* The Enemy Within. The Secret War against the Miners *(Londen: Verso, Londen, 2004)*

Beswaarlik een generasie ná die roemlose einde van die Britse Ryk is daar nou 'n onopsigtelike maar daadwerklike poging om dit te laat herleef – deur invloedryke Britse koerante en konserwatiewe akademici en op die hoogste regeringsvlakke. Hoe suksesvol dié veldtog reeds was, het in Januarie geblyk toe Gordon Brown, Britse Minister van Finansies en Tony Blair se stellige opvolger, in Oos-Afrika verklaar het "die dae dat Brittanje vir sy koloniale verlede verskoning moet vra, is verby" (1). Sy opmerking, wat opvallend teenoor die *Daily Mail* – die voorsanger in die herlewingskoor – gemaak is tydens die aanloop tot hierdie lente se algemene verkiesing in Brittanje, was duidelik nie 'n blaps wat deur die hitte veroorsaak is nie. Vier maande tevore het Brown in Londen by die Britse Museum, daardie skatkamer van gebuite skatte uit Brittanje se voormalige kolonies, teenoor dieselfde koerant (2) opgemerk: "Ons behoort trots te wees ... op die Empire". Selfs Blair, wat gedurende sy eerste suksesvolle verkiesingsveldtog in 1997 oorreed is om iets soortgelyks uit 'n toespraak te sny, het nog nooit

Vervolg op bladsy 16...

Rehabilitasie van die kolonialisme?

Vervolg vanaf bladsy 15...

heeltemal so ver gegaan nie (3).

Brown se merkwaardige opmerkings het haas sonder kommentaar in die res van die Britse media verbygegaan. Die betekenis van ’n minister van finansies uit die Arbeidersparty se steun aan wat tot onlangs beskou sou wees as verregse revisionisme, het ongetwyfeld nie vir sy teikengehoor verlore gegaan nie. Dit is die man wat, ondanks sy neoliberale geesdrif en hegte bondgenootskap met Blair, nog altyd graag ’n meer egalitariese, sosiaal-demokratiese beeld as sy Nuwe Arbeider-mededinger geprojekteer het. Sy imperiale neiging sou sekerlik as ’n onwelkome skok gekom het vir enigiemand wat gehoop het dat ’n Brown-regering sou wegskram van die liberale grootdoenery en intervensionistiese oorloë wat deur Blair se agt jaar van premierskap voorgekom het. Terselfdertyd sou sy vasberade bevordering van sy eie verwagte leierskap, sy veldtog om hom met die Union Jack – of soos die Ierse sosialis James Connolly dit genoem het, die “slagtersvoorskoot” – te klee, sekere dele van die establishment wie se steun hy graag wil hê, beïndruk het.

Die Minister van Finansies se aandrang op ’n einde aan verskoning vra vir kolonialisme het gekom as deel van ’n poging om Britse identiteit modern te definieer op grond van waardes soos billikheid, vryheid en verdraagsaamheid. Presies wat moderniteit en sulke waardes te doen het met die realiteit van die Empire, is miskien nie direk duidelik nie. Selfs nog meer bisar is die implikasie dat Brittanje gedurig aan die verskoning vra is vir sy Empire of die misdade wat daardeur gepleeg is. Soos in die geval van ander voormalige Europese koloniale moondhede kan niks verder van die waarheid wees nie. Daar wás nog geen apologie nie. Amptelik is dekolonisasie vir Brittanje agter die rug en verkeer hy in ’n toestand van geluksalige geheueverlies sonder die geringste poging om wat gebeur het, onder die oë te sien. In die jare wat gevolg het op Brittanje se bloedige onttrekking aan Aden in 1967, was daar min openbare debat oor presies hoe Brittanje tot die middel van die 20ste eeu sy greep op ’n kwart van die wêreld se bevolking behou het.

Dit het in die nasleep van die val van die Sowjetunie begin verander. Die herlewing van die Empire is aanvanklik in die vroeë 1990’s geopper ten tyde van die gedoemde ingryping deur die VSA in Somalië, wat deur los stemme in sowel die VSA as Brittanje gebruik is om die “idealistiese” denkbeeld van nuwe kolonies of VN-voogdygebiede in Afrika in omloop te bring. Die Amerikaanse *Wall Street Journal* het selfs ’n hoofartikel oor die onderwerp geïllustreer met ’n foto van die Britse kolonialis lord Kitchener, wat die Mahdi se volgelinge in Soedan ’n eeu vantevore uitgemoor het. Vanweë die uitwerking van die Joego-Slawiese oorloë van die 1990’s is die saak van “humanitêre ingryping” toenemend deur die meer liberale stemme oral in die Westerse wêreld ter sprake gebring. En terwyl die liberale imperialisme van die laat 19de eeu geregverdig is op grond van die verbreiding van die Christelike beskawing en die behoefte aan handel, was dit nou menseregte, markte en goeie staatsbestuur.

Toe die Kosovo-oorlog op sy hoogtepunt was, het Blair in wese ’n oproep gedoen om ’n nuwe golf van wêreldwye ingryping op grond van ’n “subtiele vermenging” van eiebelang en morele doelgerigtheid. Binne ’n jaar het hy sy “leer van internasionale gemeenskap” in werking gestel in die voormalige kolonie Sierra Leone, waarheen Britse troepe ná ’n afwesigheid van 39 jaar teruggestuur is om in te gryp in ’n uitgerekte en bloedige burgeroorlog. Dit was egter die aanvalle van September 2001 op New York en Washington, asook die daaropvolgende oorname van die voormalige Brits-imperiale houplek Afganistan onder leiding van die VSA, wat uiteindelik die beleid wat tot in daardie stadium nooit in die politieke hoofstroom op die naam genoem mog word nie, “uit die kas laat klim het”. Teen die volgende lente het Blair se raadgewer oor buitelandse beleid en Afgaanse gesant, Robert Cooper (wat nou vir Javier Solana van die Europese Unie se Raad van Ministers werk), ’n pamflet gepubliseer wat betoog vir “ ’n nuwe soort imperialisme, een wat in ’n wêreld van menseregte en kosmopolitiese sieninge aanvaarbaar is” (4), terwyl die Eerste Minister self privaat voorspraak gedoen het vir militêre ingryping in die voormalige Britse kolonies Zimbabwe en Birma.

Sulke politieke waagsaamheid moes minstens tydelik in toom gehou word as gevolg van die politieke en menslike ramp van die oorlog in en besetting van Irak. Die gunstiger klimaat vir hierdie reaksionêre retrosjiek wat geskep is deur die vlaag van Westerse militêre ingrypings, is intussen aangegryp deur Brittanje se konserwatiewe kommentators, soos Niall Ferguson en Andrew Roberts, om die saak van die nuwe imperialisme te bevorder en die geskiedenis van die koloniale verlede te herskryf. Ferguson is openlik ’n voorstander van ’n formele VSA-beheerde wêreldwye ryk, en sy verdediging van Britse kolonialisme – veral in sy boek *Empire - How Britain Made the Modern World* (5) – as die voorloper van die 21ste-eeuse vryemark-globalisering is duidelik geëggo deur Gordon Brown se lof vir die “handelaars, avonturiers en sendelinge” wat die Empire gebou het. Roberts, nog een van die Thatcheristiese historici en Britse mediaghoeroe, is openlik ’n voorstander van die rekolonisering van Afrika wat daarop aandring dat “Afrika nooit beter daaraan toe was as tydens Britse bewind nie”. Toe die Suid-Afrikaanse president onlangs in Kartoem Churchill en die Britse Ryk veroordeel het vir hulle “verskriklike nalatenskap”, het Roberts ewe nonchalant aan die BBC gesê dat die Empire “vrede en geregtigheid” vir ’n onkundige wêreld (6) gebring het.

Dit sal interessant wees om te verneem hoe Roberts – of trouens Gordon Brown – sulke groteske aansprake laat rym met die jongste navorsing oor die enorme skaal waarop Britse magte wreedhede gepleeg het tydens die Mau Mau-rebellie in die 1950’s en 1960’s in koloniale Kenia: die 320 000 Kikoejoes wat in konsentrasiekampe aangehou is, die 1 090 mense wat opgehang is, die terrorisering van dorpies, elektriese skokke, aanrandings en grootskaalse verkragtings wat aangeteken is in Caroline Elkin se nuwe book *Britain’s Gulag* (7) – en ’n dodetal wat nou gereken word ver oor die 100 000 te wees. Dit was die tyd toe Britse soldate vyf sjielings (ongeveer R56,00 in vandag se geld) betaal is vir elke manlike Kikoejoe wat hulle doodgemaak het, toe hulle die ledemate van swart guerrillas teen padtekens by die kruispaaie vasgespyker het en toe hulle hul laat afneem het met die afgekapte koppe van Maleise kommunistiese “terroriste” in die hand in nog ’n oorlog wat 10 000 lewens gekos het. Selfs in die laat 1960’s, volgens die beskrywings wat veterane in ’n onlangse dokumentêre program (8) gegee het, het Britse soldate hulle pad deur Aden se Kraterstad geslaan, gemartel en gemoor – waarvan die besonderhede volgens een voormalige troep nie gegee kan word nie uit vrees vir vervolging weens oorlogsmisdade. En dit alles in die naam van beskawing: die gevoel van kontinuïteit in Irak vandag kan nie sterker wees nie.

Sulke getuienis is ’n tydige korrektief vir die gerieflike Britse mite dat, in teenstelling met Frankryk en ander Europese koloniale moondhede, Brittanje op ’n vreedsame en menslike wyse gedekoloniseer het. Dit is egter ook nie asof hierdie einde-van-die-Empire-voorvalle geïsoleerde kladmerke op ’n roemryke geskiedenis van vryheid en goeie staatsbestuur was, soos Ferguson en ander hedendaagse imperialistiese fakkeldraers ons graag wil laat glo nie. Die Britse Ryk was inderwaarheid gebou op volksmoord, grootskaalse etniese suiwering, slawerny, streng toegepaste rassehiërargieë en genadelose uitbuiting. Die Cambridge-historikus, Richard Drayton, stel dit so: “We hear a lot about the rule of law, incorruptible government and economic progress — the reality was tyranny, oppression, poverty and the unnecessary deaths of countless millions of human beings” (9). Party apologete van die Empire voer egter aan dat, hoe wreedaardig die eerste fase ook al was, die 19de- en 20ste-eeuse verhaal een van vryheid en ekonomiese vooruitgang was. Dit is egter onsin. In die laat 19de eeu en vroeë 20ste eeu het daar in Indië – die juweel in die Britse imperiale kroon – tot 30 miljoen mense in hongersnode omgekom, aangesien die Britse administrateurs aangedring het op die uitvoer van graan (soos ook in die Ierse hongersnood van die 1840’s) en howe tot 80 000 keer per jaar lyfstraf laat gee het. Vier miljoen mense is in die vermybare Bengaalse hongersnood van 1943 dood. En daar was nog geen sulke hongersnode sedert onafhanklikwording nie.

Die hedendaagse Bangladesj was een van die rykste dele van die wêreld voordat die Britte daar aangekom en doelbewus sy katoenbedryf verwoes het. Toe Indië se Andaman-eilande deur verlede Desember se tsoenami’s verwoes is, wie het toe gedink aan die 80 000 politieke gevangenes wat in die vroeë 20ste eeu daar aangehou is en op wie Britse leërdokters gereeld eksperimente gedoen het? (10)

Daar was nog geen ernstige poging in Brittanje om hierdie geskiedenis of die langtermynuitwerking van kolonialisme op die samelewings waaroor hy geheers het – van Kasjmir na Palestina en van Zimbabwe na Irak – onder die oë te sien nie en nog minder om bejaarde koloniale administrateurs wat nou hulle dae in aftreeoorde in Surrey slyt, te verhoor. Intussen het die Britse nasionale skoolkurrikulum feitlik die Empire en die misdade daarvan uit die geskiedenis gesny. Die moderne standaardhandboek vir wêreldgeskiedenis bevat hoofstuk op hoofstuk oor die wêreldoorloë, die Koue Oorlog, die Britse en Amerikaanse lewe, Stalin se skrikbewind en die gruwele van Nazisme – maar beswaarlik ’n woord oor die Britse en ander Europese ryke wat die grootste deel van die wêreld tussen hulle verdeel het, of die afgryslikhede wat hulle gepleeg het.

Wat nodig is, is nie verskonings of skuldbelydenisse nie, maar eerder opvoeding, erkenning, ’n mate van boetvergoeding – en die insig dat barbarisme die onvermydelike gevolg is van pogings om buitelandse heerskappy op onderhorige volke af te dwing. Soos die meeste historiese geskilpunte gaan die argument oor ryke in dieselfde mate oor die toekoms as oor die verlede. Diegene wat koloniale wreedheid uit die 20ste-eeuse geskiedenis uitskryf, wil legitimiteit verleen aan die nuwe imperialisme, wat nou vasgevang is in nog ’n wrede koloniale oorlog in Irak – net soos diegene wat vroeëre pogings om ’n alternatief vir die kapitalistiese samelewing te vind demoniseer, daarop uit is om te bewys dat daar nie so iets is nie. As Gordon Brown regtig Britse billikheid wil bevorder – en ’n nuwe verhouding met Afrika tot stand wil bring – sal hy beter vaar as hy diegene eer wat die stryd om vryheid van kolonialisme aangevoer het, eerder as die rassistiese despotisme waarteen hulle geveg het.

---

(1) *Daily Mail*, 5 Januarie 2005, Londen.
(2) 14 September 2004.
(3) John Kampfner, *Blair’s Wars*, Londen: Free Press, 2003.
(4) Robert Cooper, *Reordering the World*, Foreign Policy Centre, 2002.
(5) Niall Ferguson, *Empire – How Britain Made the Modern World*, Londen: Allen Lane, 2003. *Daily Mail* 2005-01-08.
(6) *Daily Mail*, 8 Januarie 2005
(7) *Britain’s Gulag*, Londen: Jonathan Cape, 2005.
(8) “Empire Warriors”, uitgesaai op BBC2 op 19 November 2004.
(9) Toespraak by die Royal Geographical Society, Londen, 1 Junie 2004.
(10) Mike Davis, *Last Victorian Holocausts*, Londen: Verso, 2001. ■

Waarom die skares rondom Johannes Paulus II?

Le Monde *diplomatique*

Onversetlikheid, konserwatisme en mediatisering

Die ongehoorde mediadekking van die lyding en sterfte van Johannes Paulus II gee ’n gedeeltelike verklaring vir die drif waarmee miljoene mans en vroue sy dood betreur het. Maar sy gewildheid het ooglopend dieper bronne gehad. Sal die Duitse kardinaal Josef Ratzinger, wat deur die konklaaf as sy opvolger aangewys is, daarin slaag om die empatie wat sy voorganger aangewakker het, te handhaaf?

Deur Michel Cool, joernalis en voormalige redakteur van die weeklikse tydskrif, Temoignage chrétien, Parys
Vertaal deur Johann Rossouw

Op 8 April vanjaar het ’n miljoen pelgrims spontaan op Rome toegesak om die begrafnis van Johannes Paulus II op die St. Petrusplein of op die reuse skerms wat deur die munisipaliteit in en om die stad aangebring is, te volg. Honderde miljoene TV-kykers het vir

drie uur lank sielsgemeenskap gehad rondom ’n gebeurtenis waarvan hulle die uitsonderlike simboliese aard vooraf aangevoel het: die teraardebestelling van die eerste pous van globalisering.

Die beelde van die sipreshoutkis waarop ’n spottende wind blaaie van die Bybel blaai voor dit deur die bloedrooi kasuife van die kardinale geruis het, sal in die geheue gegrif bly. “Vandag se mense (re)produseer die transendente vandat hulle die verband moet (re)produseer,” merk Régis Debray, fyn waarnemer van die religieuse feit, op (1). Hierdie Katolieke pavane vir ’n gestorwe pous het sodoende vir ’n oomblik vastelande, kulture, religieë, politieke en nasies wat deur heelwat dinge verdeel is en sal bly, verbind.

Die fenomenale impak van die afsterwe van die eerste Slawiese pous van die geskiedenis, word nie net verklaar deur die vergrootglaseffek wat die media daaraan gegee het met ’n aandrang wat ongelowiges van streng oortuiging en sekere Christene kon irriteer nie. “Ons het ’n oordrewe pousgodery in die media meegemaak,” kla Marcel Manoël, president van die Gereformeerde Kerk van Frankryk (ERF). Hierdie beweging van kollektiewe simpatie hou ook verband met die aantreklikheid van ’n buitengewone persoonlikheid en sy personalisering van die pousdom tydens die 27 jaar van sy pousskap.

Die tragiese bestemming van hierdie Pool wat op 20 wees geword het – “alleen op die wêreld” – en daarna getuie in sy vaderland van die Nazi-barbaarsheid en die kommunistiese totalitarisme, het ’n groot indruk gelaat. Bowenal verleen dit aan Karol Wojtyla, wat op 16 Oktober 1978 op 58 in die fleur van sy lewe tot pous verkies is, ’n onbetwsbare legitimiteit om sy kerk met menseregte te versoen en om op die internasionale toneel – wat die beeld van menswaardigheid in elk geval vertroebel – klem te lê op die waardigheid van elke mens vanaf sy konsepsie tot sy dood.

Sy liggaamlike afgang nà die sluipmoordaanval op hom op die St. Petrusplein op 13 Mei 1981 gevolg deur sy lang lyding, wat vir sommige te gewilliglik blootgestel is aan die skaamtelose oog van die kamera, het baie mans en vroue geraak. Sonder dat hulle noodwendig van sy kudde was, het hulle die moed en waardigheid van die ou skaapwagter in sy stryd teen die siekte gesalueer. “Om sy broosheid te wys,” skryf Alain Vircondelet (2), een van sy biograwe, “is vir die pous ’n manier om aan almal wat genadedood of die opname van hulle bejaardes in tehuise so maklik bepleit, te sê dat bejaardheid dit moontlik maak om die geheimenis van die kruis beter te verstaan…”

Karel Wojtyla is sedert sy jeug ’n idealis verorber deur die virus van aksie. Hy het Rilke, Dostojewski en sy landgenote Adam Mickiewicz en Ciprianus Norwid gelees. In die filosofie is sy meesters Max Scheler en Edmund Husserl, maar ook Emmanuel Levinas, die Joodse filosoof van andersheid wat hy, toe hy eers pous geword het, een keer ontvang het in sy somerwoning van Castel Gandolfo. Uit sy lesing word Johannes Paulus II oortuig dat die ander nie die hel beskryf deur Sartre is nie, maar ’n kardinale noodsaak van die mens. Hy sou die pous van vergiffenis, boetedoening en versoening wees.

Op 27 Desember 1983 begeef hy hom na die Roomse gevangenis van Rebbibia en vergewe die verregse Turkse aktivis wat twee maal op hom geskiet het op 13 Mei 1981. Hy wat in die tyd toe hy Lolek genoem is sokker met sy Joodse skoolmaats gespeel het, gee die grootste tree ooit deur ’n pous: op 13 April 1986 steek hy die Tiber oor en besoek die sinagoge van Rome om so 2 000 jaar se Christelike anti-semitisme te verdoem. “Julle is ons geliefde broers en ons kan selfs in hierdie sin sê ons oudste broers,” verklaar hy teenoor die Jode. Hy herhaal dit in 2000 as hy pleit om vergiffenis vir die aanvalle op die “Volk van die Belofte” by die Groot Brandoffergedenkteken by Jad Vashem en voor die Klaagmuur in Jerusalem.

’n Jaar later rig hy hom op Islam en word hy in Damaskus die eerste opvolger van Petrus om ’n moskee te betree. Johannes Paulus II het reeds op 27 Oktober 1986 vir ’n verrassing gesorg deur die voorste religieuse leiers van die planeet by Assisi byeen te roep vir ’n “wêreldbiddag vir vrede”. In Maart 2000 trotseer hy die voorbehoude van die konserwatiewe vleuel van die kardinale en die verwensings van die tradisionalistiese navolgers van die verdelende biskop Marcel Lefebvre om plegtig vergiffenis te vra vir die sondes wat die Christene deur die geskiedenis heen gepleeg het.

“Die besluit om boete te doen is ’n sleutelelement om die impak van Johannes Paulus II se afsterwe te verstaan,” merk die essayis en voormalige lid van die Pastorale Diens van Politieke Studies (SPEP) (3), Isabelle Richebé, op. “Dit skep die geleentheid om religieus na te dink oor die euwel komende uit die misbruik van die religie: die praktyk van minagting en die gebruik van mag.” By die dagbreek van ’n eeu wat deur die terugkeer van die valke gekenmerk is, soos gedemonstreer deur die terreuraanvalle van 11 September 2001, bevestig Johannes Paulus II homself as die pous van die duiwe en van die dialoog tussen kulture.

’n Meningsleier

’n Ander bron van sy gewildheid: hy het die beeld van die pousdom vernuwe. “Met hom,” reken die aartsbiskop van Lille, Gérard Defois, “is die pous nie langer die bestuurder van ’n instelling soos die priesterlike Pius XII dit voorsien het nie; hy word ’n meningsleier.” As rondreisende pous het hy die “Vatikaan uit die Vatikaan geneem” deur sowat 300 miljoen mense op sy honderd of wat reise te ontmoet. As mediapous het die voormalige teaterakteur van Krakowië die betowering van sy taal en die nuwe kommunikasietegnieke meesterlik aangewend. As massapous het hy meer as enige ander orator van sy geslag yslike skares getrek: gedurende 1995 het hy in Manilla, die Filippyne tydens die Wêreldjeugdae meer as 4 miljoen gelowiges getrek!

“Vir my is hy veral ’n geestelike verwysing waar rondom ek ’n deel van my religieuse identiteit gebou het. Hy het my lewe net soveel beïnvloed as die onderwyser wat my liefgemaak het vir wiskunde…” (4). Só identifiseer Sarah (28), onderwyseres in fisiese wetenskappe in ’n skool in Val-d’Oise, haar met die “Johannes Paulus II-geslag”. As lid van die Franse Sendinggemeenskap, die aktiewe vleuel van die Franse Katolieke kerk in sy dialoog met die nie-Christene en die uitgeworpenes van die samelewing, kritiseer Sarah die pous se posisies oor voorbehoeding, seksuele onthouding in die aangesig van Vigs of homoseksualiteit, sonder om ’n oog te knip. Maar sy is dankbaar vir sy charisma wat tot ontmoetings en uitruilings tussen jongmense van uiteenlopende agtergronde gelei het. Sonder demagogie of ontwyking het dié Poolse studentekapelaan, ski- en kanoamateur aanvaarding verwerf as omstrede maar geldige gespreksgenoot vir ’n massa jongmense – hoewel gewis nie vir alle jongmense nie.

“Ons tydgenote sukkel om te verwys na ’n enkele gesagsentrum,” ontleed Patrick Michel (5), navorsingsdirekteur by die Franse Nasionale Wetenskapsnavorsing-sentrum (CNRS). “Die genie van Johannes Paulus II was om ’n sentrale waarheid te beklemtoon, wat herbevestig is in 1993 se pouslike sendbrief, *Splendor veritatis* [Die luister van die waarheid], terwyl hy terselfdertyd die veelvoudige werklikheid van die moderne samelewing in ag geneem het. Die veelvoudigheid van menings, ouderdomme, en maatskaplike en kulturele afkoms van die publiek wat aansluiting vind by Johannes Paulus II weerspieël ook sy heterogene, teenstrydige persoonlikheid.”

Die kritici van hierdie pouslike regering – een van die drie langstes in die geskiedenis – bly nie in gebreke om die teenstrydighede en die blinde kolle van ’n “baie talentvolle pous” wat “baie slegte besluite geneem het” – in die kernagtige samevatting van die Switserse teoloog Hans Küng (6) wat vir sy ekumeniese ywer verwerp is – te veroordeel nie. Leonardo Boff, die Brasiliaanse bevrydingsteoloog wat in 1985 deur die Vatikaan die swye opgelê is, sien in Johannes Paulus II ’n “pous van die Teenhervorming” wat ’n Katolieke kerk “getransformeer in ’n bastion van religieuse konserwatisme en politieke outoritarisme” nalaat.

Die outoritêre aard van dié pouslike regering is tegelykertyd ’n aanduiding van die natuurlike gesag van Karol Wojtyla en van die leerstellige onbuigsaamheid van sy regterhand, Josef Ratzinger, Prefek van die Gemeente vir die Geloofsleer, die voormalige Heilige Offisie, wat op 19 April Benediktus XVI geword het. Reeds in 1980 word ’n sinode van die Nederlandse kerk met ’n progressiewe reputasie na Rome ingeroep en onder hande geneem. Vyf jaar later word die biskop van Evreux brutaal van sy bisdom onthef omdat hy hom van die morele onderrig en dissipline van die Roomse leergesag distansieer het. Teoloë wat soos Eugen Drewermann krities is, of waaghalsig in die interreligieuse gesprek soos Jacques Dupuis, word op ’n swartlys geplaas of die leviete voorgelees.

Johannes Paulus II het die simboliese keuse van Latyns-Amerika, die vasteland met die meeste Katolieke, vir sy eerste reis gemaak. Dit het ook ewe veel armes! Op 28 Januarie 1979 te Puebla, Meksiko, waarsku hy die biskoppe teen die “Marxistiese” dwalings van die Bevrydingsteologie. ’n Omvattende suiwering van kerkleiers en teoloë volg. Die mees konserwatiewe strominge van die Katolisisme, met Opus Dei vooraan, maar ook die evangeliese sektes wat mense uit die wanhopige nasies in hul ellende aantrek, trek hieruit voordeel. ’n Teken van die pous se onbegrip vir “die voorkeure van die armes” onder die Suid-Amerikaanse Christene: nóg Dom Elder Camara, aartsbiskop van die *favelas* (krotbuurte - vertaler) van Recife, nóg Oscar Romero, die aartsbiskop van San Salvador wat onder die Mis deur ’n moordbende om die lewe gebring is, is deur Johannes Paulus II salig verklaar nie, ofskoon hy meer mense as enige ander pous tot heilige verklaar het!

Teologiese vordering geïgnoreer

“’n Pouslike regering is selde in so ’n mate deur die politiek bepaal,” verklaar Patrick Michel. “Sy leidmotief, ‘Moenie vrees nie!’ het dit vir hom moontlik gemaak om die barbaarse aard wat die moderniteit volgens hom voortgebring het, aan die kaak te stel.” Sy wederkerende veroordeling van die liberalisering van die seksuele sedes van sy tydgenote is simptomaties van sy wantroue in ’n samelewing wat geregeer word deur vrye keuse en die selfbepaling van die indiwidu. Sy onversetlikheid oor die heilige, onverbreekbare aard van die huwelik en sy weiering om getroude priesters in te wy of die ampte vir vroue oop te stel het die kloof wat sedert 1968 met die pouslike sendbrief *Humanae vitae* (Menselewens), wat die gebruik van die voorbehoedpil verbied het, tussen baie vroue en die kerk ontstaan het, vergroot.

Anders as die hervormingsgesinde pouse Johannes XXIII en Paulus VI wat hom voorafgegaan het, het Johannes Paulus II sy kerk feitlik gelaat soos hy dit in 1978 aangetref het. Met die uitsondering van die internasionale inslag van die kardinaalskollege en die uitvaardiging van ’n nuwe kanoniese regskode en ’n klassieke universele kategismus, wat die teologiese vordering aangevoor deur Katolieke universiteite en laboratoriums ignoreer, is die kerk nie gedesentreer of gedesentraliseer volgens die wens van kollegialiteit van die Tweede Vatikaanskonsilie van 1962 tot 1965 nie.

Tot die misnoeë van Protestante, Anglikane en Ortodokse het die pouslike mag selfs so buitensporig toegeneem dat dit die ekumeniese momentum van die Konsilie verbreek het! Ofskoon hy versoenend was wanneer hy interreligieuse dialoog bevorder het, was Johannes Paulus II dit nie meer nie wanneer hy die kerk laat stol in ’n kommerwekkende onversetlikheid met betrekking tot die gevare wat sy “nuwe evangelisasie” nie kon hokslaan nie: die durende verskynsel van sekularisasie wat nie langer sekere Katolieke bastions, soos Pole wat so kosbaar vir die pous was, spaar nie; ’n historiese krisis van die roepings in Europa en ’n diepliggende onrus onder die geestelike stand, onthul deur die skandaal van die pedofielpriesters in die Verenigde State; die meedoënlose wedywering van die Evangeliese kerke in Latyns-Amerika en van Islam in Afrika en Asië.

As sonderlinge pous in ’n veelvoudige wêreld het Johannes Paulus II voordeel getrek uit die ineenstorting van kollektiewe projekte, drome en utopieë wat by vergelyking die begeestering van sy vertoog beklemtoon het. Hy laat nietemin ’n baie teenstrydige nalatenskap aan Benedictus XVI (7). Wil laasgenoemde opnuut samehang en geloofwaardigheid gee aan die Katolieke kerk wat steeds haaks met die moderniteit lê? “Die toekomstige bestemming van die Christendom sal blyk in die wyse waarop die kerk haar van die nostalgie van die Christendom kan losmaak en haar kan oopstel vir ’n ongekende intelligensie met betrekking tot haar rol in die wêreld en die geskiedenis,” voorsien die Dominikaanse teoloog Christian Duquoc (8). Die profiel en die balansstaat van kardinaal Josef Ratzinger aan die hoof van die leerstellige instansie van die Vatikaan in die loop van 24 jaar blyk baie ver van hierdie voorstelling te wees. Kan Benediktus XVI, wat een van Johannes Paulus II se naaste medewerkers was, die Christelike oproep van sy voorganger - “Moenie vrees nie!” - nalaat sonder om homself te ontken?

---

(1) *Les communions humaines. Pour en finir avec “la religion”*, Parys: Fayard, 2005.
(2) *La Passion de Jean Paul II*, Parys: Presses de la Renaissance, 2005.
(3) *Témoignage chrétien*, Parys, 14 April 2005.
(4) Lettre d’information de la Communauté Mission de France no.275, April 2005.
(5) *L’Evêque et le sociologue*, Parys: gesamentlik uitgegee deur L’Atelier en *Témoignage chrétien*, 2004.
(6) *Le Monde*, 7 April 2005.
(7) Lees François Houtart, *Le Monde Diplomatique*, Junie 2002.
(8) *Christianisme, mèmoire pour l’avenir*, Parys: Cerf, 2000. ■

Die Sjinese aanslag op die Afrika-mark

Teenstrydighede van Suid-Suid-handel

MONDE *diplomatique*

Deur Jean-Christophe Servant, joernalis
Vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois

Dit was ’n ietwat verleë span Sjinese leiers wat begin Desember 2004 by die Angolese president José Eduardo Dos Santos besoek afgelê het. Enkele dae tevore het die Britse vereniging Global Witness in die openbaar verkondig dat die tweemiljarddollarlening wat die Sjinese staatsbank Eximbank aan Luanda toegestaan het, moontlik wanbestee sou word. Amptelik was hierdie som bestem om die Angolese infrastruktuur wat tydens die dertigjarige burgeroorlog verwoes is (elektrisiteit, spoorweë en administratiewe geboue) van nuuts af op te bou. In ruil sou Sjina 10 000 vate olie per dag ontvang.

’n Gedeelte van dié twee miljard is inderdaad wanbestee aan regeringspropaganda met die oog op die algemene verkiesing in 2006. En onder Sjinese druk is mnr. Antonio Pereira Mendes De Campos Van Dunem, ’n bekende bemiddelaar in buitelandse kringe, op 9 Desember 2004 gevra om uit sy amp as sekretaris van die ministersraad te bedank. In ’n oomblik van beroering wyk Beijing dus sodoende af van die grondbeginsel van sy lang handelstog na Afrika: om hom nie met die betrokke lande se binnelandse sake te bemoei nie. ’n Morele lessie – ongetwyfeld gerugsteun deur internasionale borge se druk op ’n land berug vir sy korrupsie – is beswaarlik iets wat ’n stokkie voor Sjina en Afrika se winsgewende sakeverhoudinge sou steek.

Dertig jaar na hy sy bande verbreek het met ’n Angola wat onafhanklikheid verkry het, maar as te na aan die Sowjet-Unie geag is, het Sjina ruimskoots sy aanvanklike fout reggestel. Die voormalige Portugese kolonie – waarvan hy voortaan 25% van die olieproduksie invoer – het sy tweede grootste handelsvennoot op die vasteland geword. Luanda beoog selfs om direkte vlugte na Beijing in te stel, en daar is sprake daarvan om die bou van ’n Sjinese buurt in die hoofstad aan te moedig om Asiatiese bestuurslui te huisves.

Teen ’n rentekoers van 1,5% oor ’n tydperk van sewentien jaar, sou die omstrede lening op die kort termyn nadelig vir Beijing kon geblyk het. Dit het egter nie Sjinese maatskappye verhoed om die grootste aandeel in die winsgewende mark van nasionale heropbou in te oes nie. Iets wat die volk tot kommer stem. “Volgens die ooreenkomsbepalings moet 30% van die lening vir plaaslike maatskappye aangewend word,” verduidelik die onafhanklike ekonoom Jose Cerqueira. “Maar dit beteken dat 70% elders heen gaan. En die heropbou-sektor is een van die enigstes waar Angolese inwoners werk kan kry.” (1)

Tye verander en in Beijing het pragmatisme die oorhand oor ideologiese retoriek gekry. Buitelandse handel en ekonomiese samewerking word trouens deur een en dieselfde minister behartig. Tot in die middel 1970’s was dit eerder ’n saak van solidariteit vestig tussen twee vastelande behorende tot dieselfde wêreld, dié van onderontwikkelde lande. Sjinese teenwoordigheid in Afrika het neergekom op die tegnikus wat sy broederland, pas verlos van sy koloniale tuig, kom bystaan en bydra tot sy opbloei. Vyftienduisend dokters en meer as tienduisend landboukundige ingenieurs is derhalwe na die Derde Wêreld, wat tot agterplaas van die Koue Oorlog omvorm is, gestuur.

Anti-imperialisties en ’n teenwig vir die Weste, het Sjina hom ingewerk in gebiede wat deur die VSA en die Sowjet-Unie oorgesien is. Sy mees ambisieuse projekte – soos die bou van die Tanzam-spoorlyn tussen Tanzanië en Zambië – asook militêre samewerkingsooreenkomste hou hy vir sy ideologiese vriende in Oos-Afrika (Ethiopië, Uganda, Tanzanië, Zambië, ens.) en die belangrikste onverbonde lande soos Egipte. Van 1955 tot 1977 verkoop Sjina 142 miljoen dollar se militêre toerusting aan Afrika. Hy stel ook sy universiteite oop: vyftienduisend studente uit Afrika het sedert onafhanklikwording daar onderrig ontvang.

In 1977 bereik die handelsverkeer tussen Sjina en die Afrikavasteland die rekordsom van 817 miljoen dollar. In die 1980’s, terwyl die Noorde en die USSR hul uit Afrika onttrek en die Weste se steun aan ontwikkeling met die helfte daal, behou Beijing sy bande. Maar nou laat Sjina die uitvoer van sy rewolusionêre gereedskapkissie links lê, en spits hom toe op die opbloei van sy buitelandse handel en beleggings. Toe die geopolitiek van na die Koue Oorlog en die onsekere verwikkelinge in die Midde-Ooste die lande van die Noorde na Afrika toe terugbring, onder meer om hul oliebronne te diversifi-seer, het dié land reeds die “fabriek van die wêreld” geword en stel hy danig belang in die vasteland se grondstowwe.

As die tweede grootste grondstofverbruiker ter wêreld, kry hy meer as 25% van sy olie-invoere uit die Golf van Guinee en die Soedanse hinterland. Die dors van ’n land wat teen 2020 verplig sal wees om 60% van sy energie in te voer, ken geen grense nie, selfs nie dié van lande soos Tsjad wat hul diplomatieke bande met Taiwan behou nie (2). Hoewel Afrika slegs 2% van Sjina se handelsverkeer in 2004 verteenwoordig, trek die vasteland in besonder voordeel uit sy “openheidsbeleid”: tydens die 1990’s het die volume handelsverkeer tussen Beijing en die vasteland met 700% toegeneem (3), en sedert die hou van die eerste Sjina-Afrikaforum (4) in Beijing in 2000 is meer as veertig ooreenkomste onderteken, wat die totale waarde van handelsverkeer in vier jaar verdubbel het (meer as 20 miljard dollar einde 2004). Teen einde 2005 behoort Sjina Afrika se derde grootste handelsvennoot (na die VSA en Frankryk, en voor die Verenigde Koninkryk) te wees. Bobaas in die oprig van projekte met die Wêreldbank, poog hy selfs om in Afrika ’n “globaliseringsparadigma tot sy voordeel” (5) daar te stel.

Die 674 Sjinese openbare maatskappye wat op die vasteland gevestig is, belê hul fondse net soveel in winsgewende sektore – van myne tot visserye, die ontginning van edele hout of telefoondienste – as in dié wat deur Westerse ondernemings as minder lonend beskou (en soms verwaarloos) word. So is die ontginning van die Zambiese kopermyne by Chambezi en oliesoektogte in ’n Gaboen waar reserwes sogenaamd aan die opdroog is, weer van stapel gestuur. In 2004 het Sjinese beleggings meer as 900 miljoen dollar verteenwoordig uit ’n totale 15 miljard dollar se direkte buitelandse beleggings in Afrika. Duisende projekte is aan die gang; 500 van hulle word uitsluitlik deur die Sjinese openbare werke-firma Road And Bridge Corporation behartig, wat daartoe bydra dat 43 Sjinese maatskappye onder die 225 grootste besighede wêreldwyd in die sektor tel. Beijing het die Ethiopiese telekommunikasiemark ingepalm, sekere aktiwiteite in die Kongolese Gécamine (mynbedryf) hervat, die Mombasa-Nairobi-roete (Kenia) opgeknap en die eerste Nigeriese satelliet gelanseer. Agt Afrikalande het amptelike status as toeristebestemming verkry, wat Sjinese burgers aanspoor om soontoe te reis.

Hierdie ekonomiese en handelsoffensief gaan gepaard met intense diplomatieke bedrywigheid. Toe hy in Maart 2003 aan die bewind gekom het, het president Hu Jintao reeds ’n opvallende besoek aan Gaboen gebring. Daarbenewens is ’n honderdtal amptelike ontmoetings onder beskerming van die ministers van handel en van buitelandse sake gereël, wat vir hulself “Afrika-departemente” toegeëien het. In talle lande waar diplomatieke betrekkinge met die Weste in ’n krisis of ’n delikate toestand is, pluk Beijing die vrugte van sy nie-inmengingsbeleid met betrekking tot binnelandse sake. Sy verhouding met Soedan – deur die Verenigde Nasies veroordeel onder meer weens die toestand in Darfur – is tekenend van ’n strategie wat hom nie deur morele kwellinge van stryk laat bring nie. Vir Sjina, aldus mev. He Wenping, adjunkdirekteur van die Departement Internasionale Betrekkinge aan die Instituut vir Afrikastudies by die Beijing-fakulteit van sosiale wetenskappe, “behoort die beskerming van persoonlike regte nie die uitoefening van nasionale soewereiniteit aan bande te lê nie. Daar bestaan geen twyfel dat Beijing se sukses in Afrika by hierdie visie gebaat het nie, hoewel dit nie al is [wat Sjina met sy] Afrika-handelsvennote gemeen het nie”.

Tien jaar nadat hy hom in die destyds onontginde olievelde van Moeglad (in Suid-Soedan) gevestig het, voer Sjina 50% van die plaaslike ru-olie in. Dertien van die vyftien grootste buitelandse firmas in Soedan – van die Sjinese Nasionale Petroleum-maatskappy (CNPC) tot die Zhongyuan Petroleum Corporation – is Sjinees. Beijing se sinisme het duidelik geblyk tydens die stemmery in September 2004 oor die Verenigde Nasies se Veiligheidsraadsresolusie 1564, wat ’n verbod op wapenverskaffing aan hierdie land ingestel het. Teen die agtergrond van slagtings in Darfoer, het die Sjinese ambassadeur by die organisasie, mnr. Wang Guangya, gedreig om sy veto te gebruik eerder as net sy stem te weerhou. En die resolusie, wat deur die VSA voorgestel is, was bowendien heelwat afgewater. Hierdie insident het ’n aanduiding gegee van hoe stewig die bande tussen Beijing en Khartoem is.

Talle Afrika-outokrate prys die gees van “wedersydse respek” en “aandag aan [kulturele] diversiteit” wat Sjinese handel en samewerking kenmerk – om die woorde van ’n ou vriend van Sjina, die Gaboenese president Omar Bongo Ondimba, aan te haal (6). Maar hierdie “safari” in die Afrika “eldorado” (7) bekommer die trans-nasionale maatskappye wat tradisioneel om die “bruikbare” vasteland ronddraai. Ook die VSA se buitelandse diens, wat amptelik op “goeie bestuur” gesteld is, begin geïrriteerd raak met Sjina se ekonomiese praktyke. Mnr. Gal Luft, ’n deskundige in energieveiligheid en uitvoerende direkteur van die Instituut vir die Ontleding van Wêreldveiligheid (IAGS) en ’n neo-konservatiewe denkreus, meen byvoorbeeld dat “die Sjinese geneig is om hul sake op ’n wyse te behartig wat Amerikaners en Europeërs begin om te verwerp: omkopery en soortgelyke onder-die-tafel-heulery. Vandaar die voordeel vir sekere Afrikalande om met Sjinese maatskappye te werk, eerder as met Westerse firmas wie se beweegruimte nouer getrek is deur veldtogte soos *Publish what you pay* met betrekking tot finansiële deursigtigheid” (8).

Hierdie “ander manier van sake doen” – om die Rwandese minister van finansies, Donald Kaberuka, se woorde te gebruik – is nog meer kommerwekkend vir nie-regeringsorganisasies wat al reeds die siniese Westerse praktyke in Afrika veroordeel het. Waar die voorwaardelike lenings van groot internasionale organisasies veroordeelbaar is omdat hulle sonder enige diskussie die begunstigde land aan die borge se voorskrifte onderwerp, sal Sjinese samewerking met sy onvoorwaardelike lenings en “sleutelklaar” projekte, “wit olifante” (doodgebore projekte) in die hand werk en weg beweeg van die minimum-vereistes van finansiële deursigtigheid.

Volgens die uittredende bestuurder van die Angolese program Care, mnr. Douglas Steinberg, “laat die toekenningsvoorwaardes vir Sjinese lenings heelwat moontlikhede aan Angola toe, in vergelyking met die vaste vereistes van ander ooreenkomste, veral dié wat met die Internasionale Monetêre Fonds aangegaan is. Dit laat in werklikheid die regeringsowerhede toe om nie deursigtigheid te beoefen nie” (9). Omgewingsbeskermingsverenigings hou op hulle beurt die handelsvooruitgang dop van die mees besoedelende nasie ter wêreld, wat boonop nie die Kyoto-protokol onderteken het nie; 60% van die 4 miljoen kubieke meter onbewerkte boomstamme wat Afrikalande uitvoer, is vir Asië bestem, en byna uitsluitlik (96%) vir Sjina.

Sjinese wapenverkope is nog ’n onderwerp wat tot kommer stem. Nadat hy die moorddadige Eritries-Ethiopiese konflik aan die einde van die 20ste eeu aan die gang gehou het (met kontrakte van oor ’n miljard dollar), word Sjina daarvan verdink dat hy Soedan aan die begin van 2000 gebruik het as afsetgebied vir sy militêre tegnologie. Boonop gaan hy voort met militêre steun aan Zimbabwe, nog ’n land wat deur die Weste veroordeel is (10). Meer in die algemeen merk ’n mens ’n indrukwekkende konsentrasie van Sjinese militêre attachés op in lidlande van die Suidelike Afrika Ontwikkelingsgemeenskap (SADC) (11). Ook hier “lyk dit of finansiële oorwegings swaarder weeg as die ideologiese en geopolitiese ambisies wat tydens die Koue Oorlog voorrang geniet het” (12).

Is die Sjinese “wen-wen”-model – ’n nuwe ekonomiese spel waar daar, volgens Beijing, in beginsel geen verloorder is nie – nie uiteindelik dalk ’n nuwe vorm van neo-kolonialisme, toegedraai in die illusie van Suid-Suid ontwikkeling nie? Sommige Afrika-waarnemers voel gekwel oor die beperkinge van die Sjinese handelsbeleid en die direkte mededinging wat sekere Asiese produkte – van tekstiel tot yster – op Afrika se ekonomiese weefsel afdwing. Suid-Afrika, wat Sjina se belangrikste handelsvennoot in Afrika is, en in 1997 sy bande met Taiwan verbreek het om nader aan Beijing te beweeg, kom gelyktydig te staan voor “’n aanloklike samewerking en ’n angswekkende bedreiging”, aldus mnr. Moeletsi Mbeki, vise-president van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede aan die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg: “In ruil vir die grondstowwe wat ons aan hulle verkoop, koop ons hulle vervaardigde produkte. En dit kan net tot ’n voorspelbare uitslag lei: ’n negatiewe handelsbalans. Beleef ons nie die herhaling van ou geskiedenis nie?” (13)

Dit bly ’n feit dat, van 24 miljoen dollar in 1992, Pretoria se handelstekort teenoor Beijing die 400 miljoen-dollar-merk verbygesteek het.

Dekodering van die vyf sleutelpunte van die Europese Grondwet

'n Storm rondom die verdrag

Nadat die Europese vraagstuk vir lank beskou is as 'n kwessie wat grootliks buite die gang van nasionale aangeleenthede staan – wat die sake van regeerders goed gepas het – neem die vraagstuk uiteindelik sy plek op in die Franse openbare debat oor 29 Mei se referendum oor die bekragtiging van die Europese Grondwetlike Verdrag (EGV). Nóg die opeenvolgende verkiesings vir die Europese Parlement in Straatsburg (die laaste het plaasgevind in Junie 2004), nóg die openbare stemming oor die Maastricht-verdrag in 1992 het soveel onstuimigheid veroorsaak. Vir die eerste keer word die verband getrek tussen die liberale beleide wat op die vlak van die Europese gemeenskap beslis word, en die liberale beleide wat in 'n gegewe land toegepas word. Hierdie bewuswording ontketen in Frankryk groot wanorde onder die voorstanders van die "ja van die linkses" vir die EGV, wat tevergeefs poog om die huidige model van Europese konstruksie vry te spreek van die verwoestende effekte van die "hervormings" en ander beleide toegepas deur die regering van die Franse premier, mnr. Jean-Pierre Raffarin. Die burgers begin verstaan dat dit oor een en dieselfde saak gaan. Per slot van rekening word nie net die liberale vraag met die EGV gevra nie – "wil ons 'n samelewing hê waarin mededinging die hoogste norm is?" – maar ook die demokratiese vraag: is dit aanvaarbaar dat die "konstitusionalisering" van die liberalisme vir dekades lank die keuses van die algemene kieserspubliek verpand?

Deur Bernard Cassen
Vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Barrois

Openbare dienste word aan mededinging onderwerp

'n Enkele keer gebruik in die EGV (en dan ook net om te praat van "verpligte diensverrigting" by vervoerdienste), maak "openbare dienste" nie deel uit van die Europese Unie se woordeskat nie. Die term word vervang met "dienste van algemene ekonomiese belang" (DAEB) – wat trouens nêrens omskryf word nie. En die EGV word geredelik deur sy kampvegters voorgehou as die ridder van sodanige DAEB wat dan bedreig sou word deur die Europese Kommissie se "ultra-liberalisme", wat sopas deur mnr. Jacques Chirac ontdek en die stryd aangesê is... Artikel III-122 doen inderdaad 'n beroep op die Unie en sy ledestate om te verseker dat "hierdie dienste funksioneer op die basis van beginsels en onder voorwaardes, ekonomies en finansieel, wat hulle in staat stel om hul taak te verrig". Dieselfde artikel bepaal dat "hierdie beginsels en voorwaardes deur Europese wet vasgestel word, sonder inkorting van die ledestate se bevoegdheid om, met inagneming van die Grondwet, sodanige dienste te verskaf, te laat verrig en te finansier". Kampvegters vir openbare dienslewering kan dus gerusgestel voel... of nie?

In die eerste instansie merk 'n mens dat DAEB nie figureer onder die (talryke) "doelwitte" uitgestippel in die eerste deel van die EGV nie. En natuurlik nog minder onder sy "waardes", hoewel die Amsterdamse verdrag van 1997 hulle as sodanig bestempel het. Die EGV maak hoogheiliglik melding van dienste waaraan alle lande, binne die Unie, "waarde heg". 'n Institusionele regressie en 'n semantiese verskuiwing wat tot nadenke stem...

Dit sou onjuis wees om te beweer dat die EGV *uiteindelik* dit moontlik maak om wette aangaande DAEB neer te lê. Dié weg is reeds gebaan deur die vorige twee verdrae, in Amsterdam en in Nice (2000). Op watter ander regtelike grondslag is die Kommissie se groen- en witskrifte vir dienste van openbare belang (DOB) dan opgestel, en op grond waarvan sou die Europese Raad hom in Maart 2002 gevra het om 'n raamwet vir DAEB op te trek?

Sou die Kommissie hierdie kwessie op grond van die EGV wou takel, sou hy hom kon beroep op sy gunstelingwapen, mededinging. Dit is waarop artikels III-166 en III-167 neerkom, waarna die bogenoemde artikel 122 uitdruklik verwys. Eersgenoemde stipuleer in sy paragraaf 2 dat "maatskappye belas met die bestuur van dienste van algemene ekonomiese belang of wat die kenmerke van 'n fiskale monopolie toon, onderhewig is aan die Grondwet se bepalings, onder meer aan mededingingsreëls". Die tweede, in sy eerste paragraaf, verbied enige "steun toegestaan deur ledestate of deur middel van staatsfondse in welke vorm ook al, wat mededinging skaad of sou kon skaad". DAEB word dus aan bande gelê deur reëls wat teenstrydig is met hul doel. Hul eindlot word beskryf in artikel III-148: "Ledestate onderneem om by die liberalisering van diensverrigting verder te gaan as waartoe hulle verplig is".

Me. Neelie Kroes, Europese kommissaris vir mededinging, som in *Le Figaro* (20 September 2004) die meerderheidsfilosofie van die Brusselse uitvoerende owerheid duidelik op. Laasgenoemde, moet 'n mens onthou, het alleenreg op die voorlegging van Europese wette: "Openbare dienste is nie 'n doelwit op sigself nie, maar eerder 'n middel om die ekonomie te bevorder."

Nuwe regte?

Deel II van die EGV bestaan uit die Handves van Fundamentele Regte opgestel tydens die Europese Raadsitting in Nice in Desember 2000. Die inhoud van dié teks (en natuurlik sy titel) is een van die hoofargumente wat kampvegters vir 'n "linkse ja-stem" inspan. Maar sê dit werklik wat mense wil beweer?

Aan die een kant maak die Handves nie voorsiening vir fundamentele regte aanwesig in die onderskeie lande se wette (soos die Franse Grondwet) of selfs in Europese wette nie, byvoorbeeld die Europese Raad se Europese Maatskaplike Handves van 18 Oktober 1961 en die Gemeenskapshandves vir Werkers se Fundamentele Maatskaplike Regte van 9 Desember 1989, wat nietemin in sy aanhef gemeld word. Om nie te praat van die Universele Verklaring van Menseregte van 10 Desember 1948 nie.

Aan die ander kant word sy afdwingbare karakter – waar dit bestaan – streng afgebaken.

Die volgende word nie in die Handves erken nie: die reg op 'n werk, vervang met "die reg om te werk" (II-75-1) en "die vryheid om werk te soek" (II-75-2); die reg op huisvesting, vervang met "die reg op bystand vir huisvesting" (II-94-3); die reg op 'n minimum inkomste; die reg op salarisgelykheid (gelyke salaris vir gelyke werk); die reg op 'n aftredepensioen; die reg op egskeiding, hoewel "die reg om te trou en 'n gesin te stig" erken word (II-69); die reg op voorbehoeding en aborsie, ens. Daarenteen maak 'n reg wat tot nog toe onbekend is in onder meer die Franse wetgewing, sy verskyning: die reg op staking... vir werkgewers (II-8)!

Wat word in werklikheid gedek deur die regte wat nog oorbly in die teks? Verklaring no.12, aangeheg tot die EGV, word in sy geheel gewy aan die Handves; dit is, soos die 47 ander Verklarings, van verklarende waarde en verskaf die "gebruiksaanwysings" vir die een en ander van sy bepalings. Artikel 36, wat artikel II-96 van die EGV met betrekking tot toegang tot DAEV verklaar, ruim enige onsekerheid hieroor uit die weg: "Hierdie artikel [II-96] skep geen nuwe regte nie". Na dié klousule, aangebring deur mnr. Tony Blair, word nooit deur die "ja"-kampvegters verwys nie...

Paragraaf 5 van artikel II-112 in die EGV stipuleer bowendien dat Handvesbepalings wat beginsels bevat, "in werking gestel kan word deur wetgewende en uitvoerende handelinge van die Unie se instellings, organe en instansies, en deur handelinge van die lidstate wanneer hulle die Unie se wetgewing in werking stel, in die

Vervolg op bladsy 20...

In September 2004 het een van die grootste lidorganisasies van die vakbondfederasie Cosatu gedreig om verkopers van Sjinese produkte te boikot, aangesien hulle dan sou bydra tot die stygende werkloosheid. Dieselfde onthutsing heers in die avenue Charles-de-Gaulle in Dakar, waar Sjinese produkte teen lae pryse – van skoene tot medisyne – sypaadjies en stalletjies oorneem, terwyl tekstielwerkwinkels in Lesotho bedreig word deur die einde van die MultiFibre ooreenkoms in Januarie 2005 (14).

In antwoord op hierdie beskuldigings oorlaai die Sjinese handelsvennoot die vasteland met beloftes, geskenke, historiese verwysings in die gees van Bandoeng (15) en simboliese maatreëls. Sedert 2000 is bilaterale skuld ter waarde van tien miljard dollar afgeskryf. Tienduisend Afrikane ontvang onderrig in Beijing, binne die raamwerk van die Ontwikkelingsfonds vir Menslike Hulpbronne in Afrika wat deur die Sjinese regering opgerig is (16). Toenemend betrokke in vredeshand-hawingoperasies, van Liberië tot die Demokratiese Republiek van die Kongo, stuur Beijing in 2004 meer as 1 500 VN-veiligheidstroepe na die vasteland. Terwyl hy erken dat die finale besluit by die Afrika-Unie berus, steun dié land openlik die drie Afrika-kandidate (Nigerië, Suid-Afrika en Egipte) – maar nie-amptelik veral Nigerië – vir 'n permanente setel in die VN se Veiligheidsraad.

'n Nuwe reuse handelsprong vooruit is te wagte teen 2006, wanneer die Nuwe Asië-Afrika Strategiese Vennootskap van stapel gestuur word (17). Dit raak die privaatsektor, en sal ten eerste vir Beijing bevoordeel. Tydens sy reis na Gaboen in 2004 het president Hu Jintao ook "ekonomiese samewerking" beloof "wat veral op infrastruktuur, landbou en die ontwikkeling van menslike hulpbronne gerig sal wees". 'n Vrome voorneme? Een ding bly seker: Beijing "sal voortaan optree soos enige ander moondheid wat gesteld is op die inagneming van sy belange. Hy sal sy samewerking rig op lande met sterk potensiaal, hetsy in terme van grondstowwe, koopkrag of diplomatieke invloed" (18).

Tot waar toe en hoe sal die vasteland se gebruiklike vennote hierdie teenwoordigheid aanvaar? "Dit is te verwagte en natuurlik dat Sjina se groeiende belegging in Afrika sal lei tot 'n belangekonflik met voormalige koloniale magte," verduidelik mev. He Wenping. "Maar ek glo nie ons moet ons te veel daaroor kwel nie. Om Afrikane te help om hul lewenstoestande te verbeter en te baat by globalisering, is 'n doelwit wat deur volke en lande wêreldwyd gedeel word. En die Sjinese bevolking en regering wil baie graag hiertoe bydra. Ondervinding wys egter dat dit 'n lang en moeilike pad sal wees."

In 2005, volgens die Internasionale Monetêre Fonds, behoort Afrika sy beste groeikoers in 30 jaar te toon: 5,8%. Dit sal deels te danke wees aan Sjinese belegging. Waar hy gister die agterplaas van die Koue Oorlog was, sal die vasteland môre dalk op die voorfront van 'n verskerpte handelsoorlog staan?

---

(1) Verenigde Nasies Kantoor vir die Koördinering van Humanitêre Aksie, New York, 14 Januarie 2004, http://ochaonline.un.org
(2) Sjina het diplomatieke betrekkinge 47 van die 53 lande van Afrika.
(3) http://www.chinafrique.com/tu-2003-12/12-fm1.htm
(4) Die tweede Sjina-Afrika forum wat in November 2003 in Addis-Abeba plaasgevind het, het 'n plan vir samewerking tussen Afrika en Sjina wat tot in 2006 strek, aanvaar.
(5) Lees Drew Thomson, "Economic growth and soft power: China's Africa strategy", *China Brief*, Universiteit van Pensilvanië, 7 Desember 2004 (http://www.jamestown.org)
(6) Met nege amptelike besoeke aan Sjina is die Gaboenese president die staatshoof wat saam met sy Kongolese eweknie, president Denis Sassou Nguesso, die meeste kere na Beijing genooi is.
(7) Lees Howard French, "A resource-hungry China Speeds Trade with Africa", *The New York Times*, 9 Augustus 2004.
(8) Lees die verslag "Bottom of the barrel: Africa's oil boom and the poor" by www.catholicrelief.org
(9) "Oil-backed loan will finance recovery projects", Integrated Regional Information Networks, 21 Februarie 2005, www.irinnews.org
(10) Zimbabwe is weens sy verkiesingsbedrog en politieke geweld die teiken van ekonomiese sanksies deur die Statebond en die Europese Unie. Lees Colette Braeckman, "Bataille pour la terre au Zimbabwe", *Le Monde Diplomatique*, Mei 2002.
(11) Angola, Botswana, Lesotho, Malawi, Seychelles, Suid-Afrika, Swaziland, Zambië, Zimbabwe.
(12) Lees Logan Wright, "Seizing an opportunity", *The Armed Forces Journal*, Washington, Oktober 2001.
(13) Lees Paul Mooney, "China's African safari", YaleGlobal, 3 Januarie 2005, http://yaleglobal.yale.edu/
(14) Onderteken deur 47 lande in 1974 maak die MultiFibre-ooreenkoms dit vir ontwikkelende lande moontlik om 'n kwota van hul tekstielproduksie uit te voer na die Verenigde State en Europa en beperk dit hul invoere.
(15) Lees Jean Lacouture, "Bandung ou la fin de l'ère coloniale", *Le Monde Diplomatique*, Maart 2005.
(16) Die Fonds vir die Menselike Hulpbronontwikkeling van Afrika is gestig na die eerste Sjina-Afrika forum van Beijing in 2000, www.chinafrique.com/tu-2003-12/12-fm1.htm
(17) Ingegee deur die Asië-Afrika spitsberaad wat die vyftigste herdenking van die Bandoeng-Konferensie vier, is die Nuwe Vennootskap geskoei op uitruiling en samewerking op 'n hele reeks terreine – polities, ekonomies en kultureel.
(18) Lees Marc Aicardi de Saint-Paul, "La China et l'Afrique, entre engagement et intérêt", *Géopolitique africaine* no.14, Parys, printemps 2004. ■

Sleutelpunte van die Europese Grondwet

Vervolg vanaf bladsy 19...

uitvoer van hul onderskeie bevoegdhede. Regterlike bevoegdheid ten aansien van die bepalings bly beperk tot die uitlegging van die genoemde handelinge en die toetsing van die wettigheid daarvan". Anders gestel, geen skending van die regte, hoe beperk ook al, bevat in die Grondwet, kan lei tot 'n regsaksie voor die Europese Geregshof nie!

Boonop word regte – al word hulle deur die Handves as "fundamenteel" bestempel – "wat die onderwerp is van bepalings in ander dele van die Grondwet, uitgeoefen volgens die voorwaardes en beperkings wat daar uiteengesit word" (II-112-2). Onder sulke "voorwaardes en beperkinge" tel die vier vryhede – ook as "fundamenteel" beskryf: vrye sirkulasie van kapitaal, handelsware, dienste en teruggeroepte persone. Die melding van finansiële vryheid en vryehandel is veelseggend in die aanhef self van 'n Handves waarvan die 6 afdelings onderskeidelik getiteld is "Waardigheid", "Vryhede', "Gelykheid", "Solidariteit", "Burgerskap" en "Regspleging".

'n Volgehoue demokratiese tekort

Kampvegters vir 'n "ja"-stem beroep hul op die demokratiese vooruitgang waarvan die bepalings in die derde deel dan sou getuig. Hulle verwys na die nuwe berekeningsmetodes vir 'n gekwalifiseerde meerderheid (55% van die aantal state verteenwoordig ten minste 65% van die EU se bevolking) wat inderdaad – effens – makliker is as dié in die bepalings van die Nice-verdrag wat tans van toepassing is. Hulle wys ook op twee nuutskeppings: die pos van president van die Europese Raad wat vir twee en 'n half jaar verkies word, en wat veronderstel is om vir die buitewêreld 'n "gesig" aan die Unie te gee, asook dié van 'n minister van buitelandse sake.

Buiten dat die onderskeid (of verwarring?) tussen dié twee figure se verantwoordelikhede, en tussen hulle en die president van die Kommissie, die kiem vir hewige struwelinge dra, is dit onduidelik hoe die bestaan van 'n verteenwoordigende pos wonderbaarlik konsensus oor 'n algemene beleid vir die Vyf-en-Twintig teweeg sal bring. Wat sou 'n EU minister van buitelandse sake inderdaad kon sê by die Anglo-Amerikaanse inval van Irak, as 'n mens kyk na die teenstrydige posisies wat gehandhaaf is?

Vyf ander voorbeelde van demokratiese "vordering" in die verdrag word gereeld uitgelig:

- die reg op "vroegtydige waarskuwing": 'n derde van die lande se parlemente (oftewel 9 uit die 25) kan, ingevolge die beginsel van ondergeskiktheid, die Kommissie dwing om 'n voorstel wat reeds aan die Raad of aan die Raad en die Parlement gemaak is, te heroorweeg, (protokol no.1 aangeheg aan die EGV). Wat minder beklemtoon word, is dat die Kommissie, 'n onverkose liggaam, die laaste woord het: hy kan sy voorstel handhaaf, wysig of terugtrek. Nasionale parlemente, selfs al kry hulle dit reg om 'n koalisie te vorm, se posisie bly uiters ondergeskik;
- die reg op inisiatief: een miljoen Europese burgers kan die Kommissie vra om 'n voorstel vir 'n regshandeling voor te lê (artikel I-47). Weer eens, ondanks sy simboliese waarde, is dié "reg" uiters beperk: eerstens moet die voorstel binne die Grondwet se raamwerk val, wat ons terugbring by laasgenoemde se liberale inhoud; tweedens is die Kommissie, indien hy daarop ag slaan, geensins verplig om aan die inhoud van die versoek gehoor te gee nie. Hy is steeds die diskresionêre filter tussen petissionarisse en die liggame wat direk of indirek deur algemene stemreg daargestel is, by name die Parlement en die Raad;
- die toename (van 29 tot 35, na gelang van die wyse waarop getel word) in die aantal gebiede onderworpe aan die Parlement en die Raad se gemeenskaplike besluitname, waar die Raad alleenbesluitreg behou op 21 gebiede, waaronder die belangrikstes, fiskaliteit en die essensie van maatskaplike beleid;
- die openbaarmaking van die Raad se sittings (artikel I-24) wanneer daar oor 'n wetgewende voorstel beraadslaag word. Hierdie bepaling is egter gedoem om meestal 'n formaliteit te bly, aangesien die meeste besluite opgetrek of selfs nie-amptelik beklink word voordat die Raad sit, deur die state se permanente verteenwoordigerskomitee, wat nié openbare sittings hou nie;
- die nuwe moontlikheid vir 'n Staat om hom aan die EU te onttrek (artikel I-60).

Saamgevoeg, kan 'n mens werklik sê dat hierdie punte die "demokratiese tekort" in die EU se werkswyse goedmaak? Veral wat betref die grondwetlike verskansing van die ultra-liberale ekonomiese model wat blyk uit die meeste van die 332 artikels in die derde deel van 'n EGV wat in totaal uit 448 bestaan.

'n Ideologies neutrale verdrag? Werklik?

Die EGV sou dan ideologies "neutraal" wees, aldus kampvegters vir 'n "ja"-stem, hetsy links- of regsgesind.

Eersgenoemdes haal geredelik uittreksels aan uit dele I en II van die verdrag, waar dit van sekere linkse sleutelbegrippe wemel: menslike waardigheid, vryheid, demokrasie, regstaat, verdraagsaamheid, regverdigheid, solidariteit, geslagsgelykheid, volhoubare ontwikkeling, bevegting van maatskaplike uitsluiting, hoë werksyfer, ens. Hierdie breë beginsels, wat sekerlik te verwelkom is, het egter geen afdwingbare karakter nie. Op hul beste sou hulle as 'n uitleggingshulpmiddel vir die EU se geregshof kon dien wanneer daar oor 'n dispuut beslis moet word. En selfs dan word daar in beide hierdie dele herhaaldelik aangedring op die hoër norme van "vrye, ongeknelde mededinging" en die vier "fundamentele" vryhede van die sirkulasie van goedere, dienste, kapitaal en persone. Genoeg doeltreffende skietgoed teen die ander beginsels, wat in net so 'n mate as objektiewe waardes gesien kan word.

Kampvegters vir 'n liberale "ja"-stem steun op die konkrete, die bepalende, die verantwoordbare – in hoofsaak die derde deel van die EGV. Geen spreuke word hier geprewel nie: slegs skerpomlynde beleidsrigtings, wat reeds toegepas word – sommiges verskyn in die Rome-verdrag van 1957 – en wat nie onder uitsonderings gebuk gaan nie. Die lys is lank: die liberalisering van dienste "bo en behalwe wat noodsaaklik is", die verbod op staatshulp en op enige inperking van die vrye verkeer van kapitaal en begrotingstekort, onbelemmerde vryhandel, onafhanklikheid van die Sentrale Bank, die afwys van enige maatskaplike of belangstingsharmonisering, ens. En, op knaende trant, verwysings na die voorrang van mededinging en die alewige vier "fundamentele" vryhede.

Grootliks lyk dit of die "linkse ja-stem" tevrede is met die vaagheid en beloftes van die EGV se dele I en II, terwyl die "regse ja-stem" die trefwydte van deel III sy eie maak en grondwetlik heilig... Dis inderdaad 'n ongekende rangorde van waardes in hierdie teks wat mededinging, ekonomie en finansies verhef tot gebooie, terwyl die Franse Grondwet in sy eerste artikel bepaal dat die Republiek "onverdeelbaar, sekulêr, demokraties en maatskaplik" is.

Tot so 'n mate dat 'n mens jou kan afvra, indien die EGV bekragtig word, hoeveel speelruimte aan 'n nuutverkose regering gelaat sal word, byvoorbeeld in 2007 in Frankryk, indien hulle 'n skeuringsbeleid – selfs net gedeeltelik – wil instel met die voortaan "grondwetlik gemaakte" liberale modelle op Europese skaal. Sal algemene stemreg nie in dieselfde situasie te staan kom as die "beperkte soewereiniteit" wat die lot was van die "volksdemokrasieë" teenoor die Sowjet-Unie voordat dit in duie gestort het nie?

Gemeenskaplike verdediging: nie sonder Washington se goedkeuring nie

Reg in die eerste van sy vier dele reeds, maak die EGV enige moontlike algemene veiligheids- en verdedigingsbeleid vir die EU onderhewig aan die VSA se goedkeuring, by wyse van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (Navo), wetteregtelik onder beheer van 'n Amerikaanse generaal wat sy bevele uit Washington ontvang: die "Unie se beleid" moet "versoenbaar" wees met die veiligheids- en verdedigingsbeleid wat binne die Navo-raamwerk bepaal word (I-41-2).

Boonop bly ooreenkomste en "gestruktureerde samewerking" (die PDSC weergawe van "gewapende samewerking") "in ooreenstemming met ooreenkomste onderteken binne die raamwerk van Navo, wat vir sy lidstate die grondslag en instrument van hul gesamentlike verdediging bly" (I-41-7). Navo is egter nie 'n Europese organisasie nie. Twee van sy lede (Kanada en die VSA) behoort aan 'n ander vasteland. Drie ander (Ysland, Noorweë en Turkye) is ook nie lede van die EU nie. Daarbenewens is Oostenryk, Siprus, Finland, Ierland, Malta en Swede wel lede van die EU, maar nie van Navo nie. Nogtans moet enige verdedigings- en veiligheidsbeleid wat gesamentlik die Vyf-en-Twintig raak, versoenbaar moet wees met Navo-ooreenkomste wat slegs deur negentien van hulle onderteken is.

Alle lande van die Unie word ook geraak deur artikel I-41, paragraaf 3, wat bepaal dat "lidstate onderneem om hul militêre vermoëns geleidelik te verbeter", met ander woorde gereeld hul verdedigingsbegroting op te skuif. Dit is inderdaad die enigste gebied waar die EGV aan die lede van die EU voorskryf om toenemend meer openbare geld te bestee. Geen sodanige opdragte word byvoorbeeld gemaak met betrekking tot besteding vir onderwys en gesondheid nie... ■

In vandeesmaand se LE MONDE *diplomatique*

8 Mei 1945: Lesse uit die geskiedenis – die versteekte gelate van die Tweede Wêreldoorlog – Ignacio Ramonet bl. 11

Die wraak van die globale finansiewese: Star Wars III – Slavoj Zizek bl. 12

Verbeeldingrykheid en vindingrykheid van die Irakse opposisie: Mediaselfportrette van die gewapende versetbewegings – David Baran en Mathieu Guidère bl. 13

Van die dokumentêr tot "die bioskoop van die mense": Veranderinge in die rolprentkuns – Denis Duclos en Valerie Jacq bl. 14

Rehabilitasie van die kolonialisme? – Seumas Milne bl. 15

Waarom die skares rondom Johannes Paulus II? Onversetlikheid, konserwatisme en mediatisering – Michel Cool bl. 16

Die Sjinese aanslag op die Afrika-mark: Teenstrydighede van Suid-Suid-handel – Jean-Christophe Servant bl. 18

Dekodering van die vyf sleutelpunte van die Europese Grondwet: 'n Storm rondom die verdrag. – Bernard Cassen bl. 19

DIE VRYE AFRIKAAN **('n Projek van die FAK) - INTEKENING**

POSBUS 73169
LYNNWOODRIF
0040

www.vryeafrikaan.co.za
admin@vryeafrikaan.co.za

TEL: (012) 326 8646
FAKS: (012) 326 9171

PAPIER WEERGAWE
Teken my asseblief in op *Die Vrye Afrikaan* teen die bedrag van R360 per jaar (plaaslik), R510 per jaar (Suidelike Afrika) of R580 per jaar (res van die wereld)

1. Jaarlikse betaling R_____ vanaf _____20_____

☐ Debietorder* ☐ Tjek ☐ Direkte inbetaling

2. Maandelikse debietorderbetaling van R30-00* ☐

(Merk met 'n X waar van toepassing)
* Debietorderopdrag sal op aanvraag verskaf word

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Van, voorletters en titel _____

_____

Posadres_____

_____ Poskode_____

Tel _____ Faks _____

E-pos _____

Sel _____ Datum _____

BANKBESONDERHEDE VIR DIREKTE INBETALING:

SPAARREKENING ABSA Lynnwoodrif
Rekeningnaam: VRYEAFRIKAAN
Rekeningnommer: 9134832732
Takkode: 632 005

BUITELANDSE INTEKENAARS: Swift code: ABSAZAJJ
Takkode 632005. (Enige buitelandse geldeenheid kan gebruik word).